

C. Chaplin

Studiegids

# Via Afrika Ekonomie

## Graad 10



*Our Teachers. Our Future.*

# Inhoud

Inleiding tot Ekonomie .....	V
<b>Onderwerp 1 Wat is ekonomie?</b> .....	<b>1</b>
OORSIG .....	1
Eenheid 1 Basiese begrippe .....	2
Eenheid 2 Die metodes van Ekonomie .....	4
Eenheid 3 Die plek van Ekonomie in die veld .....	6
Vrae .....	7
<b>Onderwerp 2 Die basiese ekonomiese probleem</b> .....	<b>9</b>
OORSIG .....	9
Eenheid 1 Die probleem van skaarsheid .....	10
Eenheid 2 Produksie, ruilhandel en verbruik .....	12
Eenheid 3 Volhoubare ontwikkeling en menseregte .....	15
Vrae .....	16
<b>Onderwerp 3 Die ekonomiese kringloop en kwantitatiewe elemente</b> .....	<b>18</b>
OORSIG .....	18
Eenheid 1 Die deelnemers aan die ekonomie .....	19
Eenheid 2 Markte .....	22
Eenheid 3 Samestelling van BBP .....	24
Eenheid 4 Samestelling van bruto nasionale inkomste .....	26
Eenheid 5 Vergelyking van BBP en BNI .....	27
Vrae .....	28
<b>Onderwerp 4 Sakesiklusse</b> .....	<b>30</b>
OORSIG .....	30
Eenheid 1 Die verskynsel van sakesiklusse .....	31
Eenheid 2 Maniere om sakesiklusse voor te stel .....	33
Eenheid 3 Redes vir sakesiklusse .....	38
Eenheid 4 Gevolge van sakesiklusse .....	41
Eenheid 5 Gevolge vir mense wat ekonomies kwesbaar is .....	42
Vrae .....	44
<b>Onderwerp 5 Die dinamika van markte</b> .....	<b>46</b>
OORSIG .....	46
Eenheid 1 Die mark as 'n verskynsel .....	47
Eenheid 2 Soorte markte .....	49
Eenheid 3 Hoekom pryse belangrik in 'n markeconomie is? .....	51
Eenheid 4 Vraag, aanbod en prys .....	52

# Inhoud

Eenheid 5	Aanbod en prys.....	54
Eenheid 6	Prysvorming.....	56
Eenheid 7	Funksies van markte.....	58
Vrae.....		60
<b>Onderwerp 6</b>	<b>Die produksiemoontliheidskromme.....</b>	<b>62</b>
OORSIG.....		62
Eenheid 1	Toewysing van hulpbronne.....	63
Eenheid 2	Maksimalisering van bevrediging – indifferensiekrommes.....	66
Eenheid 3	Markmislukkings - ondoeltreffendhede.....	67
Vrae.....		69
<b>Onderwerp 7</b>	<b>Die openbare sektor.....</b>	<b>72</b>
OORSIG.....		72
Eenheid 1	Redes vir ingryping deur openbare sektor.....	73
Eenheid 2	Soorte ingryping.....	74
Vrae.....		79
<b>Onderwerp 8</b>	<b>Groei, ontwikkeling en globalisering.....</b>	<b>81</b>
OORSIG.....		81
Eenheid 1	Die ontstaan van handel.....	82
Eenheid 2	Evolusie van markte.....	83
Eenheid 3	Regerings en die regulering van markte.....	85
Eenheid 4	Nywerheidsontwikkeling.....	86
Eenheid 5	Ekonomiese instellings.....	87
Vrae.....		88
<b>Onderwerp 9</b>	<b>Suid-Afrikaanse ekonomiese groei en ontwikkeling.....</b>	<b>90</b>
OORSIG.....		90
Eenheid 1	Veeteelt en landbou.....	91
Eenheid 2	Landbou en mynbou.....	93
Eenheid 3	Mynbou en nywerheid: 1910 tot 1990's.....	95
Eenheid 4	Vervaardiging en dienste sedert 1990.....	98
Vrae.....		101
<b>Onderwerp 10</b>	<b>Die geskiedenis van geld en die bankwese in Suid-Afrika.....</b>	<b>102</b>
OORSIG.....		102
Eenheid 1	Die geskiedenis van geld.....	103
Eenheid 2	Die geskiedenis van die bankwese in Suid-Afrika.....	105

# Inhoud

Eenheid 3	Die Suid-Afrikaanse Reserwebank.....	107
Eenheid 4	Onlangse tendense in bankwese.....	108
Vrae	.....	109
<b>Onderwerp 11</b>	<b>Bevolkings- en arbeidsmagtendense .....</b>	<b>111</b>
OORSIG	.....	111
Eenheid 1	Die bevolking van Suid-Afrika.....	112
Eenheid 2	Die Suid-Afrikaanse arbeidsmark .....	115
Vrae	.....	117
<b>Onderwerp 12</b>	<b>Werkloosheid .....</b>	<b>118</b>
OORSIG	.....	118
Eenheid 1	Die aard van werkloosheid .....	119
Eenheid 2	Benaderings tot die oplossing van die werkloosheidsprobleem .....	124
Eenheid 3	Ekonomies gemarginaliseerde groepe .....	126
Vrae	.....	128
<b>Onderwerp 13</b>	<b>Arbeidsverhoudings .....</b>	<b>129</b>
OORSIG	.....	129
Eenheid 1	Die arbeidsmark in Suid-Afrika .....	130
Eenheid 2	Die oogmerke van die Wet op Arbeidsverhoudinge (66/1995) .....	135
Eenheid 3	Arbeidsregte en konvensies.....	137
Eenheid 4	Kollektiewe bedinging en die proses vir dispuutresolusie .....	139
Eenheid 5	Arbeidshowe .....	141
Vrae	.....	143
<b>Onderwerp 14</b>	<b>Ekonomiese regstelling .....</b>	<b>144</b>
OORSIG	.....	144
Eenheid 1	Bevrediging van basiese behoeftes .....	145
Eenheid 2	Menslike hulpbronne .....	146
Eenheid 3	Natuurlike hulpbronne .....	148
Eenheid 4	Kapitaal .....	150
Eenheid 5	Entrepreneurskap .....	152
Eenheid 6	Demokratiesing van ekonomiese prosedures.....	154
Eenheid 7	Makro-ekonomiese aanpassings.....	156
Vrae	.....	159
Finale Eksamen	.....	161
Antwoorde	.....	170
Woordelys	.....	182

# Inleiding tot Ekonomie

## Hoekom is Ekonomie belangrik?

---

Ekonomie is 'n opwindende en interessante vak om te bestudeer omdat dit elke deel van 'n mens se lewe raak. Daar is niks wat jy doen wat nie met ekonomie verband hou nie. Ons neem almal elke dag van ons lewens ekonomiese besluite, en Ekonomie kan help om ons besluitneming te verbeter. Ekonomie bied 'n denkwyse oor die wêreld wat ons in staat stel om dit wat ons het, die beste te gebruik.

In jou Ekonomie-studie vanjaar gaan jy te make kry met groot uitdagings in Suid-Afrika, soos werkloosheid en armoede. Jy gaan insig kry in die planne en beleide wat ons regering maak om sodanige kwessies aan te pak.

Ekonomie bied nie net vir jou die nodige kennis en insig om die uitwerking van ontwikkelings in die sakewêreld, samelewing en die wêreld ekonomie te verstaan nie, maar dit help jou ook om die besluite van huishoudings, maatskappye en regerings te verstaan. Die ekonomie behels keuses, skaarsheid, geleenthede, en die uitwerking van besluitneming op aspekte van die samelewing.

Ekonomie is gemoeid met die verstaan van hoe die samelewing aandag gee aan mense se aanvraag na dinge wat hulle wil verbruik. Dit vergelyk ook alternatiewe maniere om die beperkte hulpbronne wat lande en individue besit, te gebruik, en oorweeg hoe doeltreffend en/of billik sulke alternatiewe is. Dit sal vir jou interessant wees om te vergelyk hoe verskillende lande die probleem van beperkte hulpbronne oplos.

Ekonomie is ook aan 'n verskeidenheid ander vakke verwant. Dit is nou verwant aan Geskiedenis omdat, ten einde goed te verstaan hoe die ekonomie funksioneer, dit ook help om ekonomiese probleme in hul historiese konteks te kan sien en hoe ekonomiese idees met verloop van tyd ontwikkel het. Ander vakke wat nou verwant is aan Ekonomie, sluit Bedryfstudie, Menslike Geografie en Sielkunde in. Ten einde ekonomiese probleme te kan ontleed, gaan jy 'n aantal tegnieke gebruik. Sommige van hierdie tegnieke is wiskundige en/of statistiese tegnieke.

Begin vroeg studeer vir jou eksamen! Hierdie studiegids is saamgestel om jou te help met jou finale hersiening voor die eksamen. Dit sal jou deur die handboek waarmee jy werk lei en ook vir jou oefeningvoorbeelde, vraestelle en antwoorde gee. Dit vervang nie jou handboek nie. Die studiegids bied vir jou:


- voorbeelde van eksamenvrae en antwoorde
- 'n oorsig van elke module

- hersiening van die belangrikste begrippe in die module
- oefening gebruik die eksamenvrae om 'n idee te kry van die manier waarop die vrae gevra kan word.

Ekonomie is 'n dinamiese en waardevolle studieveld omdat dit te make het met belangrike en interessante onderwerpe soos kapitalisme teenoor sosialisme, bestuur van inflasie en werkloosheid, ekonomiese ontwikkeling van arm lande, besoedeling en baie spesifieke regeringsbeleide, soos deregulering van elektrisiteit, die minimumloon, ondersteuning van landbouprijs, en huurbeheer. Geniet jou studie!

## Wat is ekonomie?

### Oorsig



Onderwerp 1 behandel die basiese begrippe of idees wat 'n mens in die studie van Ekonomie sal teenkom. Dit is belangrik dat jy bekend is met hierdie begrippe omdat dit baie in jou studie gebruik sal word. Jy moet ook verstaan hoe Ekonomie deur ekonome bestudeer word en hoe dit verband hou met ander vertakkings van die wetenskap.


# Basiese begrippe

## 1.1. Basiese begrippe


- Ekonomie is die studie van hoe individue, sakeondernemings, regerings en ander organisasies in ons samelewing kies om skaars hulpbronne te gebruik om hul onbeperkte begeertes en behoeftes te bevredig.
- Hulpbronne is beperk en dus moet ons weet hoe om daarmee te werk sonder om dit te vermors.
- Omdat ons nie al ons begeertes en behoeftes kan bevredig nie, moet ons keuses maak oor watter behoeftes ons moet bevredig en watter nie.

### 1.1.1 Die ekonomiese probleem

- Die BASIESE EKONOMIESE PROBLEEM is skaarsheid: die probleem ontstaan omdat hulpbronne skaars is, maar mense se begeertes onbeperk is.
- Mense het net 'n beperkte hoeveelheid geld. Tog het hulle baie behoeftes en begeertes om te bevredig.



- Die regering het ook 'n beperkte hoeveelheid geld en kan nie al sy begeertes bevredig nie.





Die ekonomiese vraag is:

- Wat moet geproduseer word?
- Hoe moet dit geproduseer word?
- Vir wie moet dit geproduseer word?

### 1.1.2 Vertakkings van ekonomie

- Mikro-ekonomie het met individuele besluite te doen. Dit sluit die besluite van maatskappye sowel as verbruikers in.
- Makro-ekonomie het te make met die werking van die ekonomie in die geheel en gaan oor kwessies soos werkloosheid, inflasie, groei, en monetêre en fiskale beleid.

Skaarsheid (die beperkte voorraad hulpbronne met betrekking tot mense se behoeftes en begeertes) is 'n kwessie in sowel die makro-ekonomie as mikro-ekonomie.

#### **Ekonomie kan verder in verskeie afdelings verdeel word**

- Monetêre ekonomie bestudeer geld, hoe dit beheer word en hoe dit gebruik word.
- Openbare sektor-ekonomie bestudeer die rol van die regering in die ekonomie.
- Ontwikkelingsekonomie bestudeer beleide en strategieë wat ontwikkelende lande help om te groei.
- Arbeidsekonomie bestudeer die vraag en aanbod van arbeid en die uitwerking daarvan op die ekonomie van 'n land.
- Omgewingsekonomie bestudeer kwessies wat die omgewing raak.
- Internasionale ekonomie bestudeer internasionale handel en finansies.

### 1.1.3 Benaderings van Ekonomie

- Ekonomie bestudeer die wêreld om hulle, en samel feite en waarnemings in oor hoe mense optree wanneer hulle goedere en dienste lewer, ruil en verbruik.
- Ekonomie gebruik wat hulle waarneem om teorieë en beginsels te skep.

Óf hulle:

- gaan deduktief te werk deur teorieë op te stel en dit dan teenoor die feite te toets om te kyk of 'n sekere teorie by die feite pas (deduksie)  
óf hulle
- gaan induktief te werk deur feite te verwerk om 'n teorie te skep (induksie)  
óf hulle
- gebruik 'n kombinasie van deduksie en induksie.

Ekonomie bestudeer hoe mense optree met betrekking tot geld.

Die sogenaamde 'wette' in die ekonomie is in werklikheid meer soos algemene stellings as soos wette.

# Die metodes van Ekonomie

## 1.2 Die metodes van Ekonomie

---

### 1.2.1 Ekonomiese modelle

'n Ekonomiese model is 'n poging om te verduidelik of te voorspel wat die uitwerking op omstandighede gaan wees as 'n veranderlike verander. Ons gebruik data of inligting om ekonomiese modelle te bou.

### 1.2.2 Positiewe en negatiewe stellings

Positiewe ekonomie het te make met objektiewe verduideliking en die toetsing en verwerping van teorieë. Byvoorbeeld:

- 'n Styging in verbruikersinkomste sal tot 'n styging in die vraag na nuwe motors lei.
- 'n Daling in die wisselkoers sal tot 'n toename in die uitvoer na die buiteland lei.
- Groter mededinging in markte kan tot laer pryse vir verbruikers lei.
- Normatiewe ekonomie het te make met menings oor wat behoort te wees. Dit behels subjektiewe stellings eerder as objektiewe stellings – d.i. dit sluit waardeoordele in.

#### Byvoorbeeld:

- Die vlak van aksyns op petrol is te onredelik en benadeel motoriste onbillik.
- Die regering moet die nasionale minimumloon tot R60 per uur verhoog ten einde die relatiewe armoede te verlig.
- Die aftree-ouderdom moet tot 75 verhoog word om die uitwerking van ons verouderende bevolking te bekamp.

### 1.2.3 Die wetenskaplike metode

Ekonomie is 'n wetenskap, en ekonome bly so objektief moontlik oor die onderwerpe wat hulle bestudeer. Hulle gebruik die wetenskaplike metode:

- Hulle formuleer 'n vraag.
- Hulle stel ondersoek in.
- Hulle kom tot 'n gevolgtrekking.

### 1.2.4 Probleme vir ekonome

Ekonomie is 'n sosiale wetenskap. Ekonomie bestudeer hoe mense optree met betrekking tot geldsake. Dit is 'n moeilike studieveld omdat:

- Mense dink almal verskillend en tree verskillend op. 'n Mens kan nie laboratoriumtoetse doen om te kyk hoe mense op 'n spesifieke verandering in een veranderlike sal reageer nie, soos jy in die geval van fisiese wetenskappe kan doen.
- Dit is moeilik om 'n gekontroleerde toets te doen ten einde vas te stel hoe mense op 'n verandering sal reageer.
- Dit is moeilik om net een veranderlike te verander en al die ander veranderlikes konstant te hou.
- Ekonomie is dikwels bevooroordeel.
- Resultate is minder presies as in fisiese wetenskappe.
- Ekonomiese wette is meer soos algemene stellings as soos wette; dit is nie presies nie.

# Die plek van Ekonomie in die veld

## 1.3 Die plek van Ekonomie in die veld

---

### 1.3.1 Ekonomie en ander wetenskappe

Ekonomie oorvleuel met ander vakke omdat Ekonomie mense en hul gedrag bestudeer.

Ekonomie het die meeste gemeen met die onderstaande vakke:

- Rekeningkunde
- Bedryfstudie
- Handelsreg
- Finansiële wiskunde

### 1.3.2 Verwantskappe met ander wetenskappe en beroepsmoontlikhede

Ekonomie is nuttig vir baie loopbaankeuses. Die tabel in jou handboek toon hoe Ekonomie oorvleuel met ander studievervelde en hoe dit beroepsmoontlikhede voorsien.

Beroepsmoontlikhede wat op Ekonomie betrekking het, kom voor in:

- Statistiek
- Wiskunde
- Inligtingstechnologie
- Regte
- Politiek
- Sosiologie
- Geografie

## Vrae

### Vraag 1: Vul die ontbrekende woorde in

- 1.1 Die probleem met skaarsheid in die ekonomie behels ... middele en onbeperkte begeertes. (2)
- 1.2 Die ... metode beteken dat uit spesifieke aannames sekere afleidings en gevolgtrekkings gemaak kan word. (2)
- 1.3 Uit die definisie van ekonomie blyk dit duidelik dat ... die sleutel-probleem van die ekonomie is. (2)

### Vraag 2: Waar of Onwaar

- 1 Ekonomie is 'n sosiale wetenskap. (2)
- 2 Makro-ekonomie bestudeer die ekonomiese gedrag van die individuele verbruiker en die individuele sakeonderneming. (2)
- 3 Ekonomiese goedere kom in onbeperkte hoeveelhede voor. (2)

### Vraag 3: Veelvuldige keuse vrae

Kies die korrekte moontlikheid:

- 3.1 Ekonomie is die studie van mense se gedrag in hul pogings om die ondestaande te bevredig
- A beperkte begeertes met onbeperkte middele
  - B beperkte middele met onbeperkte begeertes
  - C onbeperkte begeertes met onbeperkte middele
  - D onbeperkte begeertes met beperkte middele (2)
- 3.2 Ekonomie is 'n sosiale wetenskap en om hierdie rede is dit meer korrek om na die basiese beginsels daarvan te verwys as:
- A ekonomiese tendense
  - B ekonomiese wette
  - C ekonomiese rigtings
  - D ekonomiese regulasies. (2)

## Vrae

3.3 Ekonomie is 'n wetenskap wat bestudeer hoe:

- A om geld te maak
- B om skaars hulpbronne die beste te gebruik
- C om inkomste na die werkersklasse te herversprei
- D om vir mense alles te gee wat hulle wil hê.

(2)

### Vraag 4

Gebruik jou handboek om die onderstaande tabel in te vul ten einde die verskille tussen positiewe en normatiewe ekonomie te toon.

Positiewe ekonomie	Normatiewe ekonomie


### Vraag 5

Gebruik jou handboek om die onderstaande tabel in te vul wat verduidelik hoe Ekonomie met ander vakke oorvleuel en werksgeleenthede skep.

Vak	Inhoud van vak	Voorgestelde loopbane
Statistiek		
Wiskunde		
Inligtingstegnologie (IT)		
Regte		
Politiek		
Sosiologie		
Geografie		

## Die basiese ekonomiese probleem

### Oorsig



In Onderwerp 2 gaan jy kyk hoe ons probeer om die ekonomiese probleem op te los. Jy gaan ook die komponente van die ekonomie bestudeer: produksie, ruiling en verbruik, en die belangrikheid daarvan om sowel menseregte as die omgewing te beskerm wanneer ons ekonomiese besluite neem.

# Die probleem van skaarsheid

## 2.1 Die probleem van skaarsheid

---

Die basiese ekonomiese probleem behels skaarsheid, die maak van keuses en die geleentheidskoste van daardie keuses.

### 2.1.1 Absolute en relatiewe skaarsheid

- Absolute skaarsheid kom voor wanneer ons genoeg hulpbronne het om goedere te koop, maar dit is net nie beskikbaar nie, bv. as die aartappeloes misluk het, sal daar 'n absolute skaarsheid van aartappels wees omdat daar geen aartappels beskikbaar sou wees nie.
- Relatiewe skaarsheid kom voor wanneer daar genoeg goedere is om 'n bevolking se behoeftes te bevredig, maar die grootste deel van die bevolking te arm is om dit te koop. Hierdie situasie kom in ontwikkelende lande voor.

### 2.1.2 Ekonomiese goedere en gratis goedere

- Gratis goedere is die goedere waarvoor ons nie betaal nie, soos sonlig of reën.
- Ekonomiese goedere word teen 'n koste uit skaars hulpbronne geproduseer, dus moet mense daarvoor betaal. Die verskille tussen ekonomiese en gratis goedere word in Tabel 2.1 in jou handboek getoon.

### 2.1.3 Alternatiewe en geleentheidskoste

Keuse is 'n deel van die ekonomiese probleem. Omdat ons beperkte (skaars) hulpbronne het, moet ons kies hoe om dit die beste te gebruik. Ons moet tussen alternatiewe kies.

- As jy R40 in jou sak het, kan jy besluit om dit op 'n aantal maniere te bestee. Jy kan dit alles spaar, of daarvan gebruik om peuselhappies te koop of te gaan fliek. Jy kan besluit hoe om jou geld te bestee. Daar is 'n aantal alternatiewe wat jy kan oorweeg, maar jy kan nie alles doen nie. Dit word geleentheidskoste genoem omdat jy een alternatief bo die ander een kies.
- Individu – as ons aartappels in ons tuin plant, het ons minder plek vir geelwortels.
- Maatskappy – as die hulpbronne van 'n sjokoladefabriek gebruik word om melksjokolade te maak, dan het hulle minder hulpbronne beskikbaar vir gewone sjokolade.
- Regering – as meer skole gebou word, is minder geld beskikbaar vir hospitale.



## Voorbeelde van geleentheidskoste

Gestel ek het R100 om te bestee, en ek kan net vier tydskrifte teen R25 elk koop, of wegneemburgers ook teen R25 elk, kan ek my geld op verskeie maniere gebruik.

As ek 4 burgers koop, hoeveel tydskrifte kan ek koop? Geen.

Voltooi die tabel hieronder wat die verskillende keuses wat jy met R100 kan maak, toon.

<b>Aantal burgers</b>	4	3	2	1	0
<b>Aantal tydskrifte</b>					

Wie maak die keuses?	Wat hulle kies	Die geleentheidskoste (wat hulle kon gehad het)
Sakeondernemings	<input type="checkbox"/> Nuwe rekenaars <input type="checkbox"/> Nuwe werkers <input type="checkbox"/> Kantoorpartytjie	<input type="checkbox"/> Nuwe faksmasjiene <input type="checkbox"/> Afleweringvoertuig <input type="checkbox"/> Vergoeding vir werkgewer!
Regering	<input type="checkbox"/> Werkloosheidsvoordele <input type="checkbox"/> Wapens	<input type="checkbox"/> Nuwe paaie <input type="checkbox"/> Meer hospitaalbeddens
Individue	<input type="checkbox"/> Mars-stafie <input type="checkbox"/> T-hemp <input type="checkbox"/> Seevakansie	<input type="checkbox"/> Twix-stafie <input type="checkbox"/> DVD <input type="checkbox"/> Herstel dak

# Produksie, ruilhandel en verbruik

## 2.2 Produksie, ruilhandel en verbruik

---

Die drie basiese prosesse in 'n moderne ekonomie is:

- produksie
- ruilhandel
- verbruik.

### 2.2.1 Die vier produksiefaktore is

- Grond – die natuurlike hulpbronne op die planeet. Dit sluit ruimte op die grond, minerale, kos, hout en water in.
- Arbeid – die menslike inset (werkers, bestuurders, ens.) in die produksieproses. Elke individu het 'n ander vlak van vaardighede, eienskappe en kwalifikasies. Dit word ook menskapitaal genoem.
- Kapitaal – al die geld wat gebruik word om kapitaalgoedere (bv. geboue, masjinerie, voertuie, gereedskap en materiale) vir die produksie van goedere en dienste te koop.
- Entrepreneurskap – die persoon wat die ander drie produksiefaktore organiseer om goedere en dienste te produseer vir verkoop. Hulle waag hul eie hulpbronne in sakeondernemings.

### 2.2.2 Openbare en sakesektor

- Die openbare sektor – al die nywerhede en ondernemings wat deur die regering besit en beheer word, soos hospitale en klinieke, korrektiewe fasiliteite (gevangenis), provinsiale en munisipale kantoorgeboue, watervoorsiening en die spoorweë.
- Die sakesektor – al die nywerhede wat deur private individue of groepe besit en beheer word.

### 2.2.3 Formele en informele sektore van die ekonomie

- Die formele sektor: dit bestaan uit al die geregistreerde sakeondernemings in die land. Net die produksie wat in die formele sektor plaasvind, word in aanmerking geneem wanneer die BBP van die land bereken word.
- Die informele sektor: dit bestaan uit al die sakeondernemings wat nie geregistreer is nie, soos straatverkopers. Omdat hierdie ondernemings nie geregistreer is nie, is daar geen amptelike rekord van hul produksie, uitgawes, inkomste en wins/verlies nie. Hulle word nie ingesluit wanneer die land se BBP bereken word nie.

### 2.2.4 Primêre, sekondêre en tersiêre sektore van die ekonomie

- Die primêre sektor van die ekonomie behels die insameling van grondstowwe, bv. mynbou, landbou, vissery en bosbou. Boere plant gewasse en oes dit wanneer dit gereed is. Mynwerkers grawe steenkool en goud uit die myne. Die primêre sektor behels nie enige verwerking van die grondstowwe nie. Hierdie sektor is die belangrikste sektor in die ekonomieë van die meeste ontwikkelende lande.
- Die sekondêre sektor van die ekonomie behels verwerking of vervaardiging. Met ander woorde, verander die grondstowwe van die primêre sektor in eindprodukte. Fabriekes wat kos verwerk en papier vervaardig, olieraffinaderye en monteeraanlegte waar vragmotors en motors gebou word, maak almal deel uit van die sekondêre sektor van die ekonomie.
- Die tersiêre sektor van die ekonomie is die dienstesektor van die ekonomie. Die tersiêre sektor sluit in goedere wat mense verbruik en dienste wat gelewer word, soos haarkappery, taxi's, ens.

### 2.2.5 Verbruik

Mense en sakeondernemings verbruik twee soorte goedere:

- kapitaalgoedere, wat goedere is wat gebruik word om ander goedere en dienste te produseer; gereedskap en masjinerie is voorbeelde van kapitaalgoedere.
- verbruikersgoedere, wat goedere is wat die eindprodukte is wat ons by winkels koop.

Ons gebruik kapitaalgoedere om verbruikersgoedere te produseer.

### 2.2.6 Soorte goedere

Daar is drie soorte verbruikersgoedere:

- Duursame goedere, is goedere wat oor 'n lang tydperk gebruik kan word, bv. 'n yskas, 'n motor of matte.
- Semiduursame goedere sluit in goedere soos klere, skoene, tekstielware en bybehore, wat 'n tyd lank hou, maar nie so lank soos duursame goedere nie.
- Nielduursame goedere (wat ook bederfbare goedere insluit) is goedere wat 'n mens net een keer kan gebruik, byvoorbeeld kos, waspoeier en petrol. Kos is 'n voorbeeld van bederfbare goedere.
- Dienste sluit items soos banksake, gesondheidsorg, telekommunikasie, vermaak en vervoer in.

### 2.2.7 Drie groepe verbruikers

- Huishoudings, wat hul inkomste hoofsaaklik aan duursame goedere, bederfbare goedere en dienste bestee.
- Sakeondernemings, wat hul geld hoofsaaklik aan die belegging van kapitaal (grondstowwe, masjiene, geboue) vir die produksieproses bestee.
- Regering, wat hul geld hoofsaaklik aan openbare goedere (byvoorbeeld nasionale parke, straatligte en paaie) en merietegoedere (byvoorbeeld onderwys) bestee.

### 2.2.8 Ruil en ruilhandel

- Besteerbare inkomste is die inkomste wat ons kan bestee nadat belasting afgetrek is. Ons ruil geld (inkomste of spaargeld) vir goedere en dienste wat ons wil verbruik. Ons kan ook verruil (ruilhandel). Byvoorbeeld, ons kan 'n paar boeke wat ons klaar gelees het, verruil vir 'n paar DVD's wat ons nog nie gesien het nie en wat 'n vriend besit. In die verre verlede het die meeste aktiwiteite deur ruilhandel plaasgevind. Geld vorm 'n geriefliker stelsel.
- Wisselkoerse is die bedrag van een geldeenheid wat 'n mens vir 'n ander kan omruil. As ons goedere en dienste by 'n ander land wil koop, moet ons eers ons geldeenheid omruil vir die geldeenheid van die ander land. Die wisselkoers is die waarde waarteen ons hierdie omruiling maak.

# Volhoubare ontwikkeling en menseregte

## 2.3 Volhoubare ontwikkeling en menseregte

---

Dit is belangrik dat, terwyl ons die ekonomie ontwikkel, ons dit nie so sal doen dat dit vir ander mense of die omgewing nadelig is nie.

Nadelige arbeidspraktyke behels:

- kinderarbeid
- hongerwerkplase
- werk met gevaarlike stowwe.

### 2.3.1 Volhoubare ontwikkeling behels

- herwinning
- versorging van die omgewing
- nie-uitputting van niehernubare hulpbronne
- tegnologiese vordering
- billike behandeling van werkers, veral in ontwikkelende lande.

### 2.3.2 Ekonomiese optrede wat volhoubaarheid kan benadeel

- besoedeling van die omgewing
- kweekhuiseffek
- uitbuiting van kinderarbeid
- buitensporige gebruik van natuurlike hulpbronne om in die enorme vraag van die hedendaagse bevolking te voorsien
- uitbuiting van arbeid in ontwikkelende lande

Dit is belangrik dat die regering stappe sal doen teen enige sakeonderneming of ekonomiese aktiwiteit wat volhoubaarheid benadeel deur sosiale/eksterne koste te skep.

### 2.3.3 Voorbeelde van regeringsoptrede

- verbied verkeer in sekere gebiede
- verhoog belasting op petrol
- beboet maatskappye wat die omgewing besoedel
- subsidieer maatskappye wat op 'n omgewingsvriendelike manier produseer
- hef belasting op maatskappye wat afval stort
- moedig openbare vervoer aan

## Vrae

### Vraag 1: Vul die ontbrekende woorde in

Die groep verbruikers wat hul inkomste hoofsaaklik aan goedere en dienste bestee, word genoem ... teenoor ... wat hul inkomste hoofsaaklik aan kapitaalgoedere bestee. (2)

### Vraag 2: Waar of Onwaar

- 2.1 Motors is 'n voorbeeld van nieduursame goedere. (2)
- 2.2 Omdat die informele sektor in Suid-Afrika so groot is, sluit ons dit by ons BBP-berekening in. (2)
- 2.3 Lug en reën is voorbeelde van gratis goedere. (2)
- 2.4 Met R6 kan óf 'n sjokoladestafie óf 'n koeldrank gekoop word; dan moet die geleentheidskoste om 'n mentsjokoladestafie te koop, twee koeldranke wees. (2)

### Vraag 3: Kies die korrekte moontlikheid

- 3.1 Die koste van een kommoditeit met betrekking tot 'n ander een staan bekend as
- A geleentheidskoste
  - B opofferingskoste
  - C skaarsheidkoste
  - D keuseprobleem
- (2)
- 3.2 Watter een van die volgende beskryf die term 'ekonomiese hulpbronne' die beste?
- A al die produksiefaktore, d.i. grond, arbeid, kapitaal en entrepreneurskap
  - B al die wêreld se hulpbronne
  - C die voorraad mensgemaakte rykdom
  - D al die gratis goedere wat die natuur voorsien
- (2)
- 3.2 Die feit dat produk A opgeoffer word sodat produk B bekostig kan word, illustreer die beginsel van ...
- A geleentheidskoste
  - B verbruikersurplus
  - C produksiekoste
  - D moontlikheid
- (2)

**Vrae**

3.3 Die basiese probleem waarmee alle nasies worstel, is ...

A skaarsheid

B verspreiding

C produksie

D verbruik

(2)

3.4 Die waarde van duursame goedere ... met verloop van tyd.

A neem toe

B neem af

C verander nie

D vermenigvuldig

(2)


**Vraag 4**

Verduidelik verbruikersbesteding aan goedere en dienste.

(16)

## Die ekonomiese kringloop en kwantitatiewe elemente

### Oorsig



Onderwerp 3 sal vir jou 'n oorsig gee van hoe die ekonomie van 'n land werk, en ons sal 'n vereenvoudigde model van 'n werklike werkende ekonomie skep wat 'n kringloopdiagram genoem word. Dit is belangrik dat jy verstaan hoe om hierdie model te skep en hoe dit werk .



# Die deelnemers aan die ekonomie

## 3.1 Die deelnemers aan die ekonomie

---

- Die deelnemers aan die ekonomie word genoem huishoudings, sakeondernemings, finansiële instellings (banke), die regering en die buitelandse sektor.
- Goedere, dienste en geld vloei tussen die verskillende deelnemers aan die ekonomie.
- Die vloei van goedere en dienste word die reële vloei genoem.
- Die vloei van betalings vir goedere en geld vir salarisse word die monetêre vloei genoem.
- Elk van hierdie deelnemers is betrokke by die produksie, inkomste en besteding in die ekonomie.

### 3.1.1 Die kringloopdiagram


#### Huishoudings

- 'n Eenvoudige kringloopdiagram behels net huishoudings en sakeondernemings.
- Huishoudings voorsien arbeid (betrokkings) aan die mark vir produksiefaktore en ontvang inkomste (lone) om goedere en dienste te koop.

#### Sakeondernemings


- Maatskappye koop produksiefaktore (huur mense) en produseer goedere en dienste.
- Dit lei tot 'n kringloop van geld, goedere en dienste tussen huishoudings en maatskappye.
- Met net huishoudings en sakeondernemings in die model is daar twee kringlope, een van goedere en dienste, en die ander een van geld.
- Sowel huishoudings as sakeondernemings spaar en leen. Dit beteken dat geld die kringloop as lenings van banke inkom en as spaargeld die kringloopdiagram verlaat.

# Eenheid 1




## Die regering

- Geld verlaat die kringloopdiagram in die vorm van belastinge en kom in die vorm van openbare dienste en infrastruktuur in.
- Die regering koop goedere en dienste en betaal produksiefaktore.



## Die buitelandse sektor

- Suid-Afrika het 'n oop ekonomie omdat ons met ander lande handel dryf.
- Dit beteken dat geld die land verlaat wanneer ons goedere uit die buiteland koop (invoer).
- Geld kom die land binne wanneer ander lande ons goedere en dienste koop (uitvoer).
- 'n Ekonomie met geen buitelandse handel nie word 'n geslote ekonomie genoem en 'n ekonomie met buitelandse handel word 'n oop ekonomie genoem.



# Markte

## 3.2 Markte

---

Die mark bring al die deelnemers aan die ekonomie, al die ekonomiese middele en die prosesse byeen.

Daar is twee hoofsoorte markte:

- goederemark, die mark vir goedere en dienste.
- faktormark, die mark vir produksiefaktore.

### Die vloei van veranderlikes

Die ekonomiese kringloop bestaan uit twee belangrike vloei:

- die reële vloei van produkte en dienste
- die vloei van geld (die monetêre vloei).

Hierdie twee vloei vind in twee teenoorgestelde rigtings plaas, want:

- die geld wat een persoon bestee, word 'n ander persoon se inkomste.
- die goedere of dienste wat een persoon koop, is produksie van 'n ander persoon.

Die reële vloei is die vloei van goedere en dienste en mense in die ekonomie.

- Produksiefaktore word in die faktormarkte aan die sakeondernemings verkoop.
- Sakeondernemings omskep produksiefaktore in produkte.
- Die produkte word in die goederemarkte gekoop.

Geld vloei in die teenoorgestelde rigting as die vloei van goedere en dienste in die ekonomie.

- Huishoudings verdien 'n inkomste deur arbeid in faktormarkte te verkoop.
- Huishoudings bestee inkomste deur goedere en dienste in die goederemark te koop.

### Vloei en voorraad

Die drie belangrikste ekonomiese vloei is produksie, inkomste en besteding.

Ekonomiese vloei lei tot voorraad. Ons kan voorraad net op 'n sekere tydstip meet.

Sodra enige vloei plaasvind, verander voorraadvlakke.

Ander voorbeelde van ekonomiese vloei is wins, spaargeld en verkope.

### Lekkasies en insputings

Nie al die geld bly in die ekonomiese kringloop nie. Ons noem dit lekkasies en insputings.

- Spaargeld, belastings en invoere is lekkasies uit die vloei.
- Lenings, subsidies, toekennings en uitvoere is insputings in die vloei.

Wanneer ons die model van die markte in die ekonomie teken, gebruik ons die volgende letters om die verskillende dele voor te stel:

V = verbruikersbesteding

R = regeringsbesteding

I = geld wat maatskappye gebruik om kapitaalgoedere te koop en al die geld wat hulle by finansiële instellings leen

X = geld wat ons vir ons uitvoere ontvang

G = geld wat ons aan invoere bestee

B = belasting wat aan die regering betaal word

S = geld wat deur huishoudings en sakeondernemings by finansiële instellings gespaar word

Inspuitings	Lekkasies
Uitvoere (X) Regeringsbesteding (R) Belegging deur finansiële instellings (I)	Spaargeld (S) Belasting (B) Invoere (G)

# Samestelling van BBP

## 3.3 Samestelling van BBP

Vir die land in die geheel is inkomste, produk en uitgawes almal gelyk.

Ons toon dit as 'n vergelyking:

Inkomste = Produk = Uitgawes

### 3.3.1 Wat is bruto binnelandse produk?

Bruto binnelandse produk (BBP) = die markwaarde van al die eindgoedere en -dienste wat mense binne die grense van 'n land produseer.

BBP is 'n goeie aanduiding van die mate van rykdom wat 'n land skep.

Ons gebruik BBP as 'n maatstaf van hoe goed die bevolking van 'n land lewe.

Ons noem dit die lewenstandaard van 'n land.

- bruto verwys na al die produksie
- binnelands beteken al die produksie binne die grense van die land

### 3.3.2 Berekening van die BBP

Daar is drie benaderings wat ekonome gebruik om BBP te bereken:

- Die **produkbenadering**: dit is die som van al die uitsette van al die produsente in die land.
- Die **uitgawesbenadering**: dit is die totale besteding in die land.
- Die **inkomstebenadering**: dit is die totaal van al die inkomsteprodusente.

Volgens die uitgawesbenadering is die BBP van 'n land:

BBP = private verbruik + bruto belegging + regeringsbesteding + (uitvoere – invoere)

of:  $BBP = V + I + R + (X - G)$

BBP meet net produksie waaraan 'n geldwaarde geheg is.

### 3.3.3 Die belangrikheid van BBP

Word gebruik om die lewenstandaard in 'n land te meet.

#### **Probleme ondervind in die gebruik van BBP as 'n maatstaf van lewenstandaard**

- Die totale BBP van 'n land hang af van die grootte van die land en sy bevolking.
- ('n Land soos China kan dalk 'n groot bevolking hê wat in armoede lewe selfs al is hul BBP hoog.)
- Die berekening van die BBP per persoon in 'n land sal vir jou die gemiddelde BBP in die land aandui, maar nie vir jou sê hoe eweredig dit versprei is nie.
- BBP meet die produksie binne die grense van 'n land, maar sluit produksie van buitelandse werkers en maatskappye in.
- 'n Hoë BBP beteken nie altyd 'n hoë lewenstandaard vir al die land se burgers nie.

# Samestelling van bruto nasionale inkomste

## 3.4 Samestelling van bruto nasionale inkomste

---

Bruto nasionale inkomste (BNI) meet ook produksie: die totale produksie deur al die burgers en sakeondernemings van 'n land.

### 3.4.1 Die samestelling van BNI

- BNI tel die produksie van mense en sakeondernemings van 'n spesifieke land, of daardie produksie binne die land plaasvind of nie.
- BNI tel ook die rente by wat sakeondernemings en burgers uit beleggings in ander lande verdien.
- Enige geld wat uit 'n land gestuur word, word afgetrek wanneer BNI bereken word.

### 3.4.2 Die belangrikheid van BNI

- BNI meet hoeveel die mense en sakeondernemings van 'n land verdien.
- BNI moet steeds in aanmerking neem hoe eweredig daardie inkomste onder die bevolking versprei is.



# Vergelyking van BBP en BNI

## 3.5 Vergelyking van BBP en BNI

- BBP meet al die produksie binne die grense van 'n land.
- BNI meet alle produksie deur die burgers (mense en sakeondernemings) van 'n land.
- Sowel BBP as BNI neem slegs produksie wat inkomste gelewer het, in ag.
- BNI neem af wanneer geld 'n land verlaat, byvoorbeeld om lenings terug te betaal, terwyl BBP dieselfde bly.
- As 'n land bates (soos 'n kragstasie) aan 'n buitelandse maatskappy verkoop, sal die BNI met verloop van tyd afneem, maar die BBP sal nie.
- Politici verkies om BBP as 'n maatstaf van ekonomiese aktiwiteit te gebruik omdat dit as 'n maatstaf beter lyk as die BNI, veral as 'n land baie skuld en verminderende bates het.
- Ekonomiese aktiwiteit is nie dieselfde as lewenstandaard nie.

### 3.5.1 Probleme met betrekking tot BBP en BNI

- Geeneen van die maatstawwe neem die verspreiding van rykdom in aanmerking nie.
- Albei meet net produksie wat inkomste verdien; hulle sluit aktiwiteite soos huishoudelike produksie of vrywillige dienste uit.
- Geeneen van die maatstawwe neem die aktiwiteite van die ondergrondse ekonomie in aanmerking nie.
- Geeneen van die maatstawwe neem ruilhandel en informele transaksies in aanmerking nie.
- Geeneen van die maatstawwe neem bestaansproduksie, d.i. gevalle waar mense vir hul eie behoeftes produseer, in aanmerking nie.
- Geeneen van die maatstawwe sê vir ons of die groei volhoubaar is nie.
- Die syfers van albei maatstawwe moet aangepas word om voorsiening te maak vir die gevolge van inflasie.

### 3.5.2 Inkomste per capita

Die inkomste per capita is die hoeveelheid inkomste wat elke persoon in 'n land sou ontvang as die inkomste gelyk verdeel sou word. Om BBP per capita te bereken, deel jy die BBP deur die totale bevolking. Om die BNI per capita te bereken, deel jy die totale BNI deur die totale bevolking.

## Vrae

### Vraag 1: Veelvuldige keuse

Kies die korrekte antwoord. Skryf net die letter van die antwoord wat jy kies, neer.

- 1.1 As  $V = R10$  miljoen,  $I = R240$  miljoen,  $R = R25$  miljoen,  $X = R56$  miljoen en  $G = R10$  miljoen, is BBP gelyk aan ...
- A R229 miljoen
  - B R275 miljoen
  - C R321 miljoen
  - D R341 miljoen
- (2)
- 1.2 'n Kringloopdiagram stel voor ...
- A geldvloei in die ekonomie
  - B reële vloei in die ekonomie
  - C net regeringsvloei
  - D geld- en reële vloei
- (2)
- 1.3 'Geslote ekonomie' verwys na die afwesigheid van ...
- A 'n buitelandse sektor
  - B 'n banksektor
  - C 'n regeringsektor
  - D geeneen

### Vraag 2: Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies

- 2.1 Betalings ontvang op goedere wat uitgevoer word, word opgeteken as 'n lekkasie/inspuiting). (2)
- 2.2 As die BNI van 'n land R1 500 miljoen per jaar is en die land het 'n bevolking van 5 miljoen, is die BNI per capita (R250/R300). (2)
- 2.3 Die mark vir arbeid word die (faktormark/arbeidsmark) genoem. (2)
- 2.4 Sakeondernemings kan nie beleggings maak sonder (spaargeld/verbruik) van huishoudings nie. (2)

## Vrae

### Vraag 3: Waar of Onwaar

Dui aan of die volgende stellings Waar of Onwaar is. As die stelling Onwaar is, skryf die korrekte stelling neer.

- 3.1 Die BBP van 'n land behels al die sektore van die ekonomie, insluitend die informele sektor. (2)
- 3.2 'n Tuisteskepper se dienste word nie ingereken by die syfers van die nasionale inkomste nie omdat 'n markprys nie aan hierdie dienste toegeken kan word nie. (2)

### Vraag 4


In 'n oop ekonomie word die nasionale inkomste deur vier sektore bestee. Noem hierdie sektore. (8)

### Vraag 5

Bespreek enige TWEE probleme wat ondervind word wanneer BBP as 'n maatstaf van 'n land se ekonomiese groei gebruik word. (8)

## Sakesiklusse

### Oorsig



In hierdie onderwerp word die begrip sakesiklus ondersoek, verduidelik hoe sakesiklusse plaasvind en wat die uitwerking daarvan is. Jy moet seker maak dat jy die uitwerking van veranderinge in die sakesiklus op die ekonomie verstaan.

# Die verskynsel van sakesiklusse

## 4.1 Die verskynsel van sakesiklusse

Sakesiklusse is 'n reeks opwaartse en afwaartse bewegings in die vlak van ekonomiese aktiwiteit van 'n land oor 'n tydperk van maande of jare. Alle lande het tydperke van positiewe ekonomiese groei en tydperke van stadige, geen of negatiewe groei.

As gevolg van die onderlinge verbondenheid van handel is daar ook wêreldwye opswaai en afswaai (ressessies).

- Ekonomiese groei beteken die toename in produksie van 'n land oor 'n tydperk.
- Ons meet ekonomiese aktiwiteit as 'n verandering in reële BBP.

### 4.1.1 Ekonomiese aanwysers

Ekonomiese aanwysers is tekens of aanduidings wat ekonome gebruik om veranderinge in die sakesiklus te ontleed. Ons klassifiseer ekonomiese aanwysers met betrekking tot tydsberekening en rigting.

#### Klassifikasie volgens tydsberekening

##### Leidende aanwysers

Hierdie aanwysers verander van rigting voor die siklus, d.i. voordat die ekonomie self verander. Ekonome gebruik leidende aanwysers om te voorspel wat in die volgende maande in die ekonomie gaan gebeur. 'n Voorbeeld is die JE Sekuriteitebeurs (JE). Aandeelpryse styg voor 'n opswaai in die ekonomie en daal voor die afswaai.

##### Talmende aanwysers

Talmende aanwysers verander 'n paar maande nadat die ekonomie verander het. Hulle bevestig dat die ekonomie verander het. 'n Voorbeeld van 'n talmende aanwyser is die werkloosheidskoers.

##### Toevallige aanwysers

Dit is ekonomiese aanwysers wat tesame met die ekonomie verander. Hulle gee vir ons inligting oor die stand van die ekonomie. 'n Voorbeeld van 'n toevallige aanwyser is maatskappye se betaallyste. Lone en salarisse styg wanneer die ekonomie sterk is en daal wanneer die ekonomie swak is.

**Klassifikasie volgens rigting****Prosikliese aanwysers**

Hulle beweeg in dieselfde rigting as die verandering in die ekonomie. Hulle styg gedurende uitbreiding en daal gedurende resessie. 'n Voorbeeld is die BBP, wat styg gedurende uitbreiding en daal gedurende inkrimping.

**Antisikliese aanwysers**

Hulle beweeg in die teenoorgestelde rigting as die verandering in die ekonomie. Hulle daal gedurende uitbreiding en styg gedurende resessie. 'n Voorbeeld is die werkloosheidskoers. Die werkloosheidskoers daal gedurende uitbreiding van die ekonomie en styg gedurende inkrimping van die ekonomie.

**4.2 Suid-Afrikaanse sakesiklusse**

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank moniteer en hou rekord van sakesiklusse.

Jou handboek gee vir jou gedetailleerde tabelle wat die BBP van Suid-Afrika oor 'n tydperk toon. Jy behoort in staat te wees om die tydperke van groei en resessie in die ekonomie te identifiseer.

**4.2.1 Sikliese aard van die Suid-Afrikaanse ekonomie**

- 1945–1975 'n Tydperk van ekonomiese groei en voorspoed, hoofsaaklik as gevolg van ons minerale rykdom.
- 1975–1994 'n Tydperk van ekonomiese agteruitgang, hoër werkloosheid en 'n laer vraag na ons produkte omdat baie lande sanksies ingestel het as gevolg van apartheid en opgehou handel dryf het met ons.
- 1994–2007 Ekonomiese groei het weer begin met 'n hoër vraag na ons produkte en dienste, maar met laer indiensnemingsvlakke.

# Maniere om sakesiklusse voor te stel

## 4.2 Maniere om sakesiklusse voor te stel

### 4.2.1 Tydreeks head


'n Tydreeks maak gebruik van data wat by opeenvolgende tydsintervalle gemeet word. Dit kan weklyks, maandeliks, kwartaalliks of jaarliks wees.

Die Verbruikersprysindeks en reële Bruto Binnelandse Produk is albei tydreekse wat veranderinge in die sakesiklus meet.

*Reële beteken met die gevolge van inflasie weggelaat sodat ons sinvolle vergelykings kan maak.*

### 4.2.2 Sikliese patrone

Sakesiklusse volg 'n voortdurende siklus van opswaaie en afswaaie. Hierdie patrone wissel van een siklus tot die volgende. Sommige siklusse is lank; ander is kort. Ander is baie 'diep' – m.a.w. daar is 'n baie groot verskil tussen die piek (die welvaartfase) en die trog (die resessie- of depressiefase) in die siklus.



- Sakesiklusse het dus vier fases: welvaart, resessie, depressie en herstel.
- Sakesiklusse word in twee hooftydperke ingedeel, naamlik uitbreiding en inkrimping.
- Uitbreiding (ook bekend as opswaai) is 'n tydperk wanneer ekonomiese aktiwiteit toeneem. Dit bestaan uit twee fases wat herstel en welvaart (ook bekend as opbloei) genoem word.
- Inkrimping (ook bekend as afswaai) is 'n tydperk wanneer die ekonomie afneem. Dit bestaan uit twee fases wat resessie en depressie genoem word.

#### 4.2.2.1 Welvaartfase

- Daar is 'n toename in die ekonomiese aktiwiteit in 'n land.
- Daar is 'n toename in produksie, indiensnemingskoers en lone.
- Mense se lewenstandaarde verbeter.
- Dit is amptelik 'n welvaartfase wanneer die ekonomie vir 'n tydperk van ses agtereenvolgende maande gegroei het.
- Die welvaartfase eindig wanneer die siklus sy piek bereik.

**Verbruik:** Gedurende die welvaartfase het verbruikers meer geld. Wanneer hulle daardie geld bestee, neem die vlak van verbruik toe. Dit verhoog die totale vraag in die land.

**Reële BBP:** Sakeondernemings maak meer wins omdat daar 'n toename in die vraag is. Dit lok meer entrepreneurs om die mark te betree, en produksie neem toe. Die toename in produksie verhoog die reële BBP. Dit beteken dat die ekonomie groei.

**Belegging:** Ten einde meer goedere te produseer om in die vraag te voorsien, verhoog sakeondernemings hul belegging in hul ondernemings. Hulle doen dit op verskeie maniere:

- **Geboue:** Nuwe sakeondernemings kan nuwe geboue koop, bou of huur. Sakeondernemings kan ook nuwe takke in ander gebiede open.
- **Masjinerie:** Nuwe en bestaande sakeondernemings koop meer masjiene en toerusting ten einde groter hoeveelhede goedere en dienste te lewer.
- **Voorraad:** Gedurende die welvaartfase is daar 'n toename in voorraad om in die hoër vraag te voorsien.

**Indiensneming:** Die toename in die vraag na goedere skep 'n hoër vraag na arbeid om die goedere te produseer. Meer werkers word in diens geneem. Mense wat voorheen werkloos was, kan dalk nou werk kry.

**Ander produksiefaktore:** Daar is ook 'n toename in die vraag na die ander produksiefaktore – na natuurlike hulpbronne, kapitaal en entrepreneurskap.

Pryse styg gewoonlik gedurende die welvaartfase.

- **Verbruikersprysindeks:** Gedurende die welvaartfase is die totale vraag meer as die totale aanbod. Dit veroorsaak 'n tekort aan goedere en dienste, wat tot 'n styging in pryse lei. Dit word inflasie genoem.
- **Wisselkoerse:** 'n Oop ekonomie dryf handel met ander lande. 'n Stelsel van wisselkoerse vir geldeenheid word in die internasionale handel gebruik. Die wisselkoers word bepaal deur die aanbod van en vraag na die geldeenheid van ons



handelsvennote. 'n Toename in die vraag na ons produkte deur ons handelsvennote laat ons wisselkoers appresieer (sterker word).

- Rentekoerse: Rentekoerse styg gewoonlik gedurende die welvaartfase omdat daar 'n groter vraag na kapitaal is om produksie te verhoog.
- Lone: 'n Toename in die reële BBP per capita laat lone styg. Verbruikers lewe beter omdat hulle meer verdien.

#### 4.2.2.2 Resessie

- Ekonomiese groei neem af.
- Daar is 'n negatiewe ekonomiese groeikoers.
- Sakeondernemings verminder hul produksie.
- Daar is 'n afname in die indiensnemingskoers omdat sommige werkers ontslaan word.
- Daar is 'n vermindering van inkomste.
- 'n Resessie word gedefinieer deur ekonomiese groei wat vir twee opeenvolgende kwartale afgeneem het.
- 'n Resessie eindig met die trog.

**Verbruik:** Mense het minder geld in hul sakke. Gevolglik verbruik hulle minder. Dus neem die totale vraag af.

**Reële BBP:** Die hoeveelheid goedere en dienste wat gelewer word, neem af as gevolg van die afname in vraag. Namate die produksie afneem, daal die reële BBP eweneens. Ekonomiese groei neem af.

**Belegging:** Sakeondernemings verminder belegging. Minder geld word bestee om kapitaalgoedere te koop. Produsente kan sommige van hul werksaamhede beëindig. Omdat die vraag laer is, het die produsente geen rede om hul belegging te verhoog nie.

**Indiensneming:** 'n Afname in vraag dwing sakeondernemings om hul produksie te verminder. Hulle kan dalk van hul werkers ontslaan. Die werkloosheidskoers neem toe. Mense se lewenstandaarde verlaag.

#### Pryse

**Verbruikersprysindeks (VPI):** Die vraag neem af en dus daal pryse. Namate die pryse daal, neem die VPI eweneens af.

**Wisselkoerse:** Daar is 'n laer vraag na ons goedere in buitelandse markte. Die vraag na ons geldeenheid neem af, dus depresseer die randwisselkoers teen ander geldeenhede (verloor van sy waarde).

**Rentekoerse:** Rentekoerse daal. Laer rentekoerse beteken dit is goedkoper vir verbruikers om geld te leen. Ten einde die vraag te stimuleer, kan die Reserwebank dalk rentekoerse verlaag.

**Lone:** 'n Afname in die vraag dwing sakeondernemings om lone te verlaag of sommige werkers te ontslaan ten einde hul produksiekoste te verminder.

### **Depressie**

- As 'n resessie 'n lang tyd voortduur, word dit 'n depressie.
- 'n Depressie is 'n erge vorm van resessie.
- Gedurende 'n depressie is daar grootskaalse werkloosheid en 'n ernstige tekort aan goedere en dienste.
- Depressies kom selde voor omdat regerings stappe doen om te voorkom dat resessies oorgaan in depressies.
- Die bekendste depressie was die Groot Depressie van 1933 in die Westerse wêreld.

#### **4.2.2.3 Herstel**

- Die ekonomie begin weer groei.
- Herstel begin gewoonlik stadig en versnel met verloop van tyd.
- Daar is 'n geleidelike toename in vraag en 'n toename in uitset wat uiteindelik sal oorgaan in welvaart.

#### **4.2.2.4 Draaipunte**

Die sakesiklus het twee draaipunte, 'n piek en 'n trog.

**Piek:** Welvaart duur nie vir altyd nie. Ekonomiese aktiwiteit neem tot by 'n sekere punt toe en hou dan op. Ons noem hierdie punt die piek. Daar is volle indiensneming in die ekonomie en daar word teen volle vermoë geproduseer. Na die piek neem ekonomiese aktiwiteit af. Die piek is die boonste draaipunt van die siklus.

**Trog:** Resessies duur nie vir altyd nie. Die resessie bereik 'n punt waar ekonomiese aktiwiteit ophou afneem en weer begin toeneem. 'n Trog merk die einde van 'n resessie of depressie. 'n Trog is die onderste draaipunt van die siklus.

### **4.2.3 Meting van sakesiklusse**

#### **Die dateringstelsel**

Die Nasionale Buro vir Ekonomiese Navorsing (NBER) gebruik die dateringstelsel om sakesiklusse te meet. Statistiek word op 'n daaglikse, weeklikse en maandelikse basis opgeteken en dan kwartaalliks saamgestel. Net die kwartaallikse statistiek word vir die finale ontleding van die sakesiklus gebruik.

#### **Die Bruto Binnelandse Produk**

Die BBP is belangrik as 'n maatstaf van die stand van die ekonomie.

#### **Die indiensnemingsgroeikoers**

Syfers word saamgestel om te toon hoeveel mense in die land werk het en of daar enige veranderinge in die getal werkende mense is.

#### **Die inflasiekoers**

Die syfers vir die inflasiekoers word deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank saamgestel en toon veranderinge in pryse. Dit gee 'n goeie aanduiding van waar ons ons in die sakesiklus bevind.

#### **Die produksie van sekere goedere en dienste**

Sekere syfers soos die aantal nuwe geboue en hoeveelheid goud wat ontgin is, gee 'n aanduiding van waar ons ons in die sakesiklus bevind.

# Redes vir sakesiklusse

## 4.3 Redes vir sakesiklusse

---

### 4.3.1 Eksogene redes

Dit is eksterne oorsake van buite die ekonomie van die land.

#### **Natuurrampe**

Natuurrampe soos aardbewings, oorstromings of tsoenami's veroorsaak 'n versteuring in die produksie van goedere en dienste.

#### **Politieke redes**

Die besluite en optrede van politici, soos om oorlog te verklaar, kan veroorsaak dat die ekonomie in 'n besondere stadium van die sakesiklus ingaan.

#### **Buitelandse handel**

'n Land wat baie met ander lande handel dryf, sal waarskynlik ook geraak word deur die sakesiklusse van sy handelsvennote.

#### **Sielkundige redes**

Soms word sakesiklusse veroorsaak deur wat mense omtrent die ekonomie glo. As die meeste mense positief is omtrent die toekoms van die land, kan die ekonomie dalk die uitbreidingsfase betree.

#### **Weer**

Veranderinge in die weer kan óf 'n uitbreiding óf 'n inkrimping in die ekonomie veroorsaak.

#### **Monetêre redes**

'n Toename in die aanbod van geld van die Reserwebank moedig verbruikers aan om verbruik te verhoog omdat hulle geld teen laer rentekoerse kan leen. 'n Afname in geldaanbod laat die ekonomie inkrimp.

### 4.3.2 Endogene redes

Endogene redes vir sakesiklusse is dié wat uit die ekonomie self kom.

#### **Belegging**

'n Toename in belegging veroorsaak 'n toename in ekonomiese aktiwiteit.

#### **Tegnologiese verandering en vernuwing**

Nuwe tegnologie en vernuwing verhoog ekonomiese aktiwiteit en veroorsaak dat die ekonomie uitbrei.

#### **Spaargeld**

Meer spaargeld stel meer fondse beskikbaar vir belegging.

### 4.3.3 Veranderinge in totale vraag en aanbod

#### **Totale vraag (AD)**

Die totale vraag is die somtotaal van verbruik deur huishoudings (C) plus belegging deur sakeondernemings (I) plus staatsbesteding (G) plus invoere (M). In simbole sê ons:

$$AD = C + I + G + M$$

- 'n Afname in enigeen van die komponente van totale vraag dwing sakeondernemings om produksie te verminder.
- Dit veroorsaak dat al die ander veranderlikes (belegging, inkomste, indiensneming) begin afneem.
- Die ekonomie krimp in.
- 'n Toename in totale vraag verhoog die ekonomiese aktiwiteit in 'n land.

#### **Totale aanbod (AS)**

- 'n Toename in totale aanbod laat die ekonomie uitbrei. Byvoorbeeld 'n ontdekking van nuwe mineraalafsettings sal al die ander sektore van die ekonomie aktiveer. Die ekonomie sal uitbrei.
- Nuwe produksiemetodes (vernuwing) verhoog produksie en laat die ekonomie uitbrei.

#### 4.3.4 Monetêre beleid

- 'n Verhoging van rentekoerse ontmoedig ekonomiese aktiwiteit. Wanneer rentekoerse hoog is, leen entrepreneurs minder geld en belê minder. Dit laat produktiwiteit afneem en verminder ekonomiese aktiwiteit. Volgehoue verhogings van rentekoerse kan dus tot 'n ekonomiese resessie lei.
- 'n Verlagings van rentekoerse moedig belegging aan. Wanneer dit minder kos om geld te leen, is sakeondernemings meer geneig om geld te leen wat hulle gebruik om meer goedere en dienste te lewer. Dit veroorsaak uitbreiding in die ekonomie.

# Gevolge van sakesiklusse

## 4.4 Gevolge van sakesiklusse

---

### 4.4.1 Veranderinge in totale aanbod en totale vraag

Jy moet in staat wees om die diagramme in jou handboek te teken ten einde veranderinge in totale aanbod en vraag te demonstreer.

- Wanneer die ekonomie uitbrei, is daar 'n toename in totale vraag wat op sy beurt meebring dat totale aanbod toeneem.
- 'n Inkrimping in die ekonomie veroorsaak dat totale vraag afneem wat op sy beurt 'n afname in aanbod meebring.

### 4.4.2 Veranderinge in ekonomiese groei

- Ekonomiese groeikoerse volg die fases van die sakesiklus.
- Ekonomiese groeikoers is positief gedurende die uitbreidingsfase.
- Ekonomiese groeikoers is negatief gedurende die inkrimpingsfase.

### 4.4.3 Veranderinge in die indiensnemingskoers

- Indiensnemingsvlakke verander met veranderinge in die sakesiklus.
- Indiensneming neem toe in die uitbreidingsfase van die sakesiklus.
- Indiensneming neem af gedurende die inkrimpingsfase.

### 4.4.4 Veranderinge in prysvlakke

- Pryse van die meeste goedere en dienste styg gedurende uitbreiding en die eerste deel van die welvaartfase. Dit is inflasie.
- Wanneer 'n resessie begin, is die pryse steeds hoog. Hierdie fase gaan gepaard met stagflasie (ekonomiese stagnasie). Dan begin die meeste pryse daal.

### 4.4.5 Veranderinge in die vlak van die wisselkoers

- Die uitbreiding- en opbloefase verhoog die vraag in ander lande na goedere wat uit Suid-Afrika ingevoer word. Uitvoere uit Suid-Afrika neem toe.
- Die vraag na die rand neem toe, die rand appresieer.
- In 'n wêreldwye resessie neem die vraag van ander lande na Suid-Afrikaanse produkte af.
- Die vraag na die rand neem af, die randwisselkoers depresseer.

Wanneer 'n geldeenheid appresieer raak dit sterker en wanneer dit depresseer, raak dit swakker.

# Gevolge vir mense wat ekonomies kwesbaar is

## 4.5 Gevolge vir mense wat ekonomies kwesbaar is

- Dit is mense sonder 'n vaste lewensonderhoud of genoeg finansiële reserwes om in hul basiese behoeftes te voorsien op 'n deurlopende grondslag. Dit sluit in pensioentrekkers, mense met gestremdhede of chroniese siektes soos vigs, landelike vroue, kinders, immigrante uit armer lande, en ongeletterde en ongeskoolde persone.
- Sakesiklusse raak gewoonlik ekonomies kwesbare mense meer as die res van die bevolking.

Redes hiervoor:

### 4.5.1 Lewenstandaard

- Met ekonomiese groei verbeter die algemene lewenstandaard van die land se bevolking.
- Regeringsbesteding neem toe gedurende die welvaartfase.
- Mense wat ekonomies kwesbaar is, ly die meeste wanneer lewenstandaarde gedurende 'n resessie daal.
- Sakeondernemings is minder produktief en minder winsgewend gedurende 'n resessie en depressie, individuele inkomste daal en die regering kry minder inkomste uit belastings.
- Daar is minder geld om te bestee aan maatskaplike opheffingsprojekte en toelae om mense in nood te help.
- 'n Resessie lei tot 'n groter aantal werklose mense (en hul afhanklikes) sonder enige gereelde inkomste.

### 4.5.2 Pryse

- Prysverhogings het negatiewe gevolge vir ekonomies kwesbare groepe.
- Mense met 'n vaste inkomste moet wag totdat die regering hul bestaansversekeringstoelae verhoog.
- Die meeste inkomste wat arm huishoudings ontvang, word bestee aan basiese noodsaaklikhede soos kos, skuiling, brandstof en noodsaaklike vervoer soos taxi's of treine.
- Vermindering van besteding lei tot groot gesondheidsrisiko's of ongerief vir ekonomies kwesbare groepe.



### 4.5.3 Werkloosheid

- Ongeletterde en ongeskoolde mense is dikwels die eerstes wat hul werk verloor gedurende 'n resessie.
- Baie tydelike werkers het nie langtermyn- werkkontrakte nie.
- Klein sakeondernemings in die informele sektor sukkel om in die resessiefase wins te maak.
- Ongeletterde of laaggeskoolde werkers doen dikwels eentonige handearbeid en kan deur tegnologie vervang word omdat sakeondernemings fokus op vermindering van koste en verhoging van produktiwiteit gedurende 'n resessie.

# Vrae

## Vraag 1: Veelvuldige keuse

Kies die korrekte antwoord. Skryf net die letter van die antwoord wat jy kies neer.

- 1.1 Die onderste draaipunt van 'n sakesiklus staan bekend as die ...
- A trog
  - B afswaai
  - C resessie
  - D depressie
- (2)
- 1.2 Gedurende 'n opswaai in die ekonomiese siklus sal ... toeneem en sal ... afneem
- A werkloosheid; pryse
  - B indiensneming; bankrotskappe
  - C uitvoere; vraag
  - D rentekoerse; inkomste
- (2)
- 1.3 Wanneer die totale aanbod toeneem sonder 'n toename in die totale vraag ...
- A sal prysvlakke outomaties styg
  - B sal prysvlakke daal
  - C sal die vraag na arbeid toeneem
  - D A en C
- (2)

## Vraag 2

Hoe kan die regering 'n styging in rentekoerse gebruik om die sakesiklus te beïnvloed?

(6)

## Vraag 3: Waar of Onwaar

Dui aan of die volgende stellings Waar of Onwaar is. As die stelling Onwaar is, skryf die korrekte stelling neer.

- 3.1 Gedurende welvaarttye is winste geneig om hoër te wees as gedurende 'n resessie. (2)
- 3.2 'n Afswaai in die sakesiklus raak die rykes meer as die armes omdat die rykes meer het om te verloor. (2)
- 3.3 'n Depresiasie van die waarde van die rand beteken dat ander lande meer betaal om ons geldeenheid te koop. (2)

## Vrae

### Vraag 4


Lys DRIE eksogene faktore wat 'n invloed op sakesiklusse het. (6)

### Vraag 5

Verduidelik DRIE gevolge wat veranderinge in die sakesiklus vir die lewenstandaard inhou. (12)

## Die dinamika van markte

### Oorsig



In Onderwerp 5 bestudeer jy die dinamika van markte. Markte speel 'n deurslaggewende rol in die vasstelling van pryse en hoeveelhede van goedere en dienste. Dit is belangrik dat jy die markmeganisme verstaan asook die soorte markte wat voorkom. Maak seker dat jy weet hoe om vraag- en aanbodkrommes te trek en dat jy kan aantoon wat gebeur wanneer veranderinge plaasvind.

# Die mark as 'n verskynsel

## 5.1 Die mark as 'n verskynsel

---

Die 'mark' is enige plek waar kopers en verkopers bymekaarkom om goedere en dienste vir geld te ruil. Dit sluit in koerante, advertensies, die internet en enige ander manier wat kopers en verkopers gebruik om met mekaar in aanraking te kom.

### 'n Mark moet die onderstaande hê

- Verkopers (verskaffers) wat goedere en dienste het wat hulle wil verkoop.
- Kopers (verbruikers) wat hierdie goedere of dienste wil koop; hulle vra hierdie goedere of dienste.
- 'n Plek waar die kopers en die verkopers ontmoet.

### Eienskappe en aktiwiteite van markte

- Die verkopers kompeteer met mekaar.
- Die kopers kompeteer ook om die beste prys te kry.
- Onderhandeling (bedinging) vind plaas.
- 'n Uitruil van goedere of dienste tussen die koper en die verkoper teen die prys waarvoor hulle ooreengekom het, vind plaas.

### 5.1.1 Waarde, prys en nut

#### Prys

Die hoeveelheid goedere wat produsente bereid is om te verskaf/verkoop teen 'n gegewe prys.

#### Waarde

Dit is die vermoë wat goedere of dienste het om ander goedere (insluitend geld) of dienste in ruil daarvoor te vra. Waarde in gebruik beteken dat iets benodig word en waarde het soos sonlig of vars lug. 'n Produk het waarde in ruil wanneer mense bereid is om daarvoor te betaal, byvoorbeeld 'n kar of elektrisiteit. Die 'waarde in ruil' van 'n produk is die prys van die produk.

**Nut**

- Nut is die mate van bevrediging wat 'n verbruiker uit 'n produk of diens kry.
- 'n Produk of diens wat nut het, bevredig verbruikers se behoeftes.
- Hoe meer nut goedere of dienste het, hoe groter sal die vraag na sulke produkte of dienste wees.

**Marginale nut:** die ekstra bevrediging wat 'n verbruiker kry wanneer hy/sy nog 'n eenheid van 'n produk koop.

**Afnemende marginale nut:** hoe meer eenhede 'n mens koop, hoe minder addisionele bevrediging kry jy uit die aankoop van elke ekstra eenheid.

**5.1.2 Verhouding tussen prys, waarde en nut**

- Hoe meer bevrediging 'n produk bied, hoe meer nut het dit.
- As 'n produk nut het en skaars is, sal mense geld daarvoor betaal. Die produk het dus 'n prys.
- Die prys van 'n produk is sy ruilwaarde.
- Mense ruil gewoonlik goedere en dienste vir geld.

# Soorte markte

## 5.2 Soorte markte

### Verbruikersmark

- 'n Verbruikersmark (ook 'n **goederemark** genoem) is 'n mark vir goedere en dienste.
- 'n Verbruikersmark is 'n mark waar jy afgewerkte goedere koop.

### Faktormark

- 'n Faktormark is 'n mark waar jy produksiefaktore koop.
- Produksiefaktore is sulke items soos arbeid of natuurlike hulpbronne.

### 5.2.1 Eienskappe van volmaakte markte

- Daar is 'n groot aantal kopers en verkopers.
- Kopers en verkopers het volledige inligting omtrent die mark.
- Kopers en verkopers is vry om die mark te betree of te verlaat.
- Al die goedere of dienste in die mark is identies.
- Geen inmenging van die regering met kopers of verkopers nie.
- Geen samespanning (samespanning om pryse te beïnvloed) tussen verkopers nie.
- Nóg die kopers nóg die verkopers kan die prys van die goedere of dienste beïnvloed.

### 5.2.2 Onvolmaakte markte

Toestande vir 'n volmaakte mark bestaan nie werklik nie, dus is alle markte in mindere of meerdere mate onvolmaak.

- Verkopers of kopers kan die prys van 'n produk beïnvloed.
- Sommige verkopers kan hul pryse verlaag en sodoende ander verkopers uit die mark dwing.
- Produsente kan die hoeveelheid van 'n produk wat hulle maak, verminder en sodoende veroorsaak dat die prys van die produk styg.
- Die goedere of dienste in die mark is nie identies nie.
- Kopers en verkopers is nie vry om die mark te betree of te verlaat nie.

### Daar is drie soorte onvolmaakte markte

- 'n Monopolie – daar is net een verkoper van 'n produk of diens, en verbruikers het geen plaasvervanger vir die produk of diens nie. Die verkoper kan enige prys vra en

goedere van enige gehalte aanbied. Byvoorbeeld, Eskom is die enigste produsent van elektrisiteit in Suid-Afrika.

- 'n Oligopolie – daar is 'n paar groot maatskappye wat die mark oorheers. Byvoorbeeld, Vodacom, MTN en Cell C oorheers die selfoondiensmark in Suid-Afrika.
- 'n Monopolistiese mededingende mark – sekere kenmerke van 'n monopolie en mededinger word gekombineer. Telkom het baie jare lank 'n monopolie vir die voorsiening van telekommunikasiedienste deur landlyne gehad. Telkom kon dus soveel vir hul dienste vra soos hulle wou. Maar as hulle te duur geraak het, sou mense oorgeskakel het na die gebruik van hul selfone en Telkom sou sake verloor het.

### **5.2.3 Wêreldmarkte**

Dit is markte wat wêreldwyd sake doen en nie beperk word deur nasionale grense nie. Die internet, telefoonnetwerke en fasiliteite vir elektroniese geldoorplasings maak van meer markte wêreldmarkte.



# Hoekom pryse belangrik in 'n markeconomie is

## 5.3 Hoekom pryse belangrik in 'n markeconomie is

---

- Pryse dien as tekens vir kopers en verkopers. Wanneer pryse laag genoeg is, stuur dit 'n “koop”-teken vir die kopers (verbruikers). Wanneer pryse hoog genoeg is, stuur dit 'n “verkoop”-teken vir die verkopers (kleinhandelaars).
- Moedig doeltreffende produksie aan. Hoe minder dit kos om 'n item te produseer, hoe waarskynliker is dat die produsente daarvan 'n wins sal verdien.
- Maatskappye wat doeltreffend is, sal meer goedere met minder grondstowwe produseer as maatskappye wat ondoeltreffend is.
- Pryse help bepaal wie die ekonomie se uitset van goedere en dienste sal ontvang, byvoorbeeld wanneer druiwe buite seisoen is, word dit ingevoer en is so duur dat net die rykes dit kan bekostig, maar wanneer dit seisoentyd is, is druiwe volop en goedkoop, en kan almal dit dus koop.

# Vraag, aanbod en prys

## 5.4 Vraag, aanbod en prys

### 5.4.1 Vraag

- Definisie van vraag: die hoeveelheid wat 'n individu of individue bereid is om te koop teen enige gegewe prys.
- Doeltreffende vraag: dit beteken dat mense in werklikheid die geld het om te koop.
- Individuele vraag: die hoeveelheid wat een individu of een huishouding beplan om te koop.
- Markvraag: die totale vraag van al die verbruikers in 'n spesifieke mark.


### Die verhouding tussen vraag en prys

Die vraag na 'n produk neem toe soos die prys daal en neem af soos die prys styg.

### Die vraagkromme

Dit toon die verhouding tussen vraag en prys.

Prys (rand per stafie)	Hoeveelheid gevra (miljoen stafies per week)
0	12
10	10
20	8
30	6
40	4
50	2
60	0
70	0




## 5.4.2 Ander faktore wat vraag beïnvloed

- Advertering.
- Ekonomiese siklusse: in 'n resessie het mense minder beskikbare inkomste om te bestee, wat die vraag verminder.
- Mode.
- Weer.
- Nuwe of beter alternatiewe produkte raak in die handel beskikbaar.
- Tegnologiese veranderinge.

Veranderinge in prys veroorsaak 'n beweging met die kromme langs.

'n Verandering in die faktore wat vraag beïnvloed, sal die hele kromme verskuif.



# Aanbod en prys

## 5.5 Aanbod en prys


Definisie van aanbod: die hoeveelheid wat maatskappye bereid is om te verskaf teen 'n gegewe prys.

Die aanbod neem toe soos die prys styg en neem af soos die prys daal. Dit is omdat produsente beoog om wins te maak.

### 5.5.1 Die aanbodkromme

Dit toon die verhouding tussen aanbod en prys aan.

Prys (rand per stafie)	Hoeveelheid verskaf (miljoen stafies per week)
0	0
10	0
20	2
30	4
40	6
50	8
60	10
70	12




**Ander faktore wat aanbod beïnvloed**

- Natuurfaktore soos droogtes, haelstorms of oorstromings kan die aanbod van landbouprodukte laat afneem; groot oeste kan die aanbod laat toeneem.
- Die produksiekoste kan dalk verander.
- Veranderinge in tegnologie maak nuwe, goedkoper produksieprosesse moontlik.
- Ander produsente kan dalk die mark betree of verlaat.

'n Verandering in die faktore wat aanbod beïnvloed, sal die hele kromme verskuif.

'n Verandering in pryse veroorsaak 'n beweging met die bestaande kromme langs.



# Prysvorming

## 5.6 Prysvorming


Prysvorming (of prysbepaling) vind plaas waar die markkragte van aanbod en vraag 'n ewewig bereik, genoem die ewewigspunt.

Hierdie ewewigspunt is die ewewigsprys van 'n produk.

Die ewewigsprys gee ook die ewewigshoeveelheid, dit is hoeveel eenhede van die produk die verbruikers sal wil koop en die verskaffers sal wil aanbied.

Die mark is in ewewig (in balans) as die vraag na 'n sekere produk gelyk is aan die aanbod van die produk. Die ewewigsprys word bepaal deur:

- Die prys wat verbruikers bereid is om vir die produk te betaal, en
- Die prys waarteen produsente bereid is om die produk te verskaf.



Prysewewig kom voor waar aanbod en vraag gelyk is. Dit is die punt waar sowel verkopers as kopers tevrede is met die prys en die hoeveelheid.

### 5.6.1 Die prysmeganisme

- Die prysmeganisme beteken dat markte hulself voortdurend regstel. Pryse beweeg gereeld bo of onder die ewewigsprys, en dan stel die prysmeganisme die situasie reg.
- As die prys van 'n produk styg, dan sal die aanbod toeneem, maar die vraag sal afneem. Ons noem dit 'n surplus. Die pryse sal dan daal totdat vraag en aanbod gelyk is.
- As die prys van 'n produk daal, dan sal die aanbod afneem en die vraag sal toeneem. Ons noem hierdie situasie 'n tekort. Die prys sal dan styg totdat die vraag en aanbod gelyk is.
- Oormaat aanbod of oormaatvraag sal albei as snellers dien om die mark terug te skuif na ewewig.

# Funksies van markte

## 5.7 Funksies van markte

---

Die funksies van markte maak keuses moontlik.

Dit is moontlik vir die regering om prysbesluite namens die burgers te neem.

Die regering sou kon besluit:

- wat ons nodig het
- hoeveel van elke produk
- teen watter prys

Die produsente sou weet hoeveel om te produseer en hulle sou nooit met 'n surplus gesit het nie.

Die verbruikers sou weet wat elke produk kos en hoeveel daarvan beskikbaar is.

Ons sou weet watter grondstowwe ons vir produksie nodig het en watter arbeid ons nodig het om dit te produseer. Maar ons sou geen vrye keuse gehad het nie.

### 5.7.1 Markte bring aanbod en vraag bymekaar

- Kopers wil die produkte en dienste wat hulle nodig het, teen die laagste moontlike prys kry.
- Verkopers wil hul produkte en dienste teen die hoogste moontlike prys verkoop ten einde soveel wins moontlik te maak.
- As die verkopers te veel wins maak, sal die kopers uitgebuit voel. As hulle nie die produkte benodig nie, sal hulle waarskynlik nie hierdie produkte van hierdie verkopers koop nie.
- Mededinging tussen verkopers help om winsbejag onder beheer te hou.
- In 'n volmaakte mark het die verkopers en kopers al die inligting wat hulle nodig het en is daar baie verskaffers en kopers. As een verskaffer die verbruikers probeer uitbuit, sal die verbruikers eenvoudig by 'n ander verskaffer gaan koop.

### 5.7.2 Markte ken hulpbronne toe

- Markte toon aan produsente wat hulle moet produseer, en hoeveel van daardie produk hulle moet produseer.



- Die markkragte van aanbod en vraag bepaal die prys van die produk – die prys wat die verbruikers bereid is om te betaal, terwyl dit steeds vir die produsente kans gee om voldoende wins te maak.
- Dit beteken die mark sê vir die produsente hoeveel om in die produksie van enige besondere produk te belê. As dit te veel kos om 'n produk te produseer, sal die verbruikers nie die verkoopprijs betaal nie.

### **5.7.3 Markte reguleer hulleself**

Die markkragte van aanbod en vraag reguleer die mark.

#### **As die produsente 'n te hoë prys vra**

- sal die vraag na daardie produk afneem
- sal die produsente verplig wees om hul pryse te verlaag, of
- sal hulle met baie onverkoopte produkte sit en 'n verlies maak.

#### **As die prys te laag is**

- sal die produsente nie bereid wees om die produk te produseer nie, want
- dit sal nie vir hulle die moeite werd wees nie
- die aanbod van daardie produk sal dan afneem
- eers wanneer pryse styg, sal die produsente weer met produksie begin.

## Vrae

### Vraag 1: Veelvuldige keuse

Kies die korrekte antwoord. Skryf net die letter neer van die antwoord wat jy kies.

- 1.1 As gevolg van kragonderbrekings neem die vraag na kerse toe. Maar as gevolg van die kragonderbrekings kan fabrieke nie al hul masjinerie gebruik nie en neem die aanbod van kerse af.

Watter van die onderstaande stellings is korrek?

- A die vraagkromme vir kerse sal na links verskuif
- B die vraagkromme vir kerse sal na regs verskuif
- C die aanbodkromme vir kerse sal na links verskuif
- D die aanbodkromme vir kerse sal na regs verskuif (2)

- 1.2 'n Monopolie is 'n mark waar daar ...

- A baie kopers en min verkopers is
- B baie kopers maar net een verkoper is
- C baie verkopers en 'n paar kopers is
- D baie verkopers maar net een koper is (2)

- 1.3 As die prys van gloeilampe daal, dan ...

- A sal die vraag na gloeilampe ook afneem
- B sal die aanbod van gloeilampe afneem
- C sal die aanbod van gloeilampe toeneem
- D sal daar geen verandering in die vraag na en aanbod van gloeilampe wees nie (2)

### Vraag 2: Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies

- 2.1 Die marginale nut is die (addisionele/totale) bevrediging wat uit die verbruik van (alle eenhede/nog een eenheid) verkry word. (2)
- 2.2 Teen alle pryse bo die ewewigsprys sal 'n mark- (tekort/surplus) in swang wees. (2)

## Vrae

### Vraag 3


- 3.1 Noem TWEE soorte markte. (4)
- 3.2 Maak 'n lys van enige drie faktore wat die vraag na goedere sal bepaal. (6)

### Vraag 4: Opstelvraag

Bespreek die funksies van markte en verduidelik met behulp van 'n grafiek hoe pryse en hoeveelhede vasgestel word. [40]

## Die produksiemoontliheidskromme

### Oorsig



Hierdie onderwerp behandel die toewysing van hulpbronne. Omdat hulpbronne beperk is, moet ons keuses maak. Dit word geleentheidskoste genoem, en is op sowel produksie as verbruik van toepassing.

# Toewysing van hulpbronne

## 6.1 Toewysing van hulpbronne

---

- Die probleme van skaarsheid en keuse is op produksie en verbruik van toepassing.
- Daar is nie genoeg hulpbronne om alles te produseer nie selfs met volle kapasiteit.
- Ons moet keuses maak.
- Ons gebruik produksie moontlikheidskrommes (PMK's) om die begrippe skaarsheid, keuse en geleentheidskoste op 'n sigbare manier te toon.
- 'n PMK toon die maksimum aantal van enige twee produkte wat ons met 'n vaste hoeveelheid hulpbronne kan produseer.
- PMK illustreer die geleentheidskoste om meer van een produk te verkry, wat beteken ons het minder van die ander een.

Ekonomie gebruik die terme insette en uitsette.

Insette is die produksiefaktore wat produsente gebruik om produkte te vervaardig.

Uitsette is die goedere of dienste (produkte) wat ons van die produksieproses kry.


### 6.1.1 Die produksie moontlikheidskromme (PMK)

Die PMK word op vier aannames gebaseer:

- Die ekonomie gebruik al sy hulpbronne en produseer goedere en dienste teen die laagste koste.
- Die hulpbronne (produksiefaktore) is vasstaande.
- Tegnologie is vasstaande.
- Die ekonomie lewer net twee produkte.

#### Voorbeeld:

Die onderstaande diagram toon 'n land wat net twee produkte kan lewer: kos en klere.



- As die land al hul produksiehulpbronne gebruik en net klere maak, kan hulle 30 eenhede klere maak.
- As hulle al hul produksiehulpbronne gebruik en net kos produseer, kan hulle 25 eenhede kos produseer.
- By punt G kan hulle 15 eenhede klere maak en 10 eenhede kos produseer, MAAR hulle gebruik nie al hul produksiehulpbronne nie – daar is hulpbronne wat vermors word.
- Punt H sou vir hulle meer van albei goedere gee, maar hulle kan dit nog nie behartig nie; hulle het nie genoeg produksiehulpbronne nie.
- Punte B, C, D en E is almal keuses wat gemaak kan word.
- Deur die diagram te bestudeer, kan 'n mens uitwerk hoeveel eenhede kos en klere by elke punt geproduseer word. As ons meer van een item produseer, produseer ons minder van die ander een.
- Die PMK demonstreer skaarsheid en keuse.

## 6.1.2 Vorm van 'n PMK

- 'n PMK kan 'n reguit lyn wees, 'n konvekse (bult na buite) kromme of 'n konkawe (buig na binne) kromme.
- Die opweging tussen die hulpbronne bepaal die vorm van die kromme.
- 'n Konvekse of konkawe kromme beteken dat die koers van die opweging nie dieselfde is vir elke eenheid ekstra wat 'n mens produseer nie.

**Die posisie en vorm van die PMK hang van die onderstaande aspekte van 'n ekonomie af**

- fisiese hulpbronne


- vaardighede en tegnologie
- hoe hard mense bereid is om te werk
- hoeveel in die verlede in infrastruktuur, konstruksie, navorsing en innovering belê is.

### 6.1.3 Veranderinge in die produksiemoontlikheidskromme

- Interne faktore waaroor die produsent/eienaar beheer het, soos die aantal werkers of die ligging van die fabriek.
- Eksterne faktore wat buite die beheer van die produsent is, soos natuurrampe en die brandstofprys.

#### Verandering in een van die uitsette

Die helling en posisie van die PMK sal verander as daar 'n verandering in tegnologie of hulpbronne is wat net een van die produkte raak. 'n Verbetering van boerderytegnieke sal lei tot 'n toename in die hoeveelheid kos wat geproduseer kan word, maar dit sal nie die hoeveelheid klere wat geproduseer kan word, raak nie.



### 6.1.4 Ekonomiese Groei

Wanneer 'n ekonomie groei, kan ons aanvaar dat die volgende beskikbaar sal wees:

- Meer hulpbronne.
- Beter kwaliteit van hulpbronne.
- Verbeterde tegnologie.


Al hierdie faktore sal die PMK uitwaarts na regs verskuif.

Handel stel lande in staat om meer te verbruik as wat hulle sou indien hulle alles self sou produseer.

# Maksimalisering van bevrediging – indifferensiekrommes

## 6.2 Maksimalisering van bevrediging – indifferensiekrommes


'n Indifferensiekromme is 'n grafiek wat al die kombinasies van hoeveelhede goedere wat die verbruiker gelyk sal bevredig, toon. Hierdie kombinasies gee vir die verbruiker gelyke vlakke van bevrediging.



By punt A het ons meer van produk y as van produk x, en by punt D het ons aansienlik meer van produk x as van produk y, maar ons hou ewe veel van albei keuses. Al die kombinasies van x en y op 'n indifferensiekromme stel ons ewe tevrede.

### 6.2.1 Veranderinge in inkomste

- Veranderinge in inkomste beteken ons kan verskillende keuses maak.
- Ons oorspronklike inkomste het ons in staat gestel om kombinasies van x en y op indifferensiekromme  $IC_2$  hieronder te koop. As ons inkomste verhoog, beteken dat ons meer van albei kan koop en ons sou na  $IC_3$  beweeg.
- As ons inkomste daal, dan sou ons na  $IC_1$  beweeg.
- As die prys van een van die twee produkte verander, dan sal die helling van ons indifferensiekromme ook verander.





# Markmislukkings – ondoeltreffendhede

## 6.3 Markmislukkings – ondoeltreffendhede

---

Ons leef nie in 'n volmaakte wêreld nie.

Toestande in markte is dikwels nie ideaal nie, en veroorsaak ondoeltreffendhede wat betref die wyse waarop ons hulpbronne toeken en inkomste verdeel.

Regerings gryp in die ekonomie in om ondoeltreffendhede reg te stel.

### 6.3.1 Ongelyke verdeling van inkomste

- Baie mense leef in absolute armoede.
- Die regering tree dan tussenbeide en betaal welsynstoelae en pensioene om arm mense te help.
- Hierdie betalings skep 'n groter mark en meer verbruikers.
- Meer maatskappye kan dus skaalvoordele geniet en die PMK verskuif dus na regs.

### 6.3.2 Monopolieë

- As daar nie genoeg mededinging in die mark is nie, kan monopolieë ontwikkel.
- 'n Monopolie bestaan wanneer daar net een verskaffer van 'n produk is.
- Die monopolieë kan die pryse van sekere produkte of groepe produkte en dienste in die mark voorskryf.
- Dit kan verbruikers dalk uitbuit, veral as monopolieë ten opsigte van die verskaffing van noodsaaklike goedere en dienste, soos basiese kossoorte, ontwikkel.
- Die regering tree tussenbeide om monopolieë te voorkom deur wette te maak wat monopolieë verbied.

As gevestigde maatskappye nie monopolieë kan vorm nie, is dit makliker vir nuwe mededingers om tot die mark toe te tree. Meer mededinging skep groter doeltreffendheid. Doeltreffender maatskappye kan dan meer met dieselfde hulpbronne produseer. Dit verskuif die PMK na regs.

### 6.3.3 Inflasie en uiterste fluktuasies in sakesiklusse

- Hoë inflasiekoerse veroorsaak onstabiele ekonomiese toestande.
- Die Reserwebank probeer om inflasie te beheer ten einde die ekonomie te stabiliseer.

- Wilde swaaie tussen trôe en pieke in die sakesiklus veroorsaak ook onstabiliteit, wat vertroue in die ekonomie ondermyn.
- Die staat kan bestee of spaar om die gewone sakesiklus teen te werk en om die invloed daarvan te beperk.

As produsente weet dat die vraag redelik stabiel sal bly en dat inflasie nie handuit sal ruk nie, kan hulle beter beplan. 'n Stabiele ekonomie verskuif die PMK na regs omdat produsente meer met dieselfde kontanthulpbronne kan produseer, aangesien die koste om te leen stabiel bly.

#### **6.3.4 Besoedeling en uitgeputte natuurlike hulpbronne**

- Baie sakeondernemings gee nie om wat hulle doen om wins te maak nie en hulle sal die omgewing besoedel en natuurlike hulpbronne vermors as hulle sodoende meer wins kan maak.
- Die staat maak wette om die gebruik van natuurlike hulpbronne te beheer en pas die wette toe.
- Hierdie wette kan produksie vir die produsente duurder maak.
- Duurder produksieprosesse verskuif die PMK na links; produsente kan minder produseer met dieselfde hulpbronne omdat produksie duurder is.

## Vrae

### Vraag 1: Veelvuldigekeusevrae

Kies die korrekte antwoord. Skryf net die letter van die antwoord wat jy kies neer.

1.1 Markmislukkings kom voor wanneer:

- A daar geen vraag na 'n produk is nie
- B die aanbod van 'n produk te groot is
- C ondoeltreffendhede in die toewysing van hulpbronne en inkomste voorkom
- D regerings tussenbeide tree. (2)

1.2 Produktiewe doeltreffendheid kom voor wanneer ...

- A die ekonomie al sy hulpbronne doeltreffend gebruik
- B die ekonomie die regte kombinasie goedere en dienste produseer
- C die ekonomie op die produksiemoontlikheidskromme produseer
- D A en C. (2)

### Vraag 2


Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies.

- 2.1 'n Punt buite die produksiemoontlikheidskromme kan net bereik word deur verbeterde (tegnologie/bestuur). (2)
- 2.2 'n Indifferensiekromme toon hoeveelhede goedere wat ons (marginaal/gelyk) bevredig. (2)
- 2.3 'n Stabiele ekonomie veroorsaak dat die produksiemoontlikheidsgrens na (regs/links) skuif. (2)

## Vrae

### Vraag 3

Kyk na die onderstaande diagram en beantwoord die vrae wat volg:



- 3.1 As al die produksiefaktore gebruik word om wyn te produseer, hoeveel wyn kan geproduseer word? (2)
- 3.2 As al die produksiefaktore gebruik word om kaas te produseer, hoeveel kaas kan geproduseer word? (2)
- 3.3 Is dit moontlik om die kombinasie kaas en wyn wat by punt A aangedui word, te produseer? (2)
- 3.4 Is dit moontlik om die kombinasie kaas en wyn wat by punt B aangedui word, te produseer? (2)
- 3.5 Wat gebeur by punt C? (2)

### Vraag 4

Pas die onderstaande produksiemoontlikheidskrommes by die korrekte beskrywing.

- 4.1 'n Nuwe manier om piesangs te kweek en te oes, is ontwikkel.
- 4.2 'n Nuwe tegniek om meer kokosneute te kweek, word gebruik.
- 4.3 Werkers wat beter opgevoed en opgelei is, ly tot 'n toename in die produksie van sowel piesangs as kokosneute.





## Vrae

4.4 Ondoeltreffendheid in toewysings lei tot 'n gelyke/ongelyke verdeling van inkomste.

4.5 Droogte het 'n afname in die produksie van sowel piesangs as kokosneute tot gevolg gehad. (2 x 4 = 8)


### Vraag 5

Verduidelik die betekenis van die term 'monopolie' en die gevolge daarvan op die ekonomie. (10)



## Die openbare sektor

### Oorsig



Die openbare sektor bestaan uit die sentrale regering, provinsiale regering en plaaslike regering asook ondernemings wat deur die staat besit of befonds word. Hulle het almal 'n invloed op die ekonomie en speel 'n belangrike rol daarin. Die openbare sektor is 'n groot verbruiker en produsent van goedere en dienste. Dit probeer ook ekonomiese groei beïnvloed en ongelykhede soos armoede en werkloosheid regstel.

# Redes vir ingryping deur openbare sektor

## 7.1 Redes vir ingryping deur openbare sektor

---

- om verbruikers teen ondoeltreffendhede soos monopolieë te beskerm
- ongelyke geleenthede
- om welsynsdienste soos gesondheid en onderwys te voorsien
- om teen onbillike pryse te waak
- om regverdigde behandeling van werkers te bevorder en uitbuiting te voorkom, dus stel die staat minimum lone en maksimum werksure vas
- om strategiese ondernemings te beheer, byvoorbeeld opwekking van elektrisiteit en voorsiening van water

Die regering vorder belastings in om vir sy aktiwiteite te betaal.

### 7.1.2 Hoe gryp die openbare sektor in die ekonomie in?

- deur die handhawing van geregtigheid, reg en orde, en die beskerming van eiendomsregte
- deur die invordering van belastings
- deur die besteding van belastinggeld met behulp van die regeringsbegroting
- deur die besit van aandele in sekere maatskappye, bv. Transnet
- deur die lewering van sekere dienste soos onderwys en gesondheidsorg
- deur die beïnvloeding van pryse van sekere goedere met prysplafonne, vloerpryse en subsidies.

#### Die regering beïnvloed pryse en hoeveelhede in die mark deur

- die vasstelling van maksimum pryse (prysplafonne)
- die vasstelling van minimum pryse (vloerpryse)
- die subsidiëring van sekere produkte en aktiwiteite
- belastingheffings op sekere produkte en aktiwiteite.

# Soorte ingryping

## 7.2 Soorte ingryping

### 7.2.1 Direkte belastings

Geld wat individue uit hul lone of salarisse of wat maatskappye uit hul winste aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) betaal.

- Belastingbetalers en sakeondernemings het minder geld om te bestee.
- Mense het minder besteebare inkomste of minder 'netto inkomste'.
- Belastings veroorsaak dat die vraagkromme na links skuif.

### 7.2.2 Indirekte belastings

Dit is belastings wat op goedere en dienste betaal word.

- Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) is 'n voorbeeld van 'n indirekte belasting. Dit word gehef as 'n persentasie van die prys van 'n item (tans 14%).
- Eenheidsprysbelasting. Belastings op sigarette en alkohol is 'n eenheidsprysbelasting (aksynsbelasting). Dit is 'n vaste koers per eenheid ongeag wat die prys van die produk is.

#### Redes vir indirekte belastings

- Om die inkomste van die regering te verhoog: byna 40% van die inkomste van die regering kom uit indirekte belastings.
- Om die vraag na 'n produk te verlaag: omdat die BTW of aksynsbelasting wat 'n mens op 'n produk moet betaal, die prys van die produk verhoog, koop mense minder van daardie produk.
- Aksynsbelasting verhoog die pryse van ingevoerde goedere, wat Suid-Afrikaners dus aanmoedig om eerder plaaslik vervaardigde goedere te koop.

#### Gevolge van indirekte belastings

Albei vorme van indirekte belastings het dieselfde gevolge op die besteding van verbruikers:

- Indirekte belasting, soos BTW of aksynsbelasting, maak sekere produkte duurder, dus koop verbruikers minder daarvan. Die vraag na die produk neem af.
- Sakeondernemings verkoop minder goedere of dienste, want daar is 'n kleiner vraag na hul produkte.



- Mense koop plaaslik vervaardigde goedere eerder as ingevoerde goedere, want aksynsbelasting maak die ingevoerde goedere duurder.
- Mense het minder geld om te bestee. Bestebare inkomste neem af.

### 7.2.3 Subsidies

Die regering ontvang geld deur belastinginvordering en gebruik van hierdie geld om subsidies te gee ten einde arm mense te help om goedere te koop en om produsente te help om basiese produkte teen billike pryse te voorsien.

#### Subsidies aan verbruikers

- Om verbruikers aan te moedig om meer van 'n sekere produk te koop.
- Die vraag na die produk sal dus toeneem.
- Regerings gee aan verbruikers subsidies deur die indirekte belasting op 'n produk te verlaag.
- Regerings gee ook partymaal aan verbruikers subsidies in die vorm van koopbewyse of toelae vir die koop van bepaalde items.

#### Hoe subsidies 'n ekonomie kan benadeel

- Subsidies meng in met die werking van 'n markeconomie.
- 'n Regering betaal subsidies om die pryse en/of hoeveelhede van goedere en dienste wat verbruikers van produsente koop, te verander.

#### Subsidies aan produsente

- Die regering betaal 'n bedrag geld (die subsidie) aan die produsent op voorwaarde dat die produsent dan die produk of diens teen 'n laer prys aan verbruikers verkoop.
- Regerings betaal dikwels subsidies aan boere sodat hulle goedkoper kos kan produseer.
- Die Suid-Afrikaanse regering het vroeër die prys van brood gesubsidieer.
- Subsidies help arm mense.
- Die regering betaal subsidies aan produsente in sekere sektore van die ekonomie in die vorm van kontant, of in die vorm van 'n belastingvermindering, om hulle aan te moedig om goedere uit te voer.

**Redes vir plaassubsidies**

- Boerdery is 'n riskante onderneming, aangesien boere natuurlike risiko's soos droogtes, oorstromings en siektes van gesaaides of diere moet trotseer.
- Boere het baie hoë insetkoste, in die besonder diesel, plaasmasjinerie, bemesting en plaagdoders.
- Boere is noodsaaklik vir die voedselsekerheid van 'n land.

**7.2.4 Welsyn**

- Baie regerings gee elke maand welsynstoelae aan mense wat nie kan werk nie. Voorbeelde van welsynstoelae sluit in ouderdomspensioene, ongeschiktheidstoelae en kinderonderhoudstoelae.
- Welsynstoelae is 'n vorm van oordragbetaling.
- Omdat armoede so 'n wydverspreide probleem in Suid-Afrika is, dink baie mense dat die regering ook 'n basiese inkomstetoelaag vir alle arm mense moet gee.
- Soms betaal die regering welsynstoelae aan produsente sodat arm mense daarby baat kan vind.

**7.2.5 Maksimum en minimum pryse**

Regerings gryp partymaal in die ekonomie in deur maksimum of minimum pryse vir produkte en dienste vas te stel. Prysvasstelling sal die vraag en aanbod van 'n produk of diens beïnvloed.

**Maksimum pryse (prysplafonne)**

- 'n Prysplafon is die wettige maksimum prys waarteen 'n sekere produk of diens verkoop kan word.
- Dit verseker dat arm mense dit steeds kan bekostig om daardie produk of diens te koop.

**Uitwerking van prysplafonne**

As die maksimum prys of prysplafon bo die ewewigsprys is, sal dit geen uitwerking op die vraag of aanbod van daardie produk of diens hê nie. Maar as die prysplafon onder die ewewigsprys is, sal die prysplafon 'n uitwerking hê.

**'n Prysplafon het gewoonlik die onderstaande gevolge**

- 'n Tekort aan die items wat deur 'n prysplafon beheer word.
- Dit veroorsaak die ontstaan van 'n onwettige mark (swartmark) vir daardie bepaalde produk.

- Die 'swartmark'-prys van daardie produk is hoër as die 'normale' markprys.
- 'n Deel van die prys wat deur die verbruikers betaal word, gaan na die 'swartmarkverskaffer', en nie na die oorspronklike verskaffer nie.

### **Minimum pryse (vloerpryse)**

- 'n Vloerprys is 'n gewaarborgde minimum prys vir 'n sekere produk of diens. In die verlede het die regering die pryse van landbouprodukte beheer deur 'n minimum prys vas te stel. Dit is gedoen om die boere in die landbousektor te hou en vir hulle 'n hoër inkomste te waarborg.
- As die vloerprys onder die ewewigsprys is, sal dit geen uitwerking op die vraag of aanbod van daardie produk hê nie. Maar as die vloerprys bo die ewewigsprys is, sal daar 'n uitwerking wees.

'n Vloerprys het gewoonlik die volgende gevolge:

- 'n Surplus van die items wat deur 'n vloerprys beheer word.
- As daar 'n surplus is, sukkel die produsente om hul produkte te verkoop.
- Verkopers probeer dikwels afslag in verskillende vorms aanbied, net om van die surplus ontslae te raak.

## **7.2.6 Produksie**

Die openbare sektor produseer twee soorte produkte:

- Openbare goedere – wat goedere is wat deur die gemeenskap of samelewing gebruik word, byvoorbeeld straatligte, paaie, biblioteke, klinieke.
- Merietegoedere – wat goedere of dienste is wat tot voordeel van die gemeenskap in sy geheel is, maar wat nie vir 'n private maatskappy winsgewend is om te produseer nie, byvoorbeeld inenting van babas teen siektes.

Suid-Afrika het 'n aantal maatskappye in regeringsbesit, met inbegrip van Telkom, Transnet, Sasol en Eskom. Sedert 1994 het die regering begin om hierdie maatskappye te privatiseer, wat beteken dat van hulle geheel of gedeeltelik aan private beleggers verkoop is.

### **Die uitwerking van regeringsproduksie**

- Die openbare sektor verskaf gewoonlik produkte en dienste teen 'n laer koste of gratis.
- Dit beteken dat meer mense hierdie produkte of dienste sal gebruik.
- Die vraag na hierdie produkte en dienste neem dus toe.

### 7.2.7 Minimum lone

- Dit is die laagste loon wat wettiglik aan enige werker in 'n bepaalde sektor betaal kan word.
- Minimum lone beskerm die werkers in 'n bepaalde sektor teen uitbuiting, en verhoog die inkomste en lewenstandaard van uiters arm en kwesbare mense.

Die vasstelling van 'n minimum loon het dikwels net die teenoorgestelde uitwerking. Die vraag na werkers daal omdat baie werkgewers nie kan bekostig om die hoër minimum loon te betaal nie. Die gevolg is groter werkloosheid en meer mense sonder 'n inkomste.

'n Regering moet die regte balans kry wanneer dit minimum lone oorweeg.

**Vraag 1: Veelvuldige keuse**

Kies die korrekte antwoord. Skryf net die letter van die antwoord wat jy kies neer.

2.1 Paaie, spoorweë en lugvervoer word ... dienste genoem.

- A ekonomiese
- B infrastruktuur-
- C sosiale
- D openbare (2)

1.2 Ekonomiese beleid word primêr toegepas om die onderstaande te bereik:

- A 'n verbetering in lewenstandaarde
- B volle indiensneming
- C die bevordering van ekonomiese groei
- D stabiele pryse (2)

1.3 Die probleem wat om te produseer in 'n sentraal beplande ekonomie, word opgelos deur:

- A verbruikersvoorkeur
- B besluite deur produsente
- C die staat
- D die markmeganisme (2)

**Vraag 2: Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies**

2.1 Die koers waarteen BTW betaal word, is tans (20%/14%). (2)

2.2 (Doeaneregte/Indirekte belasting) is belasting wat op invoer en uitvoer gehef word. (2)

2.2 Wanneer die regering ondernemings in staatsbesit aan die private sektor verkoop, word dit (nasionalisering/privatisering genoem). (2)

## Vrae

### Vraag 3: Waar of Onwaar

Dui aan of die volgende stellings Waar of Onwaar is. As die stelling Onwaar is, skryf die korrekte stelling neer.

- 3.1 Indirekte belasting kan nie maklik ontduik word nie. (2)
- 3.2 In 'n kapitalistiese stelsel besit en beheer die regering al die produksiefaktore. (2)
- 3.3 Die regering se hoofbron van inkomste is belasting. (2)

### Vraag 4


Lys enige DRIE vorme van Suid-Afrikaanse welsynstoelae. (6)

### Vraag 5

Verduidelik DRIE maniere waarop die regering in die ekonomie ingryp. (6)

## Groei, ontwikkeling en globalisering

### Oorsig



In Onderwerp 8 bestudeer jy die historiese agtergrond van die wêreldekonomieë (en Suid-Afrika in die besonder). Jy behoort 'n begrip te kry van hoe die huidige ekonomieë van die wêreld ontwikkel het en van die verskillende maniere waarop mense hulpbronne gebruik om goedere en dienste te vervaardig en dit te verbruik.

# Die ontstaan van handel

## 8.1 Die ontstaan van handel

---

### 8.1.1 Vroeë gemeenskappe

#### Die tradisionele fase

- Tradisionele gemeenskappe was selfonderhoudend, meestal van landbou afhanklik, en het slegs vir hul eie behoeftes geproduseer. Mense was jagter-versamelaars.
- Die ontwikkeling van basiese gereedskap het mense in staat gestel om vroeë nedersettings te vestig en diere mak te maak.
- Die groei van nedersettings het mense in staat gestel om meer produktief te wees en te spesialiseer, asook om ruilhandel te doen en handel te dryf.
- Mense het begin om eenvoudige vorms van geld, soos skulpe en krale, te gebruik.
- Eenvoudige vorme van skryf, boekstaving van vaardighede en geleerdheid het ontstaan.
- Sommige groepe mense het begin om hulpbronne te beheer, en rykdom en mag verkry. Hulle het die eerste leiers van die vroeë gemeenskappe geword.
- Voorbeelde van die pastorale gemeenskappe wat steeds in Afrika voorkom, is die Masai in Kenia en die Himba in Namibië.



# Evolusie van markte

## 8.2 Evolusie van markte

---

### 8.2.1 Spesialisasie

Namate bevolkings geleer het om meer produkte, soos wyn en erdewerk, te vervaardig, het hulle begin spesialiseer en handel dryf. Dit het 'n handelsklas ontwikkel wat met verskillende beskawings kontak gehad het. Handelsreisigers, wat van dorp na dorp beweeg het, het begin sake doen.

### 8.2.2 Oorskotproduksie

Danksy spesialisasie kon mense meer van 'n produk vervaardig as wat hulle vir eie gebruik nodig gehad het. Dit het aan hulle 'n oorskot gegee waarmee hulle kon handel dryf. Arbeidsverdeling en spesialisasie was belangrike voorvereistes vir die ontwikkeling van handel.

### 8.2.3 Die groei van dorpe en stede

Namate handel toegeneem het, het stede ontstaan, dikwels naby 'n rivieraansluiting of 'n veilige hawe. Die ontwikkeling van dorpe en stede het 'n elitegroep ryk en magtige mense geskep. Politieke stelsels het begin ontstaan om orde in die stede te skep. Markte het ontwikkel as plekke waar kopers en verkopers kon ontmoet.

### 8.2.4 Spesialisasie van arbeid

Die toename van spesialisasie en die ontwikkeling van bedrywe het gelei tot die skepping van assosiasies en gildes. Gildes het gewone mense in staat gestel om saam te staan teen die mag van die regerende klasse. Gildes kan beskou word as die ontstaan van die vryemarkstelsel.

### 8.2.5 Handelsreg

'n Ekonomiese revolusie het van 1500–1889 plaasgevind namate lande op 'n baie groter skaal met mekaar begin handel dryf het. 'n Stel wette, bekend as die handelsreg, is ontwikkel om handel te beheer. Hulle vorm vandag steeds in 'n groot mate die grondslag van die internasionale handelsreg.

### **8.2.6 Kolonialisme**

Europese lande het tussen 1500 en 1900 baie gebiede in die wêreld gekoloniseer. Kommersiële landbou en mynwese is ontwikkel om gebruiksartikels en vars produkte aan die koloniserende lande te lewer.

### **8.2.7 Tegnologiese vooruitgang**

Die 18de eeu het die begin van industrialisasie en tegnologiese vooruitgang meegebring. Die hoofkenmerke van hierdie periode was meganisasie, verstedeliking, ontwikkeling van vervoerstelsels en die ontstaan van groot korporasies.

### **8.2.8 Groei van geld en besparing**

Geld het ontwikkel as 'n betaalmiddel vir goedere en dienste, aangesien ruilhandel nie meer goed genoeg was nie. 'n Medium vir wisseling was nodig. Die bankwese het gegroei omdat dit 'n mark gebied het vir die deponering van spaargeld en die skepping van lenings. Rente is gegee op beleggings en betaal op lenings. Die verskil tussen die twee soorte rente is die wins wat deur die bank gemaak word.

# Regerings en die regulering van markte

## 8.3 Regerings en die regulering van markte

---

- Regerings tree toe tot die handel om hul eie, nasionale belange te beskerm en om ekonomiese groei in 'n land te bevorder.
- Regerings gebruik geld wat deur belasting of regeringseffekte geïen is vir die skepping van die infrastruktuur en maatskaplike dienste wat nodig is vir doeltreffend landsbestuur.
- Verskillende lande het verskillende ekonomiese stelsels. Sommige het vryemarkstelsels, soos die VSA, en sommige het sosialistiese of kommunistiese stelsels, soos China of Rusland. Die meeste het gemengde ekonomieë met 'n mate van regeringseinmenging in die ekonomie vir die verskaffing van basiese dienste, 'n militêre vermoë en die hantering van maatskaplike vraagstukke. Suid-Afrika het 'n gemengde ekonomie.
- Regerings meng in om negatiewe eksterne faktore te voorkom. Dit is, byvoorbeeld, waar 'n onderneming nie die volle produksiekoste betaal nie, byvoorbeeld deur afval in 'n rivier te stort en dit te besoedel.
- Regerings verskaf positiewe eksterne faktore, soos gratis onderwys, wat, indien dit aan die privaatsektor oorgelaat sou word, vir individue onbekostigbaar sou wees of glad nie verskaf sou word nie.
- Staatsfinansies (geld wat deur die staat geïen en gebruik word) is 'n belangrike vertakking van die ekonomie en die doeltreffende aanwending van staatsgeld is 'n groot besprekingspunt.

# Nywerheidsontwikkeling

## 8.4 Nywerheidsontwikkeling

---

### 8.4.1 Vervaardiging

Nywerheidsontwikkeling het in die 18de eeu begin. Hierdie era is bekend as die Industriële Revolusie. Die hoofkenmerke van hierdie periode was die ontwikkeling van grootskaalse vervaardigingsprosesse en industrialisasie.

### 8.4.2 Tegnologiese vooruitgang

Meganisasie behels die gebruik van masjiene vir die vervaardiging van goedere. Meganisasie bespoedig die vervaardigingsproses en maak dit moontlik om produkte goedkoop en vinnig te vervaardig. Meganisasie vervang egter arbeid.

### 8.4.3 Verstedeliking en migrasie

Namate industrialisasie plaasgevind het, was daar meer verstedeliking omdat mense landelike gebiede verlaat en na die stede gemigreer het op soek na werk. Die meeste ontwikkelde lande het groot stedelike bevolkings. Dit het beter vervoerstelsels tot gevolg gehad, en ook groter spesialisering in beroepe meegebring.

# Ekonomiese instellings

## 8.5 Ekonomiese instellings

### 8.5.1 Maatskappye met beperkte aanspreeklikheid

- Namate ekonomieë gegroei het, is hulle deur groter korporasies oorheers.
- Mededinging is sterk tussen maatskappye in dieselfde mark.
- Maatskappye met beperkte aanspreeklikheid het ontstaan. Dit beteken dat die aandeelhouers in die maatskappy slegs die waarde van hul aandele inboet indien die maatskappy ondergaan. Dit beskerm die aandeelhouers teen die verlies van al hul geld.
- Multinasionale maatskappye is grotendeels verantwoordelik vir die wêreld se internasionale handel.
- Voorstanders van multinasionale handel sê dit skep ekonomiese groei.
- Kritici van multinasionale maatskappy sê dit vergroot die ongelikheid tussen ryk en arm mense.

### 8.5.2 Vakunies

Swak werksomstandighede in fabriekke in die beginjare van industrialisasie het meegebring dat werkers hulleself georganiseer het in unies in 'n poging om hul lone en werksomstandighede te verbeter. Vakunies speel 'n belangrike rol in Suid-Afrikaanse arbeidsverhoudinge.

### 8.5.3 Globalisering

- Globalisering beteken 'n vrye vloei van goedere, geld en kundigheid tussen lande.
- Dit is dikwels tot nadeel van arm lande, wat handel dryf met rou materiale soos metaalerts in ruil vir vervaardigde goedere soos masjiene of motors.
- Die waarde van rou materiale is aansienlik minder as dié van vervaardigde goedere, wat dit moeilik maak vir ontwikkelende lande om genoeg te verdien om hul ekonomieë te ontwikkel.

#### Die Wêreld-Handelsorganisasie (WTO)

- Die WHO is in 1994 gestig om wêreldhandel te bevorder. Tog is druk op arm lande geplaas om handelshindernisse uit die weg te ruim, maar dieselfde hindernisse word nie deur die ryk lande verwyder nie. Sommige ryk lande volg 'n praktyk van storting van gesubsidieerde produkte teen lae pryse in arm lande.

## Vrae

### Vraag 1: Veelvuldige keuse

Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter van die antwoord wat jy kies.

- 1.1 Die hoof- ekonomiese aktiwiteit in die tradisionele stadium van ontwikkeling was ...
- A landbou
  - B vervaardiging
  - C handel
  - D dienste. (2)
- 1.2 ... en ... is voorvereistes vir die ontwikkeling van handel.
- A verdeling van arbeid; spesialisasie
  - B ruilmiddel; produksie van oorskot
  - C verdeling van arbeid; meganisasie
  - D spesialisasie; massaproduksie. (2)
- 1.3 Nadat handelaars en vakmanne hulle in dorpe begin vestig het, het hulle organisasies gestig bekend as ...
- A vakunies
  - B gildes
  - C handwerkklubs
  - D handelaars- en arbeidersorganisasies. (2)

### Vraag 2: Voltooi die stellings hieronder deur woorde uit die onderstaande lys te gebruik.

koeldrank en koffie; infrastruktuur; vrugte en groente; kleinskaal-ondernemings; gunstige, eksterne faktore; armoede; gelyke verdeling van inkomste; JEB-genoteerde maatskappye

- 2.1 Meganisasie het gelei tot die uitbreiding en verbetering van ...
- 2.2 Die regering bevorder die ontwikkeling van ...
- 2.3 ... word oorverbruik en oorvervaardig.
- 2.4 Die verskaffing van openbare goedere en dienste is die gevolg van ...
- 2.5 'n Gevolg van die kapitalistiese stelsel is ... (2 x 5 = 10)

## Vrae

### Vraag 3: Kies die regte antwoord uit die opsies tussen hakies

- 3.1 Die ontdekking van (goud/steenkool) het stukrag verleen aan die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie.
- 3.2 Die heersende kloof tussen ontwikkelde lande en ontwikkelende lande is gedeeltelik te wyte aan (kolonisasie/internasionale handel).
- 3.3 Die internasionale, vrye vloeï van goedere en dienste is bekend as (globalisering/stagflasie).
- 3.4 Die gebruik van meer masjiene in vervaardiging is bekend as (produksieproses/meganisasie). (2 x 4 = 8)

### Vraag 4


Gee argumente vir en teen multinasionale maatskappye. (4)

### Vraag 5

Wat is handelswette? (2)

# Suid-Afrikaanse ekonomiese groei en ontwikkeling

## Oorsig



Suid-Afrika word beskou as 'n ekonomiese reus in Afrika. Die land genereer meer as die helfte van die elektrisiteit wat op die vasteland gebruik word, maar die gaping tussen ryk en arm is enorm. Hierdie onderwerp sal vir jou 'n begrip gee van die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika en 'n insig in die uitdagings wat ons tans in die gesig staar.



# Veeteelt en landbou

## 9.1 Veeteelt en landbou

### 9.1.1 Kenmerke van die landboufase van ekonomiese ontwikkeling

- Die San en Khoi-Khoi het basiese wapens soos die pyl en boog vir jag gebruik.
- Die Nguni- en die Sotho-groepe het gereedskap gebruik om die grond te bewerk en wapens vir jag en oorlog maak. Hulle was ook bees-, skaap- en bokwagters.
- Die mense het landbouprodukte vir hulleself gekweek, maar selde om handel te dryf.
- Van handel was nie veel sprake nie en, waar dit wel voorgekom het, was dit meestal in die vorm van ruilhandel.
- Daar was geen goed ontwikkelde markte nie.
- Landbou en jag het grotendeels die ekonomiese aktiwiteit in Suid-Afrika uitgemaak.
- Daar was 'n klein bevolking op groot grondgebiede.
- Arbeid was skaars; slawe is ingevoer vir bykomende arbeid.
- Kapitaal was skaars.
- Die meeste boere het byna alles wat hulle benodig het, self geproduseer.

### 9.1.2 Faktore wat ekonomiese groei in die landbou bevorder

- Die Nederlanders kon met die Khoi en die San vir grond onderhandel.
- Volop wild het dit maklik gemaak om te jag.
- 'n Klein mark het ontwikkel vir die verkoop van voedselprodukte aan verbygaande skepe.
- Die koloniale magte het die markte beskerm. Brittanje het byvoorbeeld belasting gehef op die invoer van Franse wyn ter bevordering van die verkoop van Kaapse wyne aan mense in Brittanje.
- In die Kaap het plaaslike belastings op invoere die plaaslike produksie van voedsel bevorder. Belasting op die invoer van koring tydens die 1820's, byvoorbeeld, het boere aangemoedig om koring te saai.

### 9.1.3 Faktore wat ekonomiese ontwikkeling in die landbou kniehalter

- Gebrek aan kapitaal.
- Arbeid was skaars.
- Daar was min of geen skole en ander opvoedkundige instellings nie; die meeste mense het min of geen onderwys nie gehad.

- Die meeste gebiede het geringe of geen infrastruktuur nie gehad.
- Die koloniale magte het dikwels markmonopolieë gehad. Boere, byvoorbeeld, kon slegs hul produkte aan die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie verkoop.
- Ongelyke handel met die koloniale lande het beteken dat die handel grotendeels die koloniale magte bevoordeel het. Boere, byvoorbeeld, het in Suid-Afrika wol geproduseer en dit na Brittanje uitgevoer. Die wol is daarna in Brittanje tot materiaal verwerk en die duurder materiaal is dan na Suid-Afrika uitgevoer.
- Suid-Afrika is 'n moeilike land om in te boer weens die gereelde droogtes en 'n gebrek aan vrugbare grond.
- Die groot afstande het toegang tot markte bemoeilik en infrastruktuur duur gemaak.

### **9.1.4 Gevolge**

Die ontwikkeling van die landbou het verskeie ekonomiese gevolge gehad:

- 'n Mark het ontwikkel vir landbou-implemente soos ploë en waens.
- Handel het ontwikkel namate mense hul landbouprodukte vir kontant verkoop en vervaardigde produkte vir kontant gekoop het.
- Infrastruktuur soos paaie het gaandeweg ontwikkel en verbeter.
- Boere het gaandeweg hul kuddes verbeter.
- Kommersiële banke is tydens die 1860's gestig. Boere en handelaars kon lenings aangaan of hul geld veilig belê.
- Boerdery het die belangrikste bron van inkomste vir Suid-Afrika geword.

# Landbou en mynbou

## 9.2 Landbou en mynbou

- Suid-Afrikaners het 'n lang geskiedenis as mynwerkers.
- Suid-Afrika het verander toe goud en diamante ontdek is.
- Diamante is in 1867 langs die Garieprivier ontdek en goud in 1886 aan die Witwatersrand.

### 9.2.1 Kenmerke van die ontwikkeling van landbou en mynbou in Suid-Afrika vanaf 1860–1910

- Duisende immigrante het na Suid-Afrika verhuis.
- Die gebrekkige infrastruktuur wat bestaan het, moes ontwikkel om aan die behoeftes van die mynbedryf te voldoen.
- Die verbeterde infrastruktuur het boere gehelp om hul produkte by die markte te kry.
- Die vraag na landbouprodukte het aansienlik toegeneem met die ontwikkeling van mynstede.
- Teen 1898 het Suid-Afrika die wêreld se grootste goudprodusent geword.
- Mynbou was grotendeels afhanklik van goedkoop, ongeskoolde arbeid. Dit het beteken dat die vroeë mynwerkers dikwels uitgebuit is. Baie mynwerkers was plaaslike swartmense.
- Suid-Afrika het bestaan uit drie politieke gebiede: Die Kaap en Natal, wat albei Britse kolonies was, het een politieke gebied gevorm; die Oranje-Vrystaat en Transvaal was afsonderlike republieke. Al die gebiede is in 1910 verenig as die Unie van Suid-Afrika.

### 9.2.2 Faktore wat die ekonomiese ontwikkeling van die mynbou- en landboubedryf bevorder het

- Die mynboustede en hul mense was 'n afsetgebied vir landbouprodukte.
- Die neerslae van goud en diamante was buitengewoon ryk.
- Aanvanklik was die myne individuele kleins wat bewerk is deur goedkoop, ongeskoolde arbeid.
- Aangesien daar gevestigde markte vir goud en diamante in verskeie wêrelddele was, was dit maklik om die mynbouprodukte te verkoop.
- Baie ondernemers en vakmanne het na Suid-Afrika gekom met hul vaardighede en kapitaal.
- Witmense het die politieke mag gehad en wette gemaak om die belange van die mynbedryf te beskerm.

### 9.2.3 Faktore wat die ekonomiese ontwikkeling van die mynboubedryf gekniehalter het

- Daar was min of geen infrastruktuur in die myngebiede nie, en ook nie kommunikasiestelsels nie.
- Myngebiede was diep in die binneland, en die vervoer van goedere na die myne was stadig en duur.
- In die vroeë jare het swak myntegniese baie ongelukke veroorsaak.
- 'n Gebrek aan kapitaal het dit moeilik gemaak om vir duur mynoperasies en masjinerie te betaal.
- Daar was nie genoeg geskoolde arbeid om die myne te bedryf of die minerale te suiwer nie.
- Water en elektrisiteit was skaars – mynboubedrywighede gebruik baie water en elektrisiteit.
- Die regering het hoë belastings gehef om die belegging in die nodige infrastruktuur moontlik te maak.
- Die Tweede Vryheidsoorlog (1899 tot 1902) het mynbou-ontwikkeling vertraag.
- Alle swaar toerusting moes ingevoer word en was dus duur.
- Sowel diamante as goud het diep onder die grondoppervlak voorgekom en dit was dus moeilik en duur om uit te haal.
- Daar was geen gevestigde verskaffingskettings vir die beskikbaarmaking van kos, boumateriale en ander gebruiksartikels aan die myngebiede nie.

### 9.2.4 Gevolge

- Duisende immigrante, sommige met mynbou-ondervinding, het na Suid-Afrika gekom. Vakmanne het ook gekom om die geskoolde werkerskorps aan te vul.
- Mynoperateurs het die kleins van individuele mynwerkers uitgekoopt en maatskappye gestig wat op 'n groter skaal met masjinerie gewerk het.
- Kapitaal in die vorm van mynbou- en vervoertoerusting en geld het die land binnegekom.
- Die regering het 'n spoorwegstelsel vanaf die myngebiede na die hawens aangelê. Dit het dit vir boere makliker gemaak om hul produkte by die markte te kry.
- Die vraag na landbouprodukte het toegeneem vanweë die toenemende getallemense wat kos nodig gehad het.
- Die kommunikasiestelsel het verbeter.
- Die trekarbeiderstelsel het ontwikkel ingevolge waarvan swart arbeiders by die myne gaan werk het vir kort kontrakperiodes en hul gesinne tuis agtergelaat het.
- 'n Stelsel van werkreservering het ontwikkel ingevolge waarvan swartmense uitgesluit is van die goeie poste by die myne. Hulle is nie toegelaat om delwerslisensies te hê nie.
- Ander minerale soos steenkool, platinum en chroom is ook ontdek.
- Mynbou het die hoofbron van inkomste vir Suid-Afrika geword.

# Mynbou en nywerheid: 1910 tot 1990's

## 9.3 Mynbou en nywerheid: 1910 tot 1990's

Teen 1910, toe die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom het, was die meeste van die land se inkomste afkomstig van die uitvoer van grondstowwe en is geld bestee aan die invoer van vervaardigde produkte. Met ander woorde, ons het die goedkoop kommoditeite uitgevoer en die duur produkte ingevoer. Dit was 'n nadeel vir die land.

### 9.3.1 Kenmerke van die mynbounywerheidsfase van ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika

- Nuwe tegnologieë het vinnige industriële groei oral ter wêreld bevorder. Suid-Afrika het 'n moderne nywerheidsland geword.
- Politieke onrus en twee wêreldoorloë het bevolkings oral ter wêreld ontwrig.
- Oorloë en konflik tussen kommunistiese en niekommunistiese lande het nuwe tegnologiese uitvindings aangewakker.
- Die Wet op Naturellegrond van 1913 het swart boere se grond van hulle weggeneem, en apartheid het in 1948 wet geword. Sedert die jare 1950 het talle mense apartheid bestry.
- Boerdery het gekommersialiseer geraak: boere het hul produkte op markte verkoop; min, indien enige, bestaansboere het oorgebly. Baie boere het hul bedrywighede gemeganiseer.
- Meer mense het na die stede verhuis. Die beweging van mense vanaf landelike na stedelike gebiede staan bekend as verstedeliking. Verstedeliking het meegebring dat daar 'n groter mark vir landbouprodukte was, asook dat daar 'n groter arbeidsmag beskikbaar was om in die fabriek in stede en die myne te werk.

### 9.3.2 Faktore wat nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika bevorder het

- Suid-Afrika was tydens die twee wêreldoorloë in Europa 'n veilige plek vir die vervaardiging van goedere soos militêre uniforms.
- Die Suid-Afrikaanse regering het nywerheidsontwikkeling aktief bevorder deur die aanbieding van belastingaansporings en navorsingsubsidies. Die staat het ook die infrastruktuur, soos elektrisiteitsnetwerke, gevestig wat industrialisasie moontlik gemaak het. Deur direkte staatsinvestering is Yskor, Eskom, Sasol en die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK) gevestig.
- Baie mense het van die oorloë in Europa weggevlug en hulle met hul ondernemersvaardighede in Suid-Afrika gevestig.

- 'n Groeiende mynbedryf het 'n toenemende vraag meegebring na masjinerie en myntoerusting, asook produkte vir mynwerkers en hulle gesinne.
- Grondstowwe uit myne en die landbou het die groei van prosessering- en vervaardigingsnywerhede bevorder.
- Suid-Afrika het baie mense van die ouderdom wat kan werk – 'n groot arbeidsmag.
- Die groot afstande tussen suidelike Afrika en Europa en die VSA het beteken dat dit dikwels goedkoper was vir maatskappye om goedere in Suid-Afrika vir markte in ander lande in suidelike Afrika te vervaardig.
- Suid-Afrika se groot reserwes van goedkoop steenkool het lank elektrisiteitsopwekking goedkoop gemaak.
- Sanksies tydens die apartheidsjare het meegebring dat Suid-Afrika talle goedere binnelands moes vervaardig omdat dit nie ingevoer kon word nie.
- 'n Swak rand tydens die grootste deel van hierdie tydperk het tot gevolg gehad dat ons uitvoere mededingend was op die internasionale markte.

### **9.3.3 Faktore wat nywerheidsontwikkeling gekniehalter het**

- 'n Relatief klein binnelandse mark het meegebring dat ons fabriek dikwels nie voordeel kon trek uit skaalbesparings nie.
- Lang afstande het elektrisiteitsverspreiding en kommunikasiesistels, asook die vervoer van grondstowwe en vervaardigde goedere na en vanaf hawens, verskaffers en markte, duur gemaak.
- 'n Gebrek aan kapitaal het investering bemoeilik.
- 'n Tekort aan geskoolde arbeid het geskoolde arbeid duur gemaak, en 'n tekort aan spesifieke vaardighede het soms voorgekom.
- Daar was nie genoeg onderwys van goeie gehalte om genoeg mense toe te rus met die nodige vaardighede om nywerheidsontwikkeling te bevorder en verbeter nie.
- Te veel ongelykheid het voorgekom in die werkplek.
- Werkreservering in die apartheidsjare het die geskoolde werkerskorps klein gehou.
- Handelsanksies tydens die apartheidsjare het in- en uitvoer bemoeilik.
- Politieke onrus tydens die apartheidsjare het meegebring dat baie geskoolde mense die land verlaat het – die sogenaamde “breinkwyn”.
- 'n Behuisingstekort in die stede het dit moeilik gemaak vir werkers om akkommodasie te kry.
- 'n Watertekort, veral in tye van droogte, was in sommige gebiede 'n probleem.

### 9.3.4 Die uitwerking van nywerheidsontwikkeling op die ekonomie van Suid-Afrika

- 'n Verbeterde infrastruktuur is in die meeste dele van die land gevestig. Kommunikasie- en vervoerstelsels is ontwikkel. Moderne lughawens, spoorwegstasies en busterminals is gebou.
- Beter opleiding en onderwys is verskaf aan die meeste mense, aangesien werkgewers hul werknemers moet oplei om die werk te doen wat vereis is deur hoër vlakke van ontwikkeling. Werkgewers het dus dikwels beurse, gekoppel aan werkverpligtinge, aan jongmense toegeken.
- Die waarde van nywerhede se uitset het dié van die landbou oorskry.
- Die ekonomiese sekuriteit van die land het verbeter, omdat ons inkomste gegenereer het uit verskeie produkte en Suid-Afrikaanse nywerhede voorsien het in baie van die bevolking se behoeftes.
- Verstedeliking het toegeneem. In 1910, byvoorbeeld, het slegs 25% van Suid-Afrika se bevolking in stede gebly; teen 2000 het hierdie syfer tot 60% toegeneem.
- Toenemende verstedeliking het gelei tot die ontstaan van groot, informele nedersettings rondom stede.
- Toenemende verstedeliking het die binnelandse mark vir goedere en dienste gestimuleer. Byvoorbeeld, wanneer mense na 'n dorp of stad verhuis, gaan hulle heel waarskynlik elektrisiteit hê en kan dus elektriese toerusting koop. Wanneer die toerusting breek, moet dit herstel word; stedelike inwoners gebruik dus ook meer dienste.

# Vervaardiging en dienste sedert 1990

## 9.4 Vervaardiging en dienste sedert 1990

Ons klassifiseer die verskillende, ekonomiese aktiwiteite in sektore. Die sektore is:

- **die primêre sektor**, wat sy goedere regstreeks uit die natuur verkry; byvoorbeeld visserye, landbou, of mynbou
- **die sekondêre sektor**, wat die produkte van die primêre sektor prosesseeer; byvoorbeeld vervaardiging, konstruksie en verwerking
- **die tersiêre sektor**, wat die dienste verskaf wat die res van die ekonomie benodig; byvoorbeeld vervoer, openbare dienste, water en elektrisiteit, bankdienste en versekering, en persoonlike dienste soos verskaf deur dokters, tandartse en haarkappers.

In 'n ontwikkelde ekonomie maak dienste die grootste deel van ekonomiese aktiwiteite uit. Volgens hierdie maatstaf kan ons sê dat sekere dele van Suid-Afrika ontwikkelde ekonomieë het.

### 9.4.1 Kenmerke van die vervaardigings- en diensgebaseerde ekonomie in Suid-Afrika

#### Vervaardiging

- Voorbeelde van vervaardigingsnywerhede in Suid-Afrika is dié wat landbouprodukte soos voedsel en drinkgoed verwerk, en motors, chemikalieë en elektroniese toerusting vervaardig.
- Vervaardiging vind grotendeels in en om stede soos Johannesburg, Kaapstad, Durban en Port Elizabeth plaas.
- Vervaardiging in Suid-Afrika is grotendeels op 'n paar plekke gekonsentreer; ons sê dit is gesentraliseer. Dit is goedkoper en makliker om dienste te verskaf aan gebiede waarin vervaardiging gesentraliseer is.
- Die vervaardigingsektor verskaf werk aan baie mense in die stede en lok dus ook meer werksoekers na die stede.

#### Dienste

- Nasionale en plaaslike regerings is dikwels verantwoordelik vir die verskaffing van elektrisiteit, vervoer en posdienste.



- Tog kan owerhede baie van hierdie dienste in 'n latere stadium privatiseer. Telkom, die Suid-Afrikaanse Lugdiens en SpoorNet is byvoorbeeld gedeeltelik geprivatiseer. Soms word semi-staatsinstellings of vennootskappe tussen die owerheid en die privaatsektor tot stand gebring.
- Baie mense kan nie die volle prys van die dienste wat hulle nodig het, betaal nie. Byvoorbeeld, die meeste mense kan dit nie bekostig om na 'n privaat dokter te gaan of om hul kinders na privaatskole te stuur nie. Die regering moet hierdie dienste verskaf aan mense wat dit nie andersins kan bekostig nie.
- Die regering moet ook dienste verskaf soos polisiëring, wetstoepassing en militêre verdediging, wat nie volgens kommersiële beginsels bedryf kan word nie. Byvoorbeeld, indien sulke dienste volgens kommersiële beginsels bedryf sou wees, sou dit vir ryk mense moontlik wees om die guns van hulle te koop.
- Voorbeelde van verskaffers in die privaatsektor is selfoonmaatskappye, mediamaatskappye en die verskaffers van persoonlike dienste, soos dokters en haarkappers.

### **Faktore wat die ekonomiese ontwikkeling van dienste bevorder het**

- Die ekonomie het sterk gegroei sedert Suid-Afrika in 1994 'n demokrasie geword het. Die handel en kommunikasiewese het 'n bloeityd beleef nadat sanksies opgehef is.
- Ons infrastruktuur het ontwikkel en ons kan nou deel hê aan die inligting- en dienssektore van ander lande. Byvoorbeeld, Suid-Afrika is nou 'n gewilde bestemming vir internasionale konferensies.
- Suid-Afrika lok nou meer internasionale toeriste as ooit tevore.
- Die globalisering van handel en inligting het ons die geleentheid gegee om dienste soos die bankwese, versekering, medies en tandheelkundig, onthaal, vervoer, kommunikasie en navorsing sodanig te ontwikkel dat dit mededinging met die dienste van ander lande.

### **9.4.2 Faktore wat die ekonomiese ontwikkeling van dienste gekniehalter het**

- Nie genoeg opgeleide werkers nie.
- Te veel geskoolde werkers verlaat die land as deel van die “brein-drein”.
- Die hoë voorkoms van misdaad en korrupsie is van die hoofredes waarom geskoolde werkers die land verlaat.
- Suid-Afrika word 'n duur plek om sake te doen: mense en ondernemings het beskerming nodig teen kriminele, en arbeidskoste is hoog vergeleke met dié van ander ontwikkelende lande.
- Globalisering het baie dienste geskep wat mededingend oor die Internet verkoop word. Hulle ding regstreeks mee met Suid-Afrikaanse maatskappye wat dieselfde dienste aanbied, maar wat dikwels duurder en van swakker gehalte is weens gebrek aan skaalbesparings.

- Baie mense in Suid-Afrika is te arm om dienste te gebruik, wat beteken dat maatskappye nie voordeel kan trek uit skaalbesparings om hul eenheidskoste te verlaag nie.
- Baie Suid-Afrikaners is nie voldoende opgelei of geskool om dienste van topgehalte te verskaf nie. Baie werkgeleenthede gaan dus vir hulle verlore.

### **9.4.3 Gevolge van die ekonomiese ontwikkeling van dienste in Suid-Afrika**

- Ons ekonomie begin al meer lyk soos dié van ontwikkelde lande.
- Suid-Afrika lok baie meer internasionale toeriste en sakelui as tevore.
- Die uitbesteding aan dienste, soos skoonmaak- en onderhoudsdienste, skep geleenthede vir baie nuwe ondernemings.

## Vrae

### Vraag 1: Veelvuldigekeusevrae

Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter neer van die antwoord wat jy kies.

1.1 Die mynbou-revolusie het gelei tot ...

- A grootskaalse desentralisasie
- B grootskaalse verstedeliking
- C instroming van geskoolde mynwerkers
- D bevordering van uitvoer. (2)

1.2 In 'n ontwikkelde ekonomie is dienste verantwoordelik vir ...

- A 'n kleiner deel van die ekonomiese produksie
- B 'n groter deel van die ekonomiese produksie
- C dieselfde gedeelte van die ekonomiese produksie
- D Geeneen. (2)

### Vraag 2: Waar of Onwaar

Dui aan of die volgende stellings Waar of Onwaar is. Indien die stelling Onwaar is, skryf die korrekte stelling neer.

- 2.1 Uitbesteding skep geleenthede vir klein sakeondernemings. (2)
- 2.2 Die ontwikkeling van die mynbou is aangehelp deur die instroming van geskoolde mynwerkers. (2)
- 2.3 Die Suid-Afrikaanse rand word bepaal deur ons goudreserwes. (2)
- 2.4 Suid-Afrika is 'n belangrike bestemming vir konferensies. (2)

### Vraag 3

Beantwoord die onderstaande vrae.


- 3.1 Noem EEN staatsonderneming wat sedert 1994 geprivatiseer is. (2)
- 3.2 Verduidelik die hoofkenmerke van die landbou- en mynbouevolusie in Suid-Afrika se ontwikkeling. (10)

### Vraag 4

Skryf 'n kort opstel waarin jy die drie sektore van produksie in die ekonomie verduidelik. (12)

# Die geskiedenis van geld en die bankwese in Suid-Afrika

## Oorsig



Onderwerp 10 handel oor die ontwikkeling van geld en die bankwese. Albei is baie belangrik in Ekonomie. Dit is veral belangrik dat jy die werkwyse van die Reserwebank sal verstaan, asook die maniere waarop die Reserwebank die ekonomie kan beïnvloed.

# Die geskiedenis van geld

## 10.1 Die geskiedenis van geld

---

### 10.1.1 Die oorsprong van geld

- Alle vroeë gemeenskappe het goedere en dienste verhandel deur ruilhandel, en gaandeweg die voordele van 'n betaalmiddel ingesien.
- Vroeëre betaalmiddels was beeste, muntskulpe en ander waardevolle items.
- Metaalmunte het ontstaan omdat dit makliker was om hulle saam te dra. Omstreeks
- 650 v.c. is die eerste amptelike munte in Lidia gemaak.
- Regerings het betrokke geraak by die maak van munte om hulle meer outentiek te maak.
- Deesdae word munte van koper, nikkell en brons gemaak.
- Elke land het sy eie geld, bekend as sy geldeenheid.
- Banknote (papiergeld) het oorspronklik 'n hoeveelheid goud in 'n bank verteenwoordig en kon vir goud geruil word. Dit was bekend as die goudstandaard.

### 10.1.2 Inheemse en vroeë Afrika-geld

- Inheemse geld het ontwikkel uit die gebruik van beeste, krale, volstruiseierdoppe en materiaal. Ivoor en goud is waarskynlik ook gebruik.
- Talle metaalmunte is opgespoor op verskillende plekke in Afrika: Zimbabwe, die Marico en in die Oos-Kaap.

### 10.1.3 Koloniale geld

- Toe die Kaap gevestig is as halfwegstasie, is baie verskillende munte gebruik, onder meer Nederlandse guldes, Spaanse dollars en 'n silwer reaal vir gebruik in Hollandse handel.
- In 1705 het die Nederlandse owerhede aan die Kaap die Kaapse riksdalder in gebruik gestel as die standaard-geldeenheid.

### 10.1.4 Imperiale geld

- In 1806 het Brittanje beheer van die Kaap oorgeneem. In 1826 het die Britte die sterling (ponde, sjelings en pennies, wat in daardie stadium in Brittanje in gebruik was), naas die riksdalder as verdere geldeenheid in die Kaap ingestel.
- Ná die Anglo-Boereoorlog het die Britse geldeenheid die amptelike geldeenheid van Suid-Afrika geword. Ná 1824 is die sterling aanvaar as die enigste wettige betaalmiddel in die Kaapkolonie en Natal.

- In 1886 het die onafhanklike republiek in die Transvaal besluit om sy eie goue munte te munt. Goue en silwer munte is in Pretoria gemunt, en in 1893 is Krugerponde gemunt.
- Die Unie van Suid-Afrika het in 1910 tot stand gekom en die sterling het die wettige betaalmiddel oor die hele Suid-Afrika geword.
- Die Suid-Afrikaanse Reserwebank is in 1921 gestig en het pondnote, gegrond op die goudstandaard, gedruk en uitgereik.
- In 1932 het Suid-Afrika die goudstandaard laat vaar, maar steeds goue munte uitgereik as versamelaars- en beleggersitems.
- In 1961 het Suid-Afrika die desimale stelsel (rand en sent) as wettige betaalmiddel aanvaar, ter vervanging van die sterling (ponde, sjielings en pennies).

Die goudstandaard het beteken dat alle banknote wat uitgereik is, gerugsteun is deur goud wat in banke in reserwe gehou is. Wettige betaalmiddel is die geldeenheid wat regmatig in 'n land gebruik kan word. Byvoorbeeld, 'n mens kan nie goedere in Suid-Afrikaanse winkels met Franse frank koop nie.

**Let op: Die waarde van ons geldeenheid word nie meer bepaal deur die hoeveelheid van ons goudreserwes nie.**

# Die geskiedenis van die bankwese in Suid-Afrika

## 10.2 Die geskiedenis van die bankwese in Suid-Afrika

- Geld het 'n instrument geword waarmee rykdom vergader is, asook 'n middel vir betaling. Banke het ontwikkel as 'n plek vir die veilige bewaring van oorskotgeld en as geld-uitleners.
- Rente word verdien deur mense wat geld belê het en verhaal van mense wat geld leen.

### 10.2.1 Die Lombard Bank

- Die Lombard Bank was die eerste in Suid-Afrika, en is in 1793 deur die VOC in Kaapstad gestig.
- Die Lombard Bank was 'n staatsbank en het ook geldvoorskotte van die VOC ontvang.
- Die hoof funksies van die bank was om genoeg geld (munte en note) beskikbaar te maak, geld uit te leen en om verbandlenings op onroerende eiendom (geboue) toe te staan. Dit het nie spaarrekeninge aangebied nie.

### 10.2.2 Privaatbanke: 1836-1861

- Die Kaap die Goeie Hoop Bank is in 1836 gestig en was Suid-Afrika se eerste private (of kommersiële) bank. Ander privaatbanke, bekend as “distriksbanke”, gefinansier deur plaaslike individue, het hierop gevolg.
- Die hoof funksies van distriksbanke was om spaar- en kredietfasiliteite te bied aan mense wat op die dorpe en in die distrikte gewoon het. Hierdeur het hulle bygedra tot die ekonomiese ontwikkeling van die distrikte.
- Teen 1860 het tekortkominge in kredietbestuur, buitensporige lenings en kapitaaltekorte dit vir die meeste van die distriksbanke onmoontlik gemaak om met die groter imperiale banke mee te ding.

### 10.2.3 Imperiale banke

- Namate die ekonomie sterker ontwikkel het, het imperiale banke ontstaan. Die eerste imperiale bank was die London Bank of South Africa.
- Standard Bank is in 1862 gestig.
- Die distriksbanke kon nie met die imperiale banke meeding nie. Tussen 1863 en 1864 het Standard Bank vyf distriksbanke oorgeneem.
- Standard Bank het 'n belangrike rol gespeel in die diamant-stormloop van 1871.

- Met die ontdekking van goud in 1886 het die bank sy werksaamhede na die Witwatersrand uitgebrei.
- Teen 1889 het Standard Bank 67 takke in Suid-Afrika gehad.

**Teen 1920 was daar vyf belangrike banke in Suid-Afrika:**

- Die Stellenbosch Distriksbank
- Die Nederlandsche Bank & Kredietvereniging van Suid-Afrika (gestig in Amsterdam in 1888, en later bekend as Nedbank)
- Die Nasionale Bank van Suid-Afrika (herdoop na Barclays Bank of London, en nou Eerste Nasionale Bank)
- Standard Bank van Suid-Afrika
- Die African Banking Corporation.

Die Land- en Landboubank is in 1912 gestig en het op die kredietbehoefte van die landbousektor gefokus.

**10.2.4 Die belangrikheid van kommersiële banke in die ekonomie**

- Kommersiële banke aanvaar deposito's wat onttrek kan word per tjek, debietkaart of EGO (elektroniese geldoordrag), en leen geld uit in die vorm van lenings en oortrokke fasiliteite.
- Bougenootskappe funksioneer soos banke, maar spesialiseer in huisverbande.
- Daar is baie verskillende banke wat finansiële dienste aanbied. Hulle word deur die Bankwet gereguleer.



# Die Suid-Afrikaanse Reserwebank

## 10.3 Die Suid-Afrikaanse Reserwebank

---

### 10.3.1 Funksies van die Reserwebank

- Die Suid-Afrikaanse Reserwebank reik geldnote uit, hou die goudreserwes van privaatbanke, is die bewaarder van die kontant, goud en buitelandse reserwes van die land, speel 'n belangrike rol in die ekonomie deur beheer uit te oefen oor die vlakke van krediet, geldvoorraad en rentekoerse, en tree op as “waghond” oor die kommersiële banke.

### 10.3.2 Bestuur van die Reserwebank

- Word deur die Reserwebankwet van 1989 gereguleer.
- Dit is 'n private instelling, genoteer op die JEB.
- Dit het meer as 700 aandeelhouders, maar geen aandeelhouer mag meer as R10 000,00 se aandele hou nie.

# Onlangse tendense in bankwese

## 10.4 Onlangse tendense in bankwese

### 10.4.1 Afnemende belangrikheid van die kommersiële banke: 1948–1965

- Die hoof funksies van die kommersiële banke was om spaarfasiliteite aan te bied, geld aan kliënte te leen, en om kliënte se rekeninge te bestuur.
- Nuwe soort banke en finansiële instellings, soos bougenootskappe, het ontstaan om die toenemende, finansiële behoeftes van mense te akkommodeer. Bougenootskappe het huislenings en spaarrekeninge verskaf.
- Sommige van die groter winkels staan krediet aan klante toe vir die koop van goedere en laat hulle toe om hul aankope by wyse van maandelikse paaieimente af te betaal.

#### Konsolidering van die bankwese

Standard Bank, Eerste Nasionale Bank, Nedbank en ABSA is die “groot vier” kommersiële banke in Suid-Afrika. Hulle bied ’n groot verskeidenheid dienste aan, met inbegrip van huislenings (wat vroeër slegs deur bougenootskappe aangebied is).

### 10.4.2 Alternatiewe finansiële dienste

- Baie Suid-Afrikaners maak nie gebruik van finansiële instellings, soos banke, nie.
- Baie mense verdien nie genoeg geld om te kwalifiseer vir ’n banklening nie, of benodig slegs ’n klein bedrag geld. Hulle leen by mikro-uitleners of is stokvel-lede.

**Mikro-uitleners:** ondernemings wat klein lenings toestaan aan individue of klein sake-ondernemings wat dikwels nie toegang het tot lenings van kommersiële banke nie. Mikro-uitleners hef gewoonlik hoër rentekoerse as gewone banke.

**Stokvel:** ’n spaarklub gestig deur ’n groep vriende of lede van ’n bepaalde plaaslike gemeenskap. Dit is ’n vorm van gedwonge spaar, met kollektiewe ondersteuning.

## Vrae

### Vraag 1: Veelkeusevrae

Kies die regte antwoord. Skryf slegs die letter van die antwoord wat jy kies.

- 1.1 A Die Suid-Afrikaanse Reserwebank is die bewaker van die land se buite-landse reserwes.  
B Die Reserwebank het geen beheer oor rentekoerse nie.  
C Die Reserwebank word deur die regering besit.  
D Stokvels is 'n sosiale klub vir jong volwassenes. (2)
- 1.2 Deesdae word papiergeld ...  
A deur die goudstandaard gerugsteun  
B nie deur die goudstandaard gerugsteun nie  
C deur die Reserwebank uitgereik  
D B en C (2)
- 1.3 Ná 1994 was daar 'n toenemende behoefte aan bankdienste vanaf ...  
A die informele sektor  
B KMMO's in die formele sektor  
C groot ondernemings genoteer op die Johannesburgse Effektebeurs (JEB)  
D al die bostaande (2)

### Vraag 2: Waar of Onwaar

Dui aan of die volgende stellings Waar of Onwaar is. Indien Onwaar, skryf die korrekte stelling neer.

- 2.1 Ponde, frank en dollars is almal wettige betaalmiddels in Suid-Afrika. (2)
- 2.2 Muntskulpe, beeste en krale is almal gebruik as betaalmiddels. (2)
- 2.3 Die waarde van die Suid-Afrikaanse rand word bepaal deur ons goudreserwes. (2)
- 2.4 Die waarde van die rand is gekoppel aan die totale waarde van goedere en dienste wat Suid-Afrika vervaardig en verhandel. (2)

## Vrae

### Vraag 3: Beantwoord die volgende vrae


- 3.1 Hoekom maak baie Suid-Afrikaners van mikro-uitleners gebruik? (2)
- 3.2 Wat word bedoel met skuldstrik? (2)
- 3.3 Wat was die naam van die eerste, private kommersiële bank in Suid-Afrika? (2)
- 3.4 Noem die “groot vier” van die Suid-Afrikaanse bankwese. (8)

### Vraag 4

Verduidelik die belang van die Reserwebank. (10)

# Bevolkings- en arbeidsmagtendense

## Oorsig



Onderwerp 11 behandel die samestelling van die Suid-Afrikaanse bevolking en verwagte tendense daarin, asook in die Suid-Afrikaanse arbeidsmag . Dit is belangrik dat jy die tabelle en syfers in jou handboek bestudeer sodat jy die volle impak van die heersende statistieke kan verstaan.

# Die bevolking van Suid-Afrika

## 11.1 Die bevolking van Suid-Afrika

### 11.1.1 Die bevolkingsgrootte

- Die bevolking van Suid-Afrika het van 22 miljoen in 1970 tot 45 miljoen in 2001 toegeneem.
- Dit is 'n vinnige aanwas en van die hoogste aanwasse ter wêreld.

### 11.1.2 Bevolkingsaanwas

- Aanwaskoerse word beïnvloed deur fertiliteit (geboortesiferys), mortaliteit (sterftesiferys) and migrasie (invloei en uitvloei van mense na en van die land).
- Hoë geboortesiferys hou verband met armoede en gebrekkige onderwys.
- Fertiliteitstendense neig om hoër te wees in landelike gebiede, waar vroue 'n laer status het as mans en kinders benodig word om met plaasarbeid te help.
- Hoër geboortekoerse plaas druk op die land om meer maatskaplike dienste, huisvesting en ander infrastruktuur te verskaf.
- Die onderlinge verhouding tussen die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika het tot 1960 dieselfde gebly, maar sedertdien het die swart komponent toegeneem en die blanke komponent afgeneem.

### 11.1.3 Natuurlike aanwas

Die verskil tussen die geboorte- en die sterftekoerse word die natuurlike aanwas van 'n bevolking genoem.

### 11.1.4 Die demografiese siklus

Namate 'n land ekonomies ontwikkel, ontstaan verskeie tendense in die bevolkingsgroei en die sterftesyfer. Dit staan bekend as die demografiese siklus.

Die vier stadiums in die demografiese siklus waardeur 'n land kan gaan, is:

- **Fase 1:** In baie arm en tradisionele gemeenskappe wat nie ekonomies ontwikkel het nie, sal sterftesyfers hoog wees weens die afwesigheid van goeie mediese sorg. In sodanige gemeenskappe is die geboortesyfer ook baie hoog. Die hoë geboortesyfer sal kompenseer vir die sterftesyfer, sodat die grootte van die bevolking konstant bly of slegs effens toeneem.

- **Fase 2:** Namate die land ekonomies ontwikkel, sal toegang tot beter gesondheidsorg en ander soorte infrastruktuur 'n afname in die sterftesyfer meebring. Geboortesyfers bly hoog in hierdie stadium. Die gevolg is 'n vinnige toename in die totale bevolking.
- **Fase 3:** Volgehoue ekonomiese groei bring mee dat mense na stede verhuis, hul kwalifikasies verbeter en hoër inkomste verdien. Meer mense ontvang beter mediese sorg, minder babas sterf, ouer mense leef langer, en die sterftesyfer daal verder. Mense wat meer welgesteld is, wil minder kinders hê, en die geboortesyfer neem af. Die gevolg is volgehoue bevolkingsgroei, maar teen 'n stadiger tempo.
- **Fase 4:** In hoogs ontwikkelde ekonomieë het talle vroue heeldydse betrekkinge en gebruik talle paartjies geboortebepanking. Geboortesyfers neem deurentyd af en min paartjies het meer as twee kinders. Met geboortesyfers gelyk aan sterftesyfers stabiliseer die bevolking, en die bevolkingstal sal selfs daal indien die geboortesyfer laer is as die sterftesyfer. In sulke lande kan die regering selfs probeer om die bevolkingstal te verhoog deur immigrasie aan te moedig.

### 11.1.5 Groeikoersprojeksies

- In die middel van 2010 is die bevolkingstal van Suid-Afrika op byna 50 miljoen mense geraam.
- 51% is vroulik.
- Die totale bevolkingsgroeikoers tussen 2009 en 2010 word tans op 1,06% geraam.
- Die bevolkingsgroeikoers het dramaties afgeneem sedert die jare 1960 toe dit 2,9% was.
- Die stadiger bevolkingsgroei is toe te skryf aan die stygende sterftesyfer weens MIV/Vigs, asook 'n laer geboortesyfer.
- In 2001 het die gemiddelde Suid-Afrikaanse vrou byna 3 kinders gehad, maar teen 2010 het dit tot 2,4 kinders per vrou gedaal.
- Suid-Afrika het 'n jong bevolking. Die grootste ouderdomsgroep is tussen 15 en 19 jaar oud. Slegs 6,6 van die bevolking is ouer as 60 jaar.

#### Impak van MIV/Vigs

- Die lewensverwagting het in onlangse jare afgeneem.
- Die dalende lewensverwagting is te wyte aan die uitwerking van MIV/Vigs.
- Sowat 5,2 miljoen mense in Suid-Afrika is MIV-positief (meer as 10% van die bevolking).
- Volgens Statistiek SA is omtrent 1 066 401 mense in 2010 gebore en 654 360 is in dieselfde jaar oorlede. Altesame 281 404 (of 43%) van die sterftes was te wyte aan Vigs.

### 11.1.6 Migrasie en verstedeliking

- Mense migreer na stedelike gebiede op soek na werk en 'n beter lewenspeil. Dit veroorsaak verstedeliking – die groei van stedelike gebiede vergeleke met landelike gebiede.
- 'n Land word beskou as verstedelik indien meer as 50% van die bevolking in stedelike gebiede woon.
- Suid-Afrika is meer as 60% verstedelik en die proses gaan steeds voort. Die belangrikste stedelike gebiede is Gauteng, Kaapstad, Oos-Londen, Durban, Port Elizabeth/Uitenhage en Bloemfontein.
- Daar is 'n vloei van immigrante na die land en van emigrante uit die land. Die meeste immigrante kom uit arm Afrikalande wat dikwels deur oorloë geteister word.
- Daar is na raming meer as 8 miljoen onwettige immigrante in Suid-Afrika.



# Die Suid-Afrikaanse arbeidsmark

## 11.2 Die Suid-Afrikaanse arbeidsmark

Die ekonomies aktiewe bevolking bestaan uit mense tussen die ouderdomme 16 en 65 wat kan werk. Dit sluit nie leerders, studente, tuisteskeppers en afgetredenes in nie. Werklose mense is ekonomies aktiewe mense wat 'n werk wil hê.

### 11.2.1 Ouderdomsamestelling

- Suid-Afrika het 'n jong bevolking met 'n onbenutte potensiaal om tot ekonomiese groei by te dra.
- Van die 4,4 miljoen werkloses is 71% (of 3,2 miljoen) 35 jaar of jonger.
- Die ontsluiting van hierdie potensiaal word egter gekniehalter deur probleme soos die MIV/Vigs-pandemie en lae onderwysvlakke.
- Te veel mense is nie ten volle in diens nie en te min mense begin hul eie ondernemings.
- Dit wil voorkom of 'n gebrek aan onderwys en vaardighede die oorsaak van hierdie probleme is.
- Die Wêreld- Ekonomiese Forum (WEF) het Suid-Afrika 54ste uit 139 lande op die ranglys van mededingende lande geplaas. Op sommige gebiede is Suid-Afrika onder die bestes ter wêreld.
- Dit wil voorkom of 'n arbeidsmag wat ontoereikend opgelei is, die naasgrootste hindernis vir sakebedrywighede in Suid-Afrika is.

### 11.2.2 Arbeidsmaggetalle

- Groot vaardigheidstekorte kom voor onder sekere soort ingenieurs, natuurkundiges, tegnisi, ontwerpers, inligtingstegnoloë, landbouwetenskaplikes, aktuarisse, finansiële markanaliste, risikobestuurders, asook wiskunde- en wetenskaponderwysers.
- Ons onderwysstelsel het nie tred gehou met die veranderinge in die Suid-Afrikaanse ekonomie nie.
- Teen 2010 was landbou verantwoordelik vir slegs 5% van indiensneming. Ander sektore, wat beter vaardighede vereis, het aansienlik gegroei.
- In 1970 was 3% van alle betrekings in finansiële dienste, maar teen 2010 het hierdie sektor werk aan byna 13% van alle werkers verskaf.
- Die ooreenstemmende syfer vir die groot- en kleinhandelsektor was 9% in 1970 en 23% in 2010.
- Slegs 54% van diegene van werksouderdom is deel van die arbeidsmag. 25% van diegene wat kan werk, kan nie werk kry nie.

- Uit 'n totale werksouderdombevolking van 32 miljoen mense, werk slegs 13 miljoen.
- In 2010 was daar minder mense in diens as in 2006.

### 11.2.3 Werkloosheid

In Suid-Afrika was daar sedert 1970 'n skerp toename in werkloosheid. Dit is veroorsaak deur:

- 'n Afname in die arbeidsintensiewe primêre sektor, soos mynbou en landbou
- 'n Groot toename in die bevolking
- 'n Gebrek aan ontwikkeling van die informele sektor
- Die reaksie op eise van vakunies.

### 11.2.4 Indiensneming

- 13 miljoen mense werk, maar nie almal is ten volle in diens nie.
- Byna 5% van hulle word onderaangewend, wat beteken dat hulle minder as 35 uur per week werk.
- Die meeste van hierdie onderaangewende werkers is in poste wat slegs ongeskoolde of halfgeskoolde werkers vereis.
- Ondernemers is belangrik omdat hulle deur die skepping van werksgeleenthede in hul ondernemings meer mense na die arbeidsmag lok.
- Volgens die Globale Entrepreneurskapmonitor (GEM) is Suid-Afrika een van die lande met die minste entrepreneursontwikkeling. Daar word beraam dat slegs een uit elke agttien Suid-Afrikaners sy of haar eie onderneming begin of bestuur. Tussen 70% en 80% van alle kleinsakeondernemings wat begin word, gaan uiteindelik ten gronde.

### 11.2.5 Geografiese verspreiding

Suid-Afrika se bevolkingsamestelling, per provinsie, is min of meer soos volg:

- Gauteng 22,4%
- KwaZulu-Natal 21,3%
- Oos-Kaap 13,5%
- Limpopo 10,9%
- Wes-Kaap 10,4%
- Mpumalanga 7,2%
- Noordwes 6,4%
- Vrystaat 5,7%
- Noord-Kaap 2,2%

## Vrae

### Vraag 1: Veelvuldigekeusevrae

Gee die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter van die antwoord wat jy kies.

- 1.1 Die groep wat dit die moeilikste vind om 'n werk te kry is ... in die ... gebiede.
- A jong mans; landelike
  - B jong vroue; landelike
  - C ou mans; stedelike
  - D ou vroue; stedelike (2)
- 1.2 “'n Suksesvolle grondeis het 'n gemeenskap nuwe moed gegee.” Hierdie hoofopskrif verwys na die regering se pogings om regstelling deur die ...-program en probeer om aan gemeenskappe geleenthede in die ... sektor te gee.
- A herverdeling van grond; sekondêre
  - B landbouontwikkeling; tersiêre sektor
  - C herverdeling van natuurlike bronne; primêre
  - D herverdeling van grond; primêre (2)
- 1.3 'n Onderskeidende kenmerk van die Suid-Afrikaanse bevolking is ...
- A dit bestaan grotendeels uit mense tussen die ouderdom 50-65
  - B 71% of meer is jonger as 35
  - C die WEF het ons 10de op die ranglys van mededingende lande geplaas
  - D ons groot aantal ongeskoolde werkers, wat 'n voordeel is. (2)


### Vraag 2: Waar of Onwaar

Dui aan of die volgende stellings Waar of Onwaar is. Indien Onwaar, skryf die korrekte stelling neer.

- 2.1 Die bestaan van mikro-uitleners kan help om die ekonomie te stimuleer. (2)
- 2.2 Suid-Afrika het 'n tekort aan ongeskoolde arbeid. (2)
- 2.3 Werkloos vorm nie deel van die ekonomies aktiewe bevolking nie. (2)
- 2.4 Hoë geboorte- en sterftesyfers is kenmerkend van die eerste fase in die demografiese siklus. (2)

### Vraag 3

Gee VIER redes waarom werkloosheid in die afgelope tien jaar in Suid-Afrika toeneem het. (8)

**Oorsig**

Werkloosheid is 'n ernstige vraagstuk in Suid-Afrika. Aan die einde van hierdie onderwerp behoort jy die aard en hoofoorsake van werkloosheid in Suid-Afrika te verstaan, asook benaderings om die probleem op te los.

# Die aard van werkloosheid

## 12. 1. Die aard van werkloosheid

---

### 12.1.1. Die getalle

**Feite:**

- Meer as 3 miljoen mense is werkloos.
- Die helfte van hulle het nog nooit gewerk nie.
- Dis moeilik om te weet hoeveel mense in die informele sektor werk, aangesien syfers nie beskikbaar is nie.
- Indien ons ons ekonomiese groei kan verbeter, behoort ons ook ons werkloosheidsyfer aansienlik te verminder.

In Suid-Afrika gebruik ons twee verskillende definisies van die begrip ‘werkloosheid’. Die eerste is die amptelike definisie wat deur Statistiek SA (StatsSA) gebruik word; die tweede is die uitgebreide (of breër) definisie.

Volgens die amptelike definisie is iemand werkloos indien:

- die persoon nie gewerk het tydens die sewe dae wat die peiling voorafgegaan het nie
- die persoon wil werk en beskikbaar is om te begin werk binne ’n week ná die peiling
- die persoon aktiewe stappe gedoen het om werk te soek of om ’n onderneming te begin tydens die vier weke wat die peiling voorafgegaan het.

Volgens die uitgebreide definisie is iemand werkloos indien:

- die persoon nie gewerk het tydens die sewe dae wat die peiling voorafgegaan het nie
- die persoon wil werk en beskikbaar is om te begin werk binne ’n week ná die peiling.

### 12.1.2 Die werkloosheidsyfers

Om die werkloosheidsyfer te bereken:

$$\text{Werkloosheidsyfer} = \text{aantal werklooses} / \text{totale EAB} \times 100 / 1$$

Die ekonomies-aktiewe bevolking (EAB) bestaan uit:

- Mense ouer as 16 wat betrekkings het, asook diegene wat nie 'n betrekking het nie, maar wat in staat is om te werk en wel wil werk.
- Mense ouer as 16 wat in staat is om te werk, maar wat nie wil werk nie omdat hulle nog op skool of kollege is, of reeds afgetree het.

Dit sluit nie mense jonger as 16 of diegene wat nie kan werk nie omdat hulle in die gevangenis is, in nie.

Verwys na die syfers in jou handboek wanneer jy werkloosheid bestudeer.

### 12.1.3 Soorte werkloosheid

#### **Wrywingswerkloosheid**

Wrywingswerkloosheid kom voor wanneer 'n persoon tussen twee betrekkings verkeer, of vir die eerste keer werk soek (soos 'n skoolverlater of student wat onlangs afgestudeer het). Dit is veronderstel om vir 'n kort tyd te duur.

#### **Sikliese werkloosheid**

Sikliese werkloosheid is die gevolg van sikliese veranderings of fluktuasies in die ekonomie. Tydens 'n ekonomiese resessie verloor baie mense hul werk. Wanneer die ekonomie herstel en begin uitbrei, kan hierdie mense weer werk kry.

#### **Strukturele werkloosheid**

Strukturele werkloosheid kom voor wanneer die aard van die ekonomie verander en die vaardighede van die werksmag nie klop met die behoeftes van die ekonomie of die tegnologie wat in die werkplek gebruik word nie. Suid-Afrika het, byvoorbeeld, 'n tekort aan ingenieurs.

### **Seisoenale werkloosheid**

Seisoenale werkloosheid kom voor wanneer werkers in 'n bepaalde pos slegs benodig word vir 'n gedeelte van die jaar. Vrugteboere, byvoorbeeld, gebruik net vrugteplukkers en –pakkers tydens oestyd. Seisoenale werkloosheid kom algemeen voor in die landbou- en die gasvryheidsbedryf.

### **12.1.3 Kenmerke van werkloosheid in Suid-Afrika**

Werkloosheid in Suid-Afrika het bepaalde kenmerke wat deels te wyte is aan ons geskiedenis.

#### **Gebrek aan vaardighede**

'n Groot deel van Suid-Afrika se bevolking kan nie werk kry nie omdat hulle nie die nodige vaardighede het nie. Ons het meestal strukturele werkloosheid.

Een van die redes vir die gebrek aan vaardighede by talle ouer Suid-Afrikaners is die apartheidbeleidrigtings van die verlede.

Die aantal werklose, ongeskoolde werkers in Suid-Afrika neem toe weens strukturele veranderinge in ons ekonomie. Byvoorbeeld:

- Tegnologiese ontwikkeling en meganisasie beteken dat masjinerie nou baie van die werk doen wat voorheen deur ongeskoolde of laaggeskoolde werkers gedoen is.
- Globalisering beteken dat Suid-Afrika moet meeding met ander ekonomieë om goedere en dienste doeltreffend en goedkoop te verskaf.
- Die primêre sektor van die ekonomie is besig om minder belangrik te word.

#### **Ouderdom**

Suid-Afrikaners tussen die ouderdomme van 16 en 24 jaar ervaar hoë vlakke van werkloosheid. Dis dikwels moeilik om 'n eerste betrekking te kry, omdat die aansoeker geen werkservaring het nie. Kennis wat op skool verwerf is, is gou verouderd, veral rekenaarvaardighede, omdat die inligtingstechnologie geneig is om baie vinnig te verander.

### **12.1.4 Oorsake van werkloosheid**

#### **Bevolkingstoename**

- Die bevolkingstoename in Suid-Afrika is hoër as die ekonomiese groeiakoers.
- Die ekonomie groei nie vinnig genoeg om werkgeleenthede te verskaf aan al die jong mense wat jaarliks tot die arbeidsmark toetree nie.

**Kapitaalinvestering en meganisasie**

- Mededinging in Suid-Afrika, asook met die globale ekonomie, beteken dat ondernemings deurentyd onder toenemende druk is om goedere en dienste meer doeltreffend te verskaf.
- Ondernemings investeer in masjinerie, wat vinniger werk, om met die aanvraag tred te hou.
- Dis makliker om met masjinerie te werk as mense: masjinerie het nie verloop nodig nie en staak nie vir hoër lone nie.
- Meganisasie veroorsaak dus werkloosheid.

**Historiese redes**

- Weens die beleidsrigtings van apartheid het 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse bevolking nie behoorlike onderwys en opleiding ontvang nie.
- Talle ekonomies-aktiewe mense in ons land het nie die regte vaardighede vir betrekings in die hedendaagse gesofistikeerde ekonomie nie.

**Ekonomiese siklusse**

- Wanneer die ekonomie in 'n resessie is, of in 'n afwaartse fase (inkrimping), neem die aanvraag na goedere en dienste af.
- Ondernemings verminder hul produksie dienooreenkomstig en dank werkers af.
- Daar is minder geleenthede vir tydelike werk of die vestiging van nuwe ondernemings.

**12.1.5 Gevolge van werkloosheid**

Hoë werkloosheidsvlakke het ernstige ekonomiese, maatskaplike en politieke gevolge.

**Armoede**

- Werkloosheid is die hoofrede vir hoë vlakke van armoede in Suid-Afrika.
- Volgens amptelike statistieke is 4,4 miljoen mense werkloos in Suid-Afrika, maar volgens die uitgebreide definisie van werkloosheid is minstens 7 miljoen mense na raming werkloos.
- Een mens wat werk het, sorg gewoonlik vir verskeie gesinslede, sodat een mens se werkverlies 'n groot rimpeleffek het.
- Byna die helfte van Suid-Afrika se bevolking leef in armoede.
- Die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) betaal slegs mense wat onlangs 'n formele betrekking gehad en tot die fonds bygedra het. Dit help nie die miljoene mense wat nooit 'n werk kon kry nie, of wat langer as ses maande werkloos was nie.



**Maatskaplike probleme**

- Werkloosheid het 'n uitwerking op mense se selfbeeld en waardigheid.
- 'n Mens wat werkloos is, kan nie vir sy of haar gesin sorg nie, en kan uit desperaatheid misdaad pleeg om geld in die hande te kry.
- Gesinne wat nie hul huurgeld of huisverband kan betaal nie, raak dakloos of moet staatmaak op familie of vriende wat dalk reeds finansiële noustrop trek.
- Hoë misdadigers maak mense bevrees en onseker.
- Hoë vlakke van alkohol- en dwelmmisbruik en gesinsgeweld is algemeen in gemeenskappe met hoë werkloosheidskoerse.
- Verveeldheid, depressie en 'n gebrek aan motivering is algemene probleme onder werkloos.

**Koste vir belastingbetalers**

- Sedert 2001 het die regering sy besteding aan maatskaplike toelaes vir armes verhoog.
- Die regering belas werkers en ondernemings om die geld te kry hierdie toelaes te betaal.
- Die geld wat uit belasting geïnd word, kon gebruik geword het vir infrastrukture soos skole, hospitale en paaie.
- Baie meer mense in Suid-Afrika ontvang toelaes as wat belasting betaal.

# Benaderings tot die oplossing van die werkloosheidsprobleem

## 12.2 Benaderings tot die oplossing van die werkloosheidsprobleem

---

Die regering het 'n aantal programme in werking gestel vir die oplossing van die werkloosheidsprobleem in die land. Indien die ekonomie groei, kan dit meer werkgeleenthede skep. Dit sal help om die probleem van werkloosheid op te los.

### 12.2.1 Regeringsprogramme om werkloosheid op te los

#### **GEAR**

Die Beleid vir Groei, Indiensneming en Herverdeling (GEAR) is in 1994 ingestel om ekonomiese groei aan te wakker.

#### **ASGI-SA**

Die oogmerk van Asgi-SA is om armoede en werkloosheid teen 2014 te halveer. Die ekonomie moet teen 6% per jaar groei om dit te bereik.

#### **JIPSA**

Die Gesamentlike Inisiatief ter Verkryging van Voorkeurvaardighede (JIPSA) is gemik op die identifisering van skaars vaardighede wat nodig is vir ekonomiese groei.

### 12.2.2 Produksiegroei

Indien ons die aanvraag na goedere en dienste verhoog, moet ons produksie eweneens verhoog om aan hierdie aanvraag te voldoen. Dit beteken meer mense moet in diens geneem word. Dit sal werkloosheid verminder.

#### **Plaaslike produksie**

Ter oplossing van plaaslike werkloosheid moet plaaslike produksie verhoog word.

Die veldtog Trots Suid-Afrikaans moedig Suid-Afrikaners aan om “Suid-Afrikaans te koop”.

**Plaaslike ondernemings**

Die regering probeer om KMMO's aan te moedig deur die aanvaarding van wetgewing om hierdie ondernemings te help met finansiering en om hul belastingopgawes en ander rekordhouding te vergemaklik.

**12.2.3 Programme vir openbare werke**

- Die Nasionale Program op Openbare Werke (NPOW) is in 1994 begin om Suid-Afrika se infrastruktuur te verbeter en tegelyk werkgeleenthede te skep.
- Die NPWP gebruik arbeidsintensiewe metodes vir die verbetering van paaie, pypleidings, waterverskaffing en sanitasie, en vir die bou van huise, skole en klinieke.
- Talle ongeskooldes is hierdeur in diens geneem.
- Mense kry die geleentheid om nuwe vaardighede aan te leer en in die proses die infrastruktuur te verbeter.

**12.2.4 Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF)**

- Die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) is 'n versekeringskema wat tydelike inkomste bied aan mense wat hul werk verloor het.
- Die fonds betaal slegs uit indien 'n mens voorheen in diens was, en dan ook net vir ses maande.
- Die fonds help nie mense wat nog nooit in diens was of wat vir langer as ses maande werkloos was nie.

# Ekonomies gemarginaliseerde groepe

## 12.3 Ekonomies gemarginaliseerde groepe

---

- Ekonomies gemarginaliseerde groepe is diegene wat nie in die verlede deel was van die ekonomie nie.
- Gemarginaliseerde groepe is die kwesbaarste vir werkloosheid.
- Gemarginaliseerde groepe sluit mense in wat voorheen benadeel is weens die beleidsrigtings van apartheid.
- Gemarginaliseerde groepe het minderwaardige onderwys ontvang en het dus minder vaardighede om aan te bied.
- Hulle vorm die meerderheid van werklose Suid-Afrikaners.

Regeringsprojekte is geskep om die probleem van werkloosheid onder gemarginaliseerde groepe aan te pak.

### 12.3.1 Vaardighedsprojekte

- Die regering het die Wet op Vaardighedsontwikkeling ingestel om die vaardighede van gemarginaliseerde Suid-Afrikaners te verbeter.
- Werkgewers moet 'n klein persentasie van hul omset bydra tot die Fonds op Vaardighedsontwikkeling.
- Verskeie Owerhede vir Sektorale Onderwys en Opleiding (SETAs) verteenwoordig die verskillende sektore in die ekonomie.
- Hierdie SETAs werk saam met werkgewers om leerderskappe vir jongmense aan te bied.
- Leerderskappe rus individue toe met vaardighede en kennis wat eie is aan 'n bepaalde nywerheid, en kan lei tot geleenthede vir indiensneming.

### 12.3.2 Regstelling van vroeëre beleidsrigtings

Die regering het 'n aantal beleidsrigtings aanvaar en wette ingestel om die onregte van apartheid reg te stel.

Dit is regeringsbeleid om produkte en dienste van SEB-maatskappye (Swart Ekonomiese Bemagtiging) aan te koop, waar ook al moontlik.

**Die Wet op Gelyke Indiensneming en regstellende aksie**

- Die Wet op Gelyke Indiensneming en beleidsrigtings vir regstellende aksie is ingestel ter regstelling van vroeëre beleidsrigtings wat teen sekere bevolkingsgroepe gediskrimineer het.
- Werkgewers moet in die werwingsproses voorkeur gee aan swart mense (dit is mense wat swart, bruin of Indiër is), vroue en mense met gestremdhede.
- Dit geld vir almal, behalwe baie klein ondernemings.
- Indien nodig, moet werkgewers die indiensneming van mense uit bepaalde groepe prioritiseer sodat die arbeidsmag in hul onderneming meer verteenwoordigend van die algemene bevolking sal wees.

Werkgewers in die private en openbare sektore moet beleidsrigtings vir regstellende aksie in werking stel met die aanstelling van mense. Privaat ondernemings wat met die staat wil sake doen, moet optree ooreenkomstig die Wet op Gelyke Indiensneming.

**Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB)**

Swart ekonomiese bemagtiging is gemik op die bevordering van swart eienaarskap van ondernemings.

## Vrae

### Vraag 1: Veelvuldigekeusevrae

Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter van die antwoord wat jy kies.

1.1 Suid-Afrika het tans 'n ooraanbod van ... arbeid.

- A geskoolde
- B halfgeskoolde
- C ongeskoolde
- D seisoenale (2)

1.2 Wrywingswerkloosheid kom voor wanneer ...

- A oestyd ten einde loop
- B mense tussen betrekkings beweeg
- C die struktuur van die ekonomie verander
- D werkloosheid lank duur (2)

### Vraag 2

2.1 Hoe word die Fonds op Vaardigheidsontwikkeling gefinansier? (2)

2.2 Hoe word werkloosheid deur 'n verhoging in die aanvraag na plaaslike produksie beïnvloed? (4)

### Vraag 3: Waar of Onwaar

Dui aan of die volgende stellings Waar of Onwaar is. Indien Onwaar, skryf die korrekte stelling neer.

3.1 Suid-Afrika verloor geskoolde werkers. (2)


3.2 Die ekonomies aktiewe bevolking sluit mense in wat jonger is as 16 jaar en deelydse werk doen. (2)

### Vraag 4

Verduidelik enige DRIE maatskaplike probleme wat deur werkloosheid veroorsaak word. (9)

## Arbeidsverhoudings

### Oorsig



Onderwerp 13 behandel die verhoudings tussen werknemer en werkgever in die Suid-Afrikaanse opset, asook Suid-Afrikaanse arbeidsreg en die regte van werknemers.

# Die arbeidsmark in Suid-Afrika

## 13.1 Die arbeidsmark in Suid-Afrika

---

- Die arbeidsmark behels die vraag na en aanbod van arbeid.
- Huishoudings verkoop hul arbeid aan ondernemings.
- Verskeie faktore beïnvloed die vraag na en aanbod van arbeid
- Die Suid-Afrikaanse arbeidsmark is kompleks.
- Onderaanwending is algemeen in Suid-Afrika. Sommige mense het werk, maar nie daagliks vir 'n volle werkdag nie. Andere doen werk wat nie hul vaardighede of opleiding ten volle benut nie.
- Suid-Afrika het 'n groot groep ongeskoolde werkers.

### 13.1.1 Die vraag na arbeid


Die vraag na arbeid hang van die onderstaande af:

- Hoeveel werknemers word deur werkgewers benodig?
- Aan watter soort werkers het werkgewers 'n behoefte?
- Wanneer het werkgewers 'n behoefte aan werknemers?

Die vraag na arbeid is 'n afgeleide vraag: dit hang af van 'n onderneming se behoefte aan arbeid vir die produksie van goedere of lewering van dienste. Ondernemings neem nie werknemers in diens bloot ter wille van indiensneming nie; ondernemings neem net mense in diens vir dit wat hulle kan produseer.

Die vraagkurwe vir arbeid funksioneer net soos enige ander vraagkurwe vir sover die vraag na arbeid meer is teen laer koste (lone).






## Faktore wat die vraag na arbeid beïnvloed

- die produktiwiteit van arbeid
- die koste van arbeid
- meganisasie en die vervanging van arbeid
- die ekonomiese kringloop.

Meganisasie verminder die vraag na arbeid op alle prysvlakke (loonvlakke).




## Werkgeleenthede in Suid-Afrika

'n Tekort aan nuwe werkgeleenthede veroorsaak werkloosheid en onderaanwending.

Om werkgeleenthede te vermeerder moet ons:

- Ekonomie vinniger groei as ons bevolking
- Talle nuwe werkgeleenthede skep
- Die produktiwiteit van Suid-Afrika se arbeidsmag verbeter
- Mense oplei om meer produktief te wees deur hul vaardighede te verbeter
- Loonverhogings beperk
- Meer arbeidsintensiewe metodes vir die produksie van goedere en lewering van dienste kies.

Ekonomiese groei skep meer werkgeleenthede omdat meer ondernemings tot stand kom of groei. Die verbruikingsvlakke in die land neem toe namate meer mense in diens geneem word, en dit veroorsaak 'n opwaartse spiraal. 'n Insinking in die ekonomie het die teenoorgestelde uitwerking.



### 13.1.2 Die aanbod van arbeid


Die aanbod van arbeid kom van ekonomies aktiewe mense wat wil en kan werk.

Die arbeidsaanbod hang af van:


- die wil van mense om te werk
- werknemers se vaardighede
- lone aangebied
- migrasie van arbeid (die breinkwyn)

# Eenheid 1

Die aanbodkurwe vir arbeid funksioneer soos enige ander aanbodkurwe omdat meer mense hul dienste teen hoër prysvlakke (lone) aanbied.



In 'n markeconomie sonder staatsinmenging sal die vraag na en aanbod van arbeid sy eie ewewigspunt bereik:



**Faktore wat prysvlakke (besoldingsvlakke) in die vraag na en aanbod van arbeid verander**

- Lone verlaag nie altyd wanneer die aanbod van arbeid toeneem nie. Vakbonde kan besoldigingsvlakke vir ongeskoolde werknemers beïnvloed.
- Indien lone tot onder 'n sekere punt daal, word dit nie die moeite werd om so 'n werk te aanvaar nie.
- Die staat beïnvloed lone deur byvoorbeeld minimumlone vas te stel.
- Indien die inflasiekoers hoog is, sal werknemers hoër lone eis om die toename in lewenskoste te neutraliseer.
- Indien 'n werkgewer se onderneming meer winsgewend is, sal werknemers hoër lone eis as hul deel van die wins.
- Indien die algemene lewenspeil van die gemeenskap hoog is, sal werknemers in laagbesoldigde poste hoër lone eis om met ander mense tred te hou.
- Hoë werkloosheid druk lone af.
- Produksievlakke beïnvloed die vermoë van werkgewers om hoër lone te betaal.

# Die oogmerke van die Wet op Arbeidsverhoudinge (66/1995)

## 13.2 Die oogmerke van die Wet op Arbeidsverhoudinge (66/1995)

---

Die Wet op Arbeidsverhoudinge is gemik op die totstandkoming van 'n beter magsbalans tussen werkgewers en werknemers.

### 13.2.1 Selfbestuur ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge

Die Wet op Arbeidsverhoudinge moedig werkgewers en werknemers aan tot selfbestuur, soos in die vooruitsig gestel in artikel 23 van die Grondwet van Suid-Afrika.

- 1 Elke werknemer het die reg om:
  - 'n vakbond te stig en/of by een aan te sluit
  - aan die aktiwiteite en programme van 'n vakbond deel te neem
  - te staak.
  
- 2 Elke werkgewer het die reg om:
  - 'n werkgewersorganisasie te vorm en/of by een aan te sluit
  - aan die aktiwiteite en programme van 'n werkgewersorganisasie deel te neem.
  
- 3 Elke vakbond en elke werkgewersorganisasie het die reg om:
  - sy eie administrasie, programme en aktiwiteite te bepaal
  - te organiseer
  - 'n federasie te stig of by een aan te sluit.
  
- 4 Elke vakbond, werkgewersorganisasie en werkgewer het die reg om aan kollektiewe bedinging deel te neem.

Die Wet op Arbeidsverhoudinge verskaf besonderhede oor:

- die regte van vakbonde om hulleself te organiseer
- die regte van werkers om te staak en die reg van werkgewers tot uitsluiting
- eenvoudige prosedures vir die registrasie van vakbonde en werkgewersorganisasies.

### 13.2.2 Majorifikasie ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge

- Majorifikasie behels die invoer van demokrasie in die werkplek en bevorder die idee van werkersdeelname by besluitneming by wyse van werkplekforums.

- Gee praktiese inhoud aan Suid-Afrika se deelname aan internasionale arbeidsorganisasies, soos die Internasionale Arbeidsorganisasie.
- Verander of kanselleer diskriminerende apartheidswette.

### **13.2.3 Konsultasie ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge**

Konsultasie op voetsoolvlak is 'n belangrike deel van 'n demokrasie. Die Wet op Arbeidsverhoudinge:

- Bevorder en reël kollektiewe bedinging.
- Verskaf maniere om arbeidsdispute op te los deur die Kommissie vir Versoening, Bedinging en Arbitrasie (KVBA).
- Skep arbeidshowe en arbeidsappêlhowe om arbeidsgedinge aan te hoor.

# Arbeidsregte en konvensies

## 13.3 Arbeidsregte en konvensies

### 13.3.1 Konvensies

Die Internasionale Arbeidsorganisasie is werksaam in meer as 240 lande en is ingestel op die bevordering van maatskaplike geregtigheid. Lidlande kom jaarliks byeen om konvensies en aanbevelings te formuleer.

- 'n Konvensie skep reëls en riglyne wat deur lande aanvaar en gevolg word. Voorbeelde van konvensies is die reëls oor die indiensneming van kinders onder 'n sekere ouderdom, diskriminasie, dwangarbeid en werksure.
- Aanbevelings is riglyne. Voorbeelde van aanbevelings is dié oor vergoeding vir ongelukke, en versekering vir verlof en siekte.

### 13.3.2 Arbeidsregte in Suid-Afrika

Die volgende wette het te make met arbeidsregte in Suid-Afrika:

- Die Grondwet van Suid-Afrika (108/1996)
- Die Wet op Arbeidsverhoudinge (66/1995)
- Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (75/1997)
- Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (85/1993)
- Die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (130/1993).

### 13.3.2 Die Wet op Arbeidsverhoudinge (66/1995)

Die Wet op Arbeidsverhoudinge het arbeidsverhoudinge in Suid-Afrika grondig verander. Die belangrikste aspekte hiervan is:

- Dit baan die weg vir vryheid van assosiasie en verleen beskerming teen diskriminasie en tydens dispute.
- Dit verplig partye tot kollektiewe bedinging. Werkgewers moet met 'n verteenwoordigende vakbond onderhandel of binne bedingingsrade.
- Dit vestig die reg tot staking en uitsluiting.
- Dit skryf dispuutoplossing voor en skep die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA).

Vryheid van assosiasie skep ruimte vir aansluiting by 'n vakbond of soortgelyke organisasie. Dit was verbode tydens die apartheidsbewind.

Kollektiewe bedinging skep ruimte vir aansluiting by ander werkers om te beding vir hoër lone of beter werksomstandighede.

### **13.3.3 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (75/1997)**

Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes lê sekere reëls neer vir die verhouding tussen werkgewers en werknemers. Dit stel ook minimum vereistes vir werkgewers en werknemers.

- Dit bepaal die maksimum werkure per dag en per week. Dit verskaf ook voorskrifte vir oortydwerk, saamgeperste werksweke en nagwerk.
- Dit spesifiseer verskillende soorte verlof.
- Dit spesifiseer besonderhede aangaande indiensneming en betaling, asook aftrekkings.
- Dit verbied kinder- en dwangarbeid.

### **13.3.4 Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (85/1993)**

Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid verskaf die reëls vir die gesondheid en veiligheid van alle werknemers. Indien 'n werkgewer nalatig is en 'n personeellid word beseer, kan die werkgewer beboet of selfs gevangenisstraf opgelê word.



# Kollektiewe bedinging en die proses vir dispuutresolusie

## 13.4 Kollektiewe bedinging en die proses vir dispuutresolusie

---

Kollektiewe bedinging is 'n metode vir die oplossing van geskille tussen werkgewers en werknemers.

Vakbonde en werkgewerorganisasies onderhandel met mekaar om die diensvoorwaardes vir werknemers te bepaal. Deur onderhandeling word 'n ooreenkoms bereik. Dit verg 'n kompromis.

'n Geslote-geledere-ooreenkoms kom voor wanneer 'n vakbond en 'n werkgewer ooreengekom het dat slegs lede van daardie vakbond vir die werkgewer mag werk.

### 13.4.1 Vakbonde

- Vakbonde onderhandel met werkgewers om die beste moontlike diensvoorwaardes vir hul lede te verkry.
- Enige persoon in die land mag aan 'n vakbond of 'n werkgewersorganisasie behoort.
- Werknemers sluit uit eie keuse by 'n vakbond aan en betaal ledegeld. Die lede verkies die ampsdraers van die vakbond. Indien minstens twee derdes van die werknemers in 'n bepaalde werkplek ten gunste is van 'n geslote-geledere-ooreenkoms, kan die vakbond sodanige ooreenkoms met die werkgewer sluit.

### 13.4.2 Werkplekforums

Die Wet op Arbeidsverhoudinge het die ruimte geskep vir die ontstaan van werkplekforums. Hulle bestaan om:

- die belange van alle werknemers te bevorder
- die werkplek meer doeltreffend te maak
- konsensus met die werkgewer te bewerkstellig oor sake wat die werknemers raak, soos herstrukturering, uitdiensstellings of dissiplinêre kodes en prosedures
- gesamentlike probleemoplossing te bevorder.

### 13.4.3 Bedingingsrade

Bedingingsrade is 'n skepping van die Wet op Arbeidsverhoudinge wat die ou nywerheidsrade vervang het. 'n Geregistreerde vakbond en 'n geregistreerde werkgewersorganisasie mag 'n bedingingsraad vir 'n nywerheid of 'n gebied tot stand bring.

**Funksies van Bedingingsrade**

Bedingingsrade bestaan om:

- kollektiewe ooreenkomste te bereik en uit te voer
- arbeidsdispute te verhinder of te help oplos
- opleiding en onderwys te bevorder
- voordeelfondse, soos pensioenfondse, te skep.

Slegs partye wat deelgeneem het aan die proses van kollektiewe bedinging is onderhewig aan die kollektiewe ooreenkoms. Tog mag die bedingingsraad die Minister van Arbeid versoek om die kollektiewe ooreenkoms ook op ander partye bindend te maak.

**13.4.4 Die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA)**

- Die KVBA tree op as 'n onafhanklike liggaam vir die oplos van arbeidsdispute.
- Enige party tot 'n dispuut kan die KVBA om raad of regshulp nader.
- Die oogmerk is om die dispuut op te los voordat 'n staking of uitsluiting plaasvind.
- Die KVBA kan ook help met die vestiging van werkplekforums en met werkplek-verkiesings.
- Die arbeidshof sal nie 'n dispuut aanhoor nie alvorens die KVBA dit eers gedoen het.

# Arbeidshowe

## 13.5 Arbeidshowe

---

Die arbeidshof en arbeidsappèlhof is skeppings van die Wet op Arbeidsverhoudinge om die wet toe te pas.

**Sommige pligte van die arbeidshof:**

- toestaan van interdikte in die geval van 'n onwettige staking
- toekenning van kompensasie
- bevel vir nakoming van die wet deur die partye
- besluitneming oor of 'n staking of uitsluiting beskerm is ingevolge die wet
- aanhoor van sake waarin werknemers onbillik ontslaan is.

## Vrae

### Vraag 1: Veelvuldigekeusevrae

Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter neer van die antwoord wat jy kies.

1.1 Vervanging van arbeid beteken ...

- A een werknemer kan gebruik word in die plek van 'n ander
- B masjinerie word gebruik in plaas van mense
- C werkskofte word ingestel
- D 'n werker kan kies om iemand in sy plek te laat werk. (2)

1.2 'n Organisasie van werkers wat ingestel is op die verbetering van die werktoestande en besoldiging van sy lede is bekend as 'n ...

- A gilde
- B politieke party
- C vakunie
- D klub vir werkende mans. (2)

1.3 Die term geslote geleedere in Ekonomie verwys na ...

- A 'n ooreenkoms tussen vakbonde om nie met mekaar mee te ding nie
- B 'n ooreenkoms tussen werkgewers om nie vakbondlede in diens te neem nie
- C 'n ooreenkoms tussen 'n werkgewer en vakbond ingevolge waarvan slegs lede van daardie vakbond in diens geneem sal word
- D 'n situasie waarin slegs lede van die regerende politieke party mag aansoek doen vir werk. (2)

### Vraag 2: Waar of Onwaar

Dui aan of die onderstaande stellings Waar of Onwaar is. Indien Onwaar, skryf die korrekte stelling neer.

3.1 Die vraag na arbeid neem toe namate werkers bereid is om vir hoër lone te werk. (2)

3.2 Die arbeidshof sal slegs 'n saak aanhoor indien dit voor die KVBA gedien het en nie opgelos is nie. (2)

## Vrae

### Vraag 3

Gee VIER faktore wat die vraag na arbeid kan bepaal. (8)

### Vraag 4

Verduidelik hoe 'n nywerheid se vraag na arbeid beïnvloed sal word indien 'n hoër loon vir werknemers onderhandel word. (3)

### Vraag 5

Verduidelik enige TWEE regte wat deur die Wet op Arbeidsverhoudinge geskep is. (6)

## Ekonomiese regstelling

### Oorsig



Onderwerp 14 het te make met die pogings wat sedert 1994 in Suid-Afrika aangewend is om die ongelykhede van die verlede reg te stel. Dit is van toepassing op menslike hulpbronne, natuurlike hulpbronne, kapitaal, entrepreneurskap, die demokratisering van ekonomiese prosedures en verskeie makro-ekonomiese aanpassings.

# Bevrediging van basiese behoeftes

## 14.1 Bevrediging van basiese behoeftes

---

Sedert 1994 het die Suid-Afrikaanse regering baie programme geïmplementeer om die ekonomiese en sosiale probleme wat dit van die vorige apartheidsregering geërf het, te oorkom.

### **Die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (RDP)**

Dit was een van die belangrikste programme en het die volgende doelwitte gehad:

- nasiebou
- demokratisering van die staat en die ekonomie
- opbou van die ekonomie
- ontwikkeling van menslike hulpbronne
- bevrediging van basiese behoeftes.

# Menslike hulpbronne

## 14.2 Menslike hulpbronne

---

Om menslike hulpbronne te verbeter, beteken om die vaardighede en vermoëns van mense te verbeter.

Die regering het die volgende areas geïdentifiseer as van belang vir die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse burgers sodat hulle 'n produktiewe rol in die ekonomie kan speel:

### 14.2.1 Onderwys

**Feite:**

Onderwys – volwasseneonderwys styg van 83% in 1996 tot 89% in 2001.  
Geletterdheid van 15–24-jariges styg van 83% in 1996 tot 96% in 2001.

Die slaagsyfer van matrikulante styg van 54% in 1996 tot 68% in 2002

- Alle Suid-Afrikaanse kinders het die reg op onderwys.
- Onderrig is gratis as ouers nie skoolgeld kan betaal nie.
- Alle leerders volg dieselfde kurrikulum en skryf aan die einde van elke fase dieselfde eksamen.
- Nuwe uitvoerige Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV - “CAPS”) vir alle grade word in 2012–14 geïmplementeer.

**Tirisano-veldtog:**

- doeltreffende skole en professionele onderwysers
- stryd teen MIV/Vigs deur kennis en inligting
- taal- en wiskundige geletterdheid
- beskikbaarheid van verdere en hoër onderwys vir meer leerders
- omskepping van die nasionale en provinsiale onderwysdepartemente in doeltreffende organisasies.

### 14.2.2 Opleiding

'n Gebrek aan opleiding in die regte vaardighede dra by tot die hoë werkloosheidsyfer in Suid-Afrika.

Wette om opleidingsgeleenthede te skep vir mense wat voorheen uitgesluit was, sluit in:

- die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAQA), No. 58 van 1995



- die Wet op Suid-Afrikaanse Skole, No. 64 van 1996
- die Wet op Vaardigheidsontwikkeling, No. 97 van 1998
- die Wet op Diensbillikheid, No. 55 van 1998
- die Wet op Vaardigheidsontwikkelingsheffings, No. 9 van 1999.

**Die Menslikehulpbronontwikkeling-strategie (MHO-strategie) van 2001 beoog om die potensiaal van alle mense in Suid-Afrika te verbeter deur:**

- 'n hoër ekonomiese groeikoers
- meer werksgeleenthede
- lewe van 'n beter gehalte vir almal
- wyer deelname aan die arbeidsmark
- burgers wat meer bekwaam is.

**Die Wet op Vaardigheidsontwikkeling en die Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerhede (SETA's)**

- beoog om te verseker dat alle werkers in elke sektor die nodige opleiding het om hul werk te doen.

### 14.2.3 Diensbillikheid

**Feite:**

Swart eienaarskap van sakeondernemings styg van 3,9% in 1997 tot 9,4% in 2002.

Die mikpunt van diensbillikheid is om ontslae te raak van onbillike diskriminasie in die werkplek.

**Die Wet op Diensbillikheid beoog:**

- om die grondwetlike regte op gelykheid en demokrasie te bevorder
- om onredelike diskriminasie in die werkplek te verwyder
- om die gevolge van diskriminasie van die verlede reg te stel
- om 'n arbeidsmag te ontwikkel wat verteenwoordigend van die bevolkingsdemografie is
- om ekonomiese ontwikkeling te bevorder
- om 'n doeltreffende arbeidsmag te ontwikkel
- om ons verpligtinge as 'n lid van die Internasionale Arbeidsorganisasie (IAO) na te kom.

*Regstel beteken om reg te maak.*

# Natuurlike hulpbronne

## 14.3 Natuurlike hulpbronne

---

Suid-Afrika het baie natuurlike hulpbronne, wat versigtig beheer moet sodat ons almal daarby baat kan vind.

### 14.3.1 Grond

- Tydens die apartheidsera is baie Suid-Afrikaners van hul grond af gedwing, sonder om daarvoor betaal te word, en moes hulle op ander plekke vestig.
- Sedert 1994 het die regering grondhervorming ingestel en grond begin herverdeel deur middel van grondeise.
- Mense wat van hul grond en uit hul huise verwyder is, kan aansoek doen om daardie grond terug te eis of betaling daarvoor te ontvang.

### 14.3.2 Minerale en energie

- Mynbou speel 'n baie belangrike rol in ons ekonomie.
- Suid-Afrika is een van die wêreld se grootste produsente van goud en platinum, asook een van die toonaangewende produsente van onedel metale (ander metale as goud en platinum) en steenkool.
- Die Wet op die Ontwikkeling van Minerale- en Petroleumhulpbronne van 2002 reguleer die besitreg, ontginning, gebruik en verwerking van Suid-Afrika se minerale.
- Die regering is die alleenbewaarder van al Suid-Afrika se minerale- en petroleumhulpbronne.
- Mense moet aansoek doen om regte vir die ontginning van hierdie hulpbronne.
- Die Wet verplig die aansoekers om geleenthede vir mense uit histories benadeelde groepe te skep wanneer minerale ontgin en verwerk word.

### Infrastruktuur

- Elektrisiteit: Eskom is 'n parastataal (semistaatsinstelling) wat elektrisiteit voorsien. Dit verbind jaarliks duisende nuwe huishoudings oor die hele land heen met die nasionale elektrisiteitsnetwerk.
- Sanitasie: moderne sanitasiefasiliteite word voorsien aan baie arm gemeenskappe, wat nie vantevore sodanige geriewe gehad het nie.

- **Water:** die regering beoog om aan alle gemeenskappe toegang tot skoon kraanwater te gee, en het dit reeds in baie gebiede gedoen.
- **Suurafval:** Die mynboubedryf is onder druk om sy suurafvalwater beter te behandel.

'n Parastataal is 'n sakeonderneming wat gedeeltelik deur die regering en gedeeltelik deur private beleggers besit word.

### **14.3.3 Visserye**

- Die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne van 1998 beoog die opheffing van kugemeenskappe deur hulle meer toegang tot mariene hulpbronne te gee.
- Die regering het 'n kwotastelsel geïmplementeer, wat net 'n beperkte vangs per persoon of vir elke vissersboot toelaat om te probeer om oorbevissing te keer. Dit veroorsaak finansiële druk op baie gesinne in vissersgemeenskappe wat geen ander bron van inkomste het nie.
- 'n Alternatiewe manier om verbruikers van vis te voorsien en om werk te skep, is om kommersieel met vis te boer. Dit is egter net prakties uitvoerbaar in die geval van sommige spesies en in sekere gebiede.

### **14.3.4 Bosbou**

- Die Wet op Nasionale Woude van 1998 beoog om die omgewing te bewaar en te verseker dat ons woude deeglik bestuur en ontwikkel word.
- Die Departement van Waterwese en Bosbou verhuur of verkoop plantasies in staatsbesit aan die private sektor.
- Die herstruktureringproses behels dat plantasies op grond in omgewings wat nie vir bosbou geskik is nie, uitgefaseer word.

# Kapitaal

## 14.4 Kapitaal

---

- Klein, mikro- en mediumgrootte ondernemings (KMMO's) is belangrik in Suid-Afrika omdat hulle meer Suid-Afrikaners in diens neem as groot maatskappye.
- KMMO's het toegang tot kapitaal nodig om te ontstaan en te groei.
- Banke en beleggers is dikwels nie bereid om geld aan entrepreneurs te leen wat nie bates (soos grond, huise of ander geboue) besit wat as sekuriteit vir 'n lening aangebied kan word nie.
- Om geld as kapitaal vir 'n KMMO te leen, word as 'n hoë risiko beskou, want as die KMMO nie suksesvol is nie, het die entrepreneur niks om te verkoop om die lening te betaal nie.
- Die Suid-Afrikaanse regering en die privaat sektor het met 'n aantal inisiatiewe begin om kapitaal teen lae of redelike rentekoerse aan KMMO's beskikbaar te stel.
- KMMO's gebruik die kapitaal om nuwe ondernemings te begin of om eiendom en toerusting te koop, of om as bedryfskapitaal te gebruik totdat hulle 'n inkomste uit die verkoop van goedere of dienste begin verdien.

### 14.4.1 Kapitaal om sakeondernemings te koop

#### **Business Partners**

Hierdie organisasie belê kapitaal, vaardighede en kennis in nuwe of groeiende KMMO's. Die regering het 'n 20%-aandeel in die maatskappy, en sy groot aandeelhouers uit die private sektor sluit in Rembrandt, Sanlam, Billiton, Ou Mutual, Anglo-American, De Beers en die vier groot banke.

Business Partners belê net in formele KMMO's wat tussen R150 000 en R15 miljoen nodig het. Hulle maak eers seker dat die KMMO lewensvatbaar is en neem dan 'n minderheidsaandeel in die onderneming op om hul eie risiko te beskerm.

### 14.4.2 Kapitaal om eiendom te koop

Die Nasionale Bemagtigingsfonds (NBF) beoog om die diskriminasie van die verlede teen histories-benadeelde individue reg te stel. Die NBF bemark beleggingsgeleenthede in 'n trust wat aandele in ondernemings in staatsbesit het. Net voorheen benadeelde groepe kan aan hierdie skema deelneem.

### **14.4.3 Bedryfskapitaalbehoefte**

Eccles Associates (EA) is 'n korporatiewe finansieringsmaatskappy en finansiële raadgewende maatskappy. EA se SFS-program ('Supplier Finance Solution') is gemik op KMMO's wat goedere en dienste verskaf. KMMO's wat kontantvloeiprobleme ontwikkel wanneer hulle 'n groot bestelling of diens aan 'n semistaatsorganisasie moet lewer, kan bedryfskapitaal by SFS leen.

# Entrepreneurskap

## 14.5 Entrepreneurskap

---

Entrepreneurs is nodig om meer sakeondernemings te skep en te ontwikkel en werk te skep. KMMO's het meer as die helfte van alle mense wat in die formele sektor werk, in diens. Daar is regeringsdepartemente en ander organisasies om KMMO's te help.

### 14.5.1 Ntsika Enterprise Promotion Agency (Ntsika)

Ntsika is 'n agentskap in staatsbesit wat niefinansiële ondersteuning aan KMMO's verskaf, byvoorbeeld hulp met bestuur, ontwikkeling, bemarking, sakekontakte, navorsing en sakeontwikkeling.

### 14.5.2 Khula Enterprise Finance (Khula Bpk.)

Hierdie maatskappy verskaf finansiële en ander ondersteuning aan KMMO's, byvoorbeeld lenings, 'n nasionale kredietwaarborgskema, toewysings, kapasiteitsontwikkeling, ekwiteitsfondse en mentorskapskemas.

### 14.5.3 Regeringsdepartemente

- Die Departement van Handel en Nywerheid se Hoofdirektoraat: Ondernemingsontwikkeling formuleer beleid en strategieë om KMMO's te help, byvoorbeeld die National Small Business Strategy.
- Die National Manufacturing Advisory Centre (NAMAC) gee advies en inligting aan KMMO's ten einde hulle te help om die gehalte van hul produkte en asook hul produktiwiteit te verbeter.
- Tegnologie vir vroue in besighede (TWIB) bevorder die gebruik van tegnologie deur vroue, en moedig meisies en vroue aan om loopbane in wetenskap en tegnologie te kies.

### 14.5.4 Formele onderwys

Suid-Afrika het minder entrepreneurs as ander ontwikkelende lande. Dit beperk ons groei- en werkskeppingsvooruitsigte.

### 14.5.5 Die privaat sektor

- Die privaat sektor besef dat entrepreneurs aangemoedig behoort te word sodat die Suid-Afrikaanse ekonomie kan groei.
- Meer suksesvolle entrepreneurs beteken meer werk, wat weer meer verbruikers beteken wat geld het om aan die produkte en dienste te bestee.
- Dit is daarom in belang van die privaat sektor self om entrepreneurskap te bevorder.
- Minder werkloosheid sal help om armoede en misdaad te verminder, wat tot almal se voordeel sal strek.

### 14.5.6 SEB

Swart ekonomiese bemagtiging beoog om die struktuur van die Suid-Afrikaanse ekonomie te hervorm sodat dit die demografie van die land weerspieël. Voorheen was die meeste ekonomiese mag in die hande van die wit minderheid.

#### **Die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging (BSEB), No. 53 van 2003**

'n Telkaart is opgestel om swart mense se toegang tot die ekonomie te bevorder. Maatskappye bo 'n sekere grootte word aangemoedig om hul eie gradering te verbeter en ook om sake te doen met ander maatskappye met 'n positiewe BSEB-telkaart. Die mikpunt is om swart mense 'n groter sê te gee in:

- eienaarskap van maatskappye
- bestuursposisies
- diensbillikheid, veral op senior vlakke
- ontwikkeling van vaardighede.

Maatskappye word ook aangemoedig om 'n bydrae te lewer tot korporatiewe sosiale beleggingskemas.

# Demokratisering van ekonomiese prosedures

## 14.6 Demokratisering van ekonomiese prosedures

---

Sedert 1994 het die regering verskeie metodes gebruik om die ekonomie te demokratiseer, insluitend arbeidswetgewing, openbare sittings, Nedlac en selfregulerende liggame.

### 14.6.1 Arbeidswetgewing

Die regering het 'n aantal wette ingestel om die werkplek te reguleer en om sowel werkge-wers as werknemers te beskerm.

Die belangrikste van hierdie wette is die Wet op Arbeidsverhoudinge (66/1995) en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (79/1997). Hierdie wette het te make met:

- kollektiewe bedinging
- geskilbeslegting
- vaardigheidsontwikkeling
- die reg om te staak en om uit te sluit
- werkverskaffingsdienste, en
- werkloosheidsversekering.

Die regering het probeer om werkers se behoefte aan beskerming en beter werkstoestande te balanseer met werkgewers se behoefte aan buigsaamheid en toestande wat produktiwiteit en werkskepping sal bevorder.

### 14.6.2 Openbare sittings

Alle wette wat die regering wil instel, word eers gepubliseer en oopgestel vir openbare kommentaar. Alle burgers en organisasies in Suid-Afrika kry die geleentheid om die beplande wet te oorweeg en om hul menings te lug. Hulle kan daarteen beswaar maak en veranderinge voorstel, of dit goedkeur. Die regering kan dan enige veranderinge aanbring wat nodig is mits die nuwe wet voldoen aan die beginsels van Suid-Afrika se grondwet.



### 14.6.3 Nedlac

Die Nasionale Ekonomiese Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac) is in 1995 gestig om die regering, werkgewers- en vakbondorganisasies te help om oor makro-ekonomiese beleid, arbeidsbeleid en ontwikkelingskwessies ooreen te kom. Nedlac kyk ook na arbeidswetgewing en wette oor die ekonomie voordat dit in die parlement ter tafel gelê word en kan bruikbare terugvoering aan die regering gee.

### 14.6.4 Selfregulerende liggame

Selfregulerende liggame is organisasies wat verskillende groepe in die Suid-Afrikaanse ekonomie verteenwoordig. Hulle is belangrik omdat hulle 'n manier is waarop mense betrokke kan wees by die ontwikkeling van ekonomiese beleid. Voorbeelde van sulke selfregulerende liggame is:

- Nedlac
- vakbondorganisasies soos Cosatu (Congress of South African Trade Unions)
- werkgewersorganisasies, soos Besigheid Suid-Afrika (BSA) en die Black Business Council (BBC)
- die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA)
- die Kommissie vir Diensvoorwaardes
- werkplekforums.

# Makro-ekonomiese aanpassings

## 14.7 Makro-ekonomiese aanpassings

---

### Feite:

Indiensneming het met 12% gestyg van 9.6 miljoen in 1995 tot 11.2 miljoen in 2002 .

Werkseleenthede het met 12% gestyg, maar werksoekers met 35%.

### Van die probleme wat die regering in 1994 geërf het, is

- Arbeidsonrus, wat as 'n middel vir politieke uitdrukking gebruik is deur die meerderheid van Suid-Afrikaners, wat geen ander manier gehad het om hul stemme te laat hoor nie.
- 'n Klein belastingbasis en hoë vlakke van werkloosheid.
- Hoë regeringskul, gedeeltelik veroorsaak deur die betaling van subsidies aan die tuislande en vir veiligheid.
- Swak of negatiewe ekonomiese groeikoerse weens sanksies en kapitaalvlug uit die land.
- Verskeie ondoeltreffende bedrywe wat tot stand gekom het om die probleme met sanksies te oorkom, byvoorbeeld die wapenbedryf.

### Regeringsoptrede het die volgende ingesluit

#### 14.7.1 Ekonomiese prestasie

- Strategie vir Groei, Werkverskaffing en Herverspreiding (GEAR) in 1996.
- GEAR het nie genoeg ekonomiese groei en werkseleenthede tot gevolg gehad het nie. In 2005 het die regering GEAR vervang deur die Regering se Program vir Versnelde en Gesamentlike Ekonomiese Groei (AsgiSA).

Ons ekonomie is besig om te verbeter en groot bedrae kapitaal vloei gereeld na Suid-Afrika omdat buitelanders belê en eiendom in die land koop.

Ons het steeds groot probleme met armoede en wydverspreide werkloosheid.

Die gaping tussen ryk en arm het groter geword. Dit lyk of ekonomiese welvaart in die hande van net 'n klein persentasie van die bevolking gekonsentreer is.

### 14.7.2 Indiensneming

- Dit bly een van Suid-Afrika se grootste uitdagings.
- Werkskepping hou nie tred met die groot getalle wat elke jaar die arbeidsmark betree wanneer jongmense klaar met skool en kollege/universiteit is en begin werk soek nie.
- Die wêreldwye ekonomiese resessie van 2009–10 het baie werksverliese veroorsaak en sake-eienaars versigtig gemaak om nuwe personeel aan te stel.

#### Probleme ondervind met werkskepping

Wettige minimum lone en standaarde van werkstoestande in Suid-Afrika is hoog vergeleke met dié in baie ontwikkelende lande.

- Die produktiwiteit van werkers in Suid-Afrika is nie hoog nie.
- Hoë misdaadvlakke dra by tot die bedryfskoste van sakeondernemings.
- Baie ander lande produseer vervaardigde goedere goedkoper as ons. China, Indië en verskeie lande in Suidoos-Asië produseer tekstiele, elektroniese goedere en voertuie wat goedkoper na Suid-Afrika ingevoer kan word as wat soortgelyke produkte hier vervaardig kan word.

### 14.7.3 Inkomste-ongelykheid

- In Suid-Afrika word die gaping tussen ryk en arm voortdurend groter.
- Arm mense het nie voldoende toegang tot onderwys, goeie gesondheidsorg en werksgeleenthede nie; daarom bly hulle arm.
- Sommige Suid-Afrikaners is ongelooflik ryk en lewe in weelde, terwyl ander beswaarlik 'n bestaan maak.

#### Twee menings oor hierdie kwessie

- 1 Ondersteuners van 'n vryemarkstelsel is van mening dat dié met meer rykdom in sakeondernemings kan belê en geld kan bestee om werk te skep, wat dus meer arm mense in staat stel om werk te kry.
2. Sosialiste is van mening dat al Suid-Afrika se hulpbronne aan al sy burgers behoort, en dat alle burgers ewe veel voordeel daaruit moet trek. Hulle glo die regering moet alle privaat bates nasionaliseer en dit onder alle Suid-Afrikaners verdeel. Geen sosialistiese ekonomie was al ooit êrens in die wêreld suksesvol nie; sosialistiese ekonomieë is altyd minder doeltreffend as vryemarkeconomieë.

**Sosiale toelae**

Die regering probeer om die probleme wat die heel armstes ondervind, te verlig deur die aantal mense wat sosiale toelae kry, te verhoog. Die geld vir hierdie toelae kom uit belastings.

**14.7.4 Armoede**

Baie Suid-Afrikaners bly steeds in uiterste armoede en het nie genoeg geld om kos en ander basiese noodsaaklikhede te koop nie.

Die regering probeer om hierdie probleem op te los met die Stedelike Hernuwingsprogram en die Geïntegreerde Volhoubare Landelike Ontwikkelingsprogram, sowel as die stelsel van sosiale toelae.

**14.7.5 Stabiliteit**

- Die Suid-Afrikaanse ekonomie is stabiel.
- Ons vorder stadig maar seker met die voorsiening van basiese fasiliteite soos behuising, gesondheidsorg, water en elektrisiteit aan voorheen-benadeelde groepe van die samelewing.
- Politieke en ekonomiese stabiliteit in Suid-Afrika lok buitelandse beleggings in sakeondernemings en eiendom.

## Vrae

### Vraag 1: Veelvuldige keuse

Kies die korrekte antwoord. Skryf net die letter van die antwoord neer wat jy kies.

- 1.1 Die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne beoog ...
- A om kugemeenskappe op te hef deur vir hulle meer toegang tot mariene hulpbronne te gee
  - B om 'n kwotastelsel te implementeer ten einde grootskaal-visvlote aan te moedig
  - C om 'n kwotastelsel te implementeer as beskerming teen oorbevissing
  - D A en C
- (2)
- 1.2 Khula is 'n onderneming wat ...
- A finansiering aan goedgekeurde KMMO's verskaf
  - B te make het met konflik in die werkplek
  - C help met die invloed van buitelandse kapitaal
  - D geeneen
- (2)

### Vraag 2: Vul die ontbrekende woorde in

Baie Suid-Afrikaners bly steeds in ... en het nie genoeg ... om kos en ander basiese ... te koop nie. (3)

### Vraag 3: Waar of Onwaar

Dui aan of die volgende stellings Waar of Onwaar is. As die stelling Onwaar is, skryf die korrekte stelling neer.

- 3.1 AsgiSA is Suid-Afrika se huidige ekonomiese beleid. (2)
- 3.2 'n Parastataal is 'n maatskappy in private besit. (2)
- 3.3 Die gaping tussen die rykes en armes in Suid-Afrika word kleiner. (2)

## Vrae

### Vraag 4

- 4.1 Noem TWEE belangrike wette wat die werkplek reguleer en sowel werknemers as werknemers beskerm. (4)
- 4.2 Verduidelik enige TWEE probleme wat met die skepping van ekonomiese groei ondervind word. (8)

### Vraag 5

- Lys enige DRIE ekonomiese doelwitte van die regering. (6)

# Finale Eksamen

## GRAAD 10 Ekonomie Finale Eksame

---

**Tyd: 3 uur**

**Instruksies:**

Beantwoord SES vrae:

Afdeling A: Verpligtend

Afdeling B: Beantwoord enige DRIE vrae.

Afdeling C: Beantwoord enige TWEE vrae.

**Afdeling A: Beantwoord ALLE vrae in hierdie afdeling op die antwoordblad wat verskaf is.**

**VRAAG 1**

**1.1 Veelvuldige keuse**

Verskeie moontlike opsies word verskaf as antwoorde op die onderstaande vrae.


Beantwoord die vrae deur die letter van jou keuse te merk teenoor die ooreenstemmende nommer op jou antwoordblad.

- 1.1.1 Industrialisasie verwys na die ontwikkeling van die ... sektor.
- A primêre
  - B sekondêre
  - C tersiêre
  - D ekonomiese
- 1.1.2 ... en ... is lekkasies uit die ekonomiese, volgens die sirkulêre vloei-model.
- A belasting; staatsbesteding
  - B spaargeld; uitvoere
  - C belegging; invoere
  - D spaargeld, belasting
- 1.1.3 'n Organisasie van werknemers wat daarop ingestel is om die werktoestande en besoldiging van sy lede te verbeter, is bekend as 'n ...
- A gilde
  - B vakunie
  - C politieke party
  - D kamer van koophandel
- 1.1.4 Globalisering het gelei tot ...
- A die verbreding van die kloof tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande
  - B die vernouing van die kloof tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande
  - C die ontwikkeling van die sekondêre sektor in ontwikkelende lande
  - D die storting, deur ontwikkelende lande, van goedkoop produkte in die markte van ontwikkelde lande

# Finale Eksamen

- 1.1.5 Wanneer  $I + G + X = S + T + M$ , sal nasionale pryse op markvlakke ...
- A daal
  - B toeneem
  - C dieselfde bly
  - D gelyk wees aan reële nasionale inkomste
- 1.1.6 Watter van die onderstaande is die korrekte definisie van BBP?
- A die totale waarde van alle goedere en dienste vervaardig en gelewer binne die grense van 'n land in 'n bepaalde tydperk
  - B die totale waarde van goedere en dienste vervaardig en gelewer deur die burgers van 'n land, ongeag of hulle in daardie land woon of nie
  - C die gemiddelde inkomste wat verdien is deur die inwoners van 'n land
  - D die totale besteding aan afgehandelde goedere en dienste deur die inwoners van 'n land
- 1.1.7 Wanneer die Suid-Afrikaanse Reserwebank die geldvoorraad wil beperk, sal hy ...
- A rentekoerse verhoog
  - B rentekoerse onveranderd laat
  - C rentekoerse verlaag
  - D meer papiergeld druk
- 1.1.8 Watter een van die onderstaande is 'n voorbeeld van volmaakte mededinging?
- A MTN, een van die drie sellulêre diensverskaffers in Suid-Afrika
  - B SAUK se TV-dienste
  - C 'n tamatieboer in Natal
  - D De Beers, verskaffer meeste van die wêreld se ongeslypte diamante

- 1.1.9 Kies die korrekte onderstaande hieronder teenoor die onderskeie vraag- en aanbodkurwes.



- A die vraagkurwe word vertoon in grafiek (i) en die aanbodkurwe in grafiek (iii)
  - B die vraagkurwe word vertoon in grafiek (ii) en die aanbodkurwe in grafiek (iv)
  - C die vraagkurwe word vertoon in grafiek (iii) en die aanbodkurwe in grafiek (iv)
  - D die vraagkurwe word vertoon in grafiek (iii) en die aanbodkurwe in grafiek (i)
- 1.1.10 Wat sal met die prys van piesangs gebeur indien daar 'n oorskot van piesangs sou wees?
- A die prys sal styg
  - B die prys sal daal
  - C die prys sal onveranderd bly
  - D die prys sal eers styg en daarna daal



# Finale Eksamen

1.1.11 Suid-Afrika het tans 'n ooraanbod van ... arbeid.

- A geskoolde
- B halfgeskoolde
- C ongeskoolde
- D seisoenale

1.1.12 'n Voorvereiste vir 'n volmaakte mark is ...

- A prysmanipulering deur vervaardigers
- B produkvervanging
- C voorraadbeperkings
- D geen voorkeurbehandeling nie

[12 x 2 = 24]

## 1.2 Waar of Onwaar

Dui aan of die onderstaande stellings Waar of Onwaar is. Skryf jou antwoord op die antwoordblad langs die ooreenstemmende vraagnommer.

1.2.1 Toerisme is 'n belangrike deel van die dienstesektor.

1.2.2 Die regering probeer uitvoere aanmoedig deur verbruikerssubsidies aan te bied.

1.2.3 Voordat 'n grootskaalse projek, soos die bou van 'n nuwe dam, goedgekeur word, doen die regering 'n kostevoordeel-ontleding om die maatskaplike koste en voordele van die projek te bereken.

1.2.4 Die primêre sektor is die belangrikste sektor vir die bevordering van ekonomiese groei en die skepping van werkgeleenthede.

1.2.5 AsgiSA is Suid-Afrika se heersende ekonomiese beleid.

[5 x 2 = 10]

## 1.3 Laat pas die kolomme

Kies 'n beskrywing uit Kolom B wat ooreenstem met die item in Kolom A. Skryf jou antwoord op jou antwoordblad langs die ooreenstemmende vraag.

	Kolom A		Kolom B
1.3.1	Omgewingsvolhoubaarheid	A	Uitbreiding
1.3.2	Huidige fase in die handelsiklus van Suid-Afrika	B	Geleentheid vir ondernemerskap in die primêre sektor
1.3.3	Minimumloon	C	Menseregte (Handves van Regte)

# Finale Eksamen

1.3.4	'n Suksesvolle grondeis het 'n gemeenskap nuwe hoop gegee	D	Ondoeltreffendheid van markmeganisme
1.3.5	HIV/Vigs	E	Verstedeliking
1.3.6	Monopolieë	F	Finansiering van staatsgoedgekeurde projekte
1.3.7	Mynwese-revolusie	G	Volmaakte mark
1.3.8	Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika	H	Die opspoor van alternatiewe energiebronne
		I	Laer produktiwiteit
		J	Inkrimping

(8 x 2 = 16)

**[50]**


## AFDELING B: BEANTWOORD ENIGE DRIE VRAE

### VRAAG 2 MAKRO-EKONOMIE

- 2.1 Kies die korrekte woord uit die woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord van jou keuse langs die ooreenstemmende vraagnommer.
- 2.1.1 Suid-Afrika het 'n (mark/gemengde) ekonomiese stelsel. (2)
- 2.1.2 (Mikro/Makro) ekonomie sluit die bestudering van inflasie en ekonomiese groei in. (2)
- 2.1.3 Betalings ontvang op uitgevoerde goedere word geboekstaaf as 'n (lekkasie/inspuiting). (2)
- 2.1.4 Indien die BNI van 'n land R 2 000 miljoen per jaar is, en land het 'n bevolking van 4 miljoen mense, dan is die BNI (R500/R350) per capita. (2)
- 2.1.5 Noem drie ekonomiese sektore en gee 'n voorbeeld van 'n nywerheid in elke sektor (3 x 2)(6)

# Finale Eksamen

2.2 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die daaropvolgende vrae:



2.2.1 Identifiseer die byskrifte by die letters in die grafiek:

- (a) A–B
- (b) B–C
- (c) C–D
- (d) D–E
- (e) D

(5x2) (10)

2.2.2 Wat word voorgestel in die bostaande diagram? (2)

2.2.3 Noem en verduidelik TWEE lekkasies uit die sirkulêre vloei-mode. (8)

2.3 Bespreek die belangrikheid van die buitelandse sektor in die sirkulêre vloei-model met verwysing na Suid-Afrika. (16)

**[50]**

## VRAAG 3 MIKRO-EKONOMIE

3.1 Beantwoord die onderstaande vrae:

Verskaf die ontbrekende woord(e). Skryf slegs die ontbrekende woord(e) langs die nommer van die vraag in jou antwoordboek.

3.1.1 ... is die bedrag waarmee die totale gebruikswaarde verander wanneer 'n bykomende eenheid van 'n produk of diens verbruik word.

3.1.2 Die totale kombinasies van twee goedere wat 'n verbruiker kan bekostig om te koop met sy/haar inkomste, is bekend as die ...

3.1.3 Die regering se geldelike bystand tot 'n produk of diens is bekend as ...


3.1.4 Die punt wanneer die hoeveelheid van die vraag ooreenstem met die hoeveelheid van die voorraad is bekend as ...

(4x2) (8)

# Finale Eksamen

3.2 Noem drie faktore wat die aanbod van goedere beïnvloed. (3 x 2) (6)

3.3 Bestudeer die onderstaande grafieke en beantwoord die daaropvolgende vrae.



3.3.1 Noem die naam van hierdie soort grafieke en sê wat hulle aandui. (4)

3.3.2 Sê wat in grafiek A gebeur het en verskaf DRIE redes waarom dit kon gebeur het. (8)

3.3.3 Grafiek B dui ekonomiese groei aan. Waar/Onwaar? (2)

3.3.4 Verduidelik wat met die kurwe CD in grafiek A sou gebeur het indien 'n meer doeltreffende metode vir die vervaardiging van brood ontwikkel sou word. (6)

3.4 Verskaf 'n grafiek met duidelike byskrifte en verduidelik hoe pryse in 'n volmaakte mark vasgestel word. (16)

**[50]**

## VRAAG 4 EKONOMIESE STUDIES

4.1 Beantwoord die onderstaande vrae. Gee die ontbrekende woord(e). Skryf slegs die ontbrekende woord(e) regoor die nommer van die vraag in jou antwoordboek neer.

4.1.1 Mense handhaaf 'n hoër lewenspeil in ... ekonomieë.

4.1.2 Die huidige tendens van wêreldwye, ekonomiese interaksie is bekend as ...

4.1.3 Die konsentrasie van groot getalle van 'n land se bevolking en nywerhede in bepaalde gebiede is bekend as ...

4.1.4 Ponde, sjielings en pennies is nie meer vorms van ... in Suid-Afrika nie ... (4x2) (8)

# Finale Eksamen

- 4.2 Noem enige DRIE gevolge van ekonomiese ontwikkeling. (3x2) (6)
- 4.3 Watter stadium van ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika word in die bogenoemde uittreksel aangedui? (2)
- 4.4.1 Noem enige TWEE groepe mense wat in die eerste stadium van ontwikkeling in Suid-Afrika gewoon het. (4)
- 4.4.2 Noem TWEE soorte inheemse boerdery in die eerste stadium van ekonomiese ontwikkeling. (4)
- 4.4.3 Noem DRIE faktore wat bygedra het tot ekonomiese groei in die vroeë jare 1800. (6)
- 4.4.4 Noem TWEE ekonomiese gevolge van die ontwikkeling van die landbou en die mynwyse in die negentiende eeu. (4)
- 4.5 Verduidelik hoekom die ontdekking van diamante so belangrik was vir Suid-Afrika. (16)

**[50]**

## VRAAG 5: HEDENDAAGSE EKONOMIESE KWESSIES

- 5.1 Vul die ontbrekende woord(e) in. Skryf slegs die ontbrekende woord(e) regoor die nommer van die vraag in jou antwoordboek.
- 5.1.1 Wanneer mense minder ure werk as wat hulle graag sou wou, staan dit bekend as ...
- 5.1.2 Die deel van die bevolking wat wil en kan werk, is bekend as die ... van die bevolking.
- 5.1.3 'n Raad wat probeer om gedinge tussen werkgewers en werknemers te skik, staan bekend as ...
- 5.1.4 Die verhouding tussen ware uitsette en die hoeveelheid insette wat nodig is vir die lewering van sodanige uitsette staan bekend as ... (4x2)(8)
- 5.2 Noem enige DRIE faktore wat 'n afname in vraag veroorsaak. (3x2)(6)
- 5.3 Wat word bedoel met die term “ekonomies gemarginaliseerde groepe”? (6)
- 5.4 Verduidelik die verskil tussen vrywillige en onwillekeurige werkloosheid. (4)
- 5.5.1 Noem enige ENKELE regeringsprogram wat daarop gemik is om werkskepping te bevorder. (2)

# Finale Eksamen

- 5.5.2 Noem DRIE maatskaplike, politieke of ekonomiese gevolge van werkloosheid in Suid-Afrika. (6)
- 5.5.3 Verduidelik die term “wrywingswerkloosheid”. (4)
- 5.6 Bespreek die faktore wat die aanbod van arbeid in Suid-Afrika bepaal. (16)

**[50]**

---

## VRAAG 6: MAKRO-EKONOMIE EN AKTUELE KWESSIES

- 6.1 Gee toepaslike antwoorde op die onderstaande vrae.  
Vul die ontbrekende woord(e) in. Skryf slegs die ontbrekende woord(e) langs die nommer van die vraag in jou antwoordboek.
- 6.1.1 Die versekeringskema wat tydelike inkomste verskaf aan mense met vorige werkonder-  
vinding wat hul werk verloor het, is bekend as ...
- 6.1.2 Die prys van arbeid op die arbeidsmark is ...
- 6.1.3 Die wet wat werktoestande reguleer, is bekend as ...
- 6.1.4 'n Mark waarin daar slegs een verskaffer is, is bekend as 'n ... (4x2)(8)
- 6.2 Noem DRIE verskillende ekonomiese stelsels. (3x2)(6)
- 6.3 Noem EEN manier waarop mikro-uitleners bydra tot ekonomiese groei, asook  
EEN negatiewe aspek van mikro-uitleners. (4)
- 6.4 Verduidelik die hoof funksies van die Suid-Afrikaanse Reserwebank. (16)
- 6.5 Gee enige VYF redes waarom die regering inmeng in die ekonomie. (10)

# Finale Eksamen

## **AFDELING C Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.**

### **VRAAG 7**

Skryf 'n opstel waarin die werking en gevolge van die ekonomiese siklus in 'n oop ekonomie verduidelik word. Gebruik diagramme waar toepaslik.

**[50]**

---

### **VRAAG 8**

Ekonomieë funksioneer deur 'n verskeidenheid van markte. Skryf 'n opstel waarin die verskillende soorte markte verduidelik word en verwys spesifiek na monopolieë en hul invloed op die Suid-Afrikaanse ekonomie.

**[50]**

---

### **VRAAG 9**

Skryf 'n opstel ter verduideliking van die maatreëls wat die regering getref het om die heropbou van die Suid-Afrikaanse ekonomie te bevorder.

**[50]**

---

### **VRAAG 10**

Die demografiese siklus in Suid-Afrika stel spesifieke uitdagings. Skryf 'n opstel ter verduideliking van die demografiese siklus en die faktore wat bevolkingsgroei beïnvloed.

**[50]**

---

# Antwoorde

## VRAAG 1 ANTWOORBLAD. MERK DIE KORREKTE ANTWOORD MET 'N "X".

Vraag 1	A	B	C	D
1.1		X		
1.2				X
1.3		X		
1.4	X			
1.5				X
1.6	X			
1.7	X			
1.8			X	
1.9	X			
1.10		X		
1.11			X	
1.12				x

[24]

1.2

- 1.2.1 Waar
- 1.2.2 Vals
- 1.2.3 Waar
- 1.2.4 Vals
- 1.2.5 Waar

[10]

1.3

- 1.3.1 H
- 1.3.2 J
- 1.3.3 G
- 1.3.4 C
- 1.3.5 I
- 1.3.6 D
- 1.3.7 B
- 1.3.8 F

[16]

**[50]**

## VRAAG 2

2.1

- 2.1.1 Gemeng
- 2.1.2 Makro
- 2.1.3 Inspuiting
- 2.1.4 R500

(6)



# Antwoorde

- 2.1.5 **Primêre sektor:** Voorbeelde: boerdery, mynbou, olie-ontginning, bosbou en vissery.  
**Sekondêre sektor:** Voorbeelde: elektrisiteit, konstruksie en vervaardiging.  
**Tersiêre sektor:** Groothandel, kleinhandel, spyseniering, vervoer, kommunikasie, finale dienste en versekering. (6)
- 2.2.1
- (a) A –B Voorspoed
  - (b) B –C Resessie
  - (c) C –D Depressie
  - (d) D –E Herstel
  - (e) D Inkrimping (10)
- 2.2.2 Die handelsiklus. (2)
- 2.2.3 Spaargeld is geld wat by banke en finansiële instellings belê word.  
Belastinge word deur die regering geïm op inkomste verdien.  
Invoeruitgawes word betaal aan buitelandse ondernemings vir ingevoerde goedere en dienste. (enige 2x4 =8)
- 2.3 Suid-Afrika het 'n oop ekonomie; ons dryf handel met ander lande.  
Geld gaan uit die land uit wanneer ons goedere oorsê koop (invoere).  
Geld kom die land binne wanneer ander lande ons goedere en dienste koop (uitvoere).  
'n Ekonomie wat geen buitelandse handel het nie, staan bekend as 'n geslote ekonomie;  
'n ekonomie wat wel buitelandse handel het, staan bekend as 'n oop ekonomie. (8x2)(16)

[50]

## VRAAG 3 MIKRO-EKONOMIE

- 3.1
- 3.1.1 Marginale nut
  - 3.1.2 Indifferensiekromme
  - 3.1.3 Subsidie
  - 3.1.4 Punt van ewewig (8)
- 3.2 Die prys wat verbruikers bereid is om te betaal  
Die prys wat verbruikers bereid is om te betaal vir ander goedere  
Die vervaardigingskoste  
Tegnologie  
Die aantal verkopers  
Verskaffers se verwagtinge  
Klimaatstoestande (enige 3 vir 2 punte = 6)

# Antwoorde

3.3


3.3.1 Die vervaardiging-moontlikheidskurwe toon watter kombinasie van twee verskillende goedere vervaardig sou kon word met die beskikbare, beperkte voorraad van produksiefaktore. 2x2(4)

3.3.2 Verhoging in die hoeveelheid vervaardigde botter en brood  
 Verorsaak deur: Verbetering in die produksietegniek  
 Tegnologiese vorderings  
 Verbeterde motivering van werknemers. 4x2(8)

3.3.3 Vals.

3.3.4 Die kurwe sal opskuif op die vertikale as; dit sal nie verander op die horisontale as nie. Dit is omdat meer brood nou geproduseer sal word, maar niks het die hoeveelheid botter wat geproduseer kan word, verander nie. (6)

3.4 Vraag en aanbod is twee verskillende kragte wat die markprys beïnvloed. Die prysvlak waar die kurwes van vraag en aanbod mekaar sny, is bekend as die ewewigsprys.



Punt E is die punt van ewewig waar die hoeveelheid waarvoor 'n aanvraag is, ooreenstem met die hoeveelheid wat verskaf is en waar daar geen kragte ter verandering van die prys is nie. OP is die ewewigsprys en OQ is die ewewigshoeveelheid.

Dus is daar by punt E nie 'n oorskot van óf tekort aan goedere nie.

Teen enige hoër prys as hierdie, sal daar kragte wees ter verlaging van die prys.

Teen enige laer prys as hierdie, sal daar kragte wees ter verhoging hiervan.

Hierdie ewewigsprys is bekend as die markprys.

'n Markoorskot kom voor wanneer daar 'n ooraanbod van goedere in die mark is.

In die boonste voorstelling word dit aangedui by f en die oorskot is Q<sub>1</sub> tot Q<sub>2</sub>.

Vervaardigers sal die prys verlaag om al die beskikbare goedere te verkoop.

'n Marktekort kom voor wanneer die aanvraag na goedere die beskikbare hoeveelheid oorskry.

In die boonste voorstelling word dit aangedui deur bc en die tekort is Q<sub>3</sub> tot Q<sub>4</sub>.

Verbruikers sal bereid wees om meer te betaal en verskaffers sal die voorraad verhoog namate die prys verhoog totdat 'n ewewig weer eens bereik word. (Maks. [16])

**[50]**

# Antwoorde

## VRAAG 4 EKONOMIESE STUDIES

4.1

- 4.1.1 Ontwikkelde
- 4.1.2 Globalisering
- 4.1.3 Verstedeliking
- 4.1.4 Wettige betaalmiddel (8)

4.2 Die ontwikkeling van 'n markeconomie  
Toenemende ontwikkeling van vervoer  
Ontwikkeling van kommunikasie  
Verstedeliking  
Skepping van meer werkgeleenthede

3x2(6)

4.3 Kolonisasie

(2)

4.4.1 Khoi-Khoi en San

2x2(4)

4.4.2 Jag op diere en bymekaarmaak van kos

2 2(4)

4.4.3 Die groei van skeepvaart  
Die ontwikkeling van handel  
Die ontwikkeling van 'n infrastruktuur

3x2(6)

4.4.4 Die ontwikkeling van markte, vervoer en kommunikasie.

(2x2)(4)

4.5 Derduisende mense het na Suid-Afrika geïmmigreer uit talle wêrelddele. Hierdie immigrante was opgeleide vakmanne, mynwerkers, skrynwerkers en ander geskooldes. Daar was 'n invloed van kapitaal in die vorm van geld, asook mynbou- en vervoertoerusting. Spoorweë het ontwikkel om mense, masjinerie en goedere na en van die myne te vervoer. Dit het voordele ingehou vir mynmaatskappye en boere. Die aanvraag na landbouprodukte het toegeneem. Kommunikasiesistelsels het ontwikkel. Die uitvinding van die telegraaf en telegramme, en die ontwikkeling van die posstelsel, het kontak tussen die mense in Suid-Afrika en die buitewêreld bespoedig. Die toenemende indiensneming van mense in die diamantmyne het gelei tot die ontstaan van die trekarbeiderstelsel. (Maks. [16])

**[50]**

## VRAAG 5: HEDENDAAGSE EKONOMIESE KWESSIES

5.1

- 5.1.1 Onderindiensneming
- 5.1.2 Ekonomies aktief
- 5.1.3 KVBA (Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie)
- 5.1.4 Produktiwiteit (4x2)(8)

# Antwoorde

- 5.2 'n Daling in die vlak van verbruikersinkomste  
'n Daling in die prys van vervangingsgoedere  
'n Toename in die prys van komplementêre goedere  
'n Afname in die grootte van die bevolking  
'n Dalende behoefte onder verbruikers, onder meer weens advertering, mode, verbruikersmake en -voorkeure, asook klimaatstoestande of bewustheid van gesondheidskwessies enige 3x2(6)
- 5.3 Ekonomies-gemarginaliseerde groepe is mense wat dit moeilik vind om toegang tot indiensneming te verkry en wat ekonomies benadeel word.  
Indien hulle wel die een of ander werk het, word hul posisie heel eerste geraak wanneer daar 'n sikliese afswaai plaasvind.  
Voorbeelde van ekonomies-gemarginaliseerde groepe is mense in landelike omgewings, vroue, ouer mense en skoolverlaters.  
In internasionale konteks is vlugtelinge ook een van die grootste gemarginaliseerde groepe. enige 3x2(6)
- 5.4 Vrywillige werkloosheid het te make met mense wat verkies om nie die arbeidsmark te betree nie, soos afgetrede mense. Onwillekeurige werkloosheid het te make met mense wat graag die arbeidsmark wil betree, maar nie werk kan kry nie. (4)
- 5.5.1 Die Beleid vir Groei, Indiensneming en Herverdeling (GEAR)  
Die Inisiatief vir Versnelde en Gedeelde Groei in Suid-Afrika (AsgiSA)  
Die Gesamentlike Inisiatief vir die Verkryging van Voorkeurvaardighede (JIPSA) (enige 1)(2)
- 5.5.2 Armoede, maatskaplike probleme en stygende koste vir belastingbetalers (3x2) (6)
- 5.5.3 Wrywingswerkloosheid kom voor wanneer 'n persoon tussen twee verskillende betrekkings beweeg, of vir die eerste keer werk soek (soos 'n skoolverlater of student wat pas afgestudeer het). Dit duur vir 'n kort tydjie. (enige 2x2)(4)
- 5.6 Die aanbod van arbeid word beïnvloed deur:  
Die bevolkingsaanwas; die arbeidsmag in Suid-Afrika is gelyk aan sowat een derde van die totale bevolking.  
Die groeiakoers van die arbeidsmark stem min of meer ooreen met dié van die bevolking.  
Die koers van deelname deur die arbeidsmag – dit is die mate waarin die arbeidsmag hom vir indiensneming beskikbaar maak – word uitgedruk in die koers vir arbeidsmagdeelname (KAD).  
Die aantal vroue wat hulle vergewis het van indiensnemingsmoontlikhede, het betekenisvol toegeneem.  
Vaardighede en ander bevoegdhede; dit kan wees dat werkers in die arbeidsmark nie beskik oor die vaardighede en bevoegdhede wat in die heersende ekonomie benodig word nie.  
Migrasie; die beweging van werkers van streek tot streek, of land na land, is 'n belangrike oorsaak van die verandering in die aanbod van arbeid. enige 8x2 [16]

**[50]**

---

## VRAAG 6: MAKRO-EKONOMIE EN HEDENDAAGSE KWESSIESCONTEMPORARY

# Antwoorde

- 6.1
- 6.1.1 Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF)
  - 6.1.2 Lone
  - 6.1.3 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes
  - 6.1.4 Monopolie (8)
- 6.2 Tradisioneel, Bevel, Mark (6)
- 6.3 Mikro-uitleners maak geld beskikbaar aan mense wat nie lenings kan kry deur die gewone kanale (finansiële instellings) nie. Tog hef hulle soms buitensporige rente. (4)
- 6.4 Die Suid-Afrikaanse Reserwebank – reik papiergeld uit  
bewaar die goudreserwes van privaatbanke  
is die kurator van die land se kontant-, goud- en buitelandse reserwes  
is die staat se bankier  
speel 'n belangrike rol in die ekonomie deur die vlakke van krediet, geldvoorraad en rentekoerse te beheer  
dien as “waghond” van die kommersiële banke  
handhaaf die waarde van die rand teenoor ander geldeenhede.  
Die Goewerneur van die Reserwebank werk in oorleg met die Minister van Finansies. (8x2) 16
- 6.5 Om te beskerm teen ondoeltreffendhede soos monopolieë.  
Ongelyke geleenthede.  
Om maatskaplike welsyndienste te verskaf, soos gesondheid en onderwys.  
Om te beskerm teen onbillike prysvasstelling.  
Om die billike behandeling van werknemers te bevorder en uitbuiting te verhinder, word minimum-lone en maksimum-werkure neergelê.  
Om strategiese ondernemings te beheer, byvoorbeeld die opwekking van elektrisiteit en die verskaffing van water. (5x2)(10)

**[50]**

## VRAAG 7

### INLEIDING

Ekonomieë is ingewikkelde stelsels en daar is heelparty uiteenlopende kragte wat die ekonomiese lewe van 'n land beïnvloed.

In die sirkulêre vloei van die ekonomie is daar 'n wisselwerking tussen verskillende deelnemers.

Hul gedrag beïnvloed dit wat die ekonomiese stelsel oplewer.

(Maks. 3)

### LIGGAAM

Huishoudings:

Huishoudings is 'n belangrike besluitnemingseenheid in die ekonomie, met maksimum-bevrediging as hoofdoelmerk. Deur verbruik en besteding probeer hulle die maksimum-gebruikswaarde verkry.

Huishoudings bepaal produksie omdat hul aanvraag afhang van hul inkomste.

Huishoudings is die grootste setels van produksiefaktore. Hulle verkoop produksiefaktore (arbeid) aan ondernemings vir aanwending in die vervaardiging van goedere en lewering van dienste. In ruil

# Antwoorde


hiervoor ontvang hulle 'n inkomste in die vorm van salarisse/lone vir arbeid, rente op kapitaal, rente op natuurlike hulpbronne en winste uit ondernemershandelinge.

Huishoudings gebruik hul inkomste om goedere en dienste op die goederemark te koop en so hul behoeftes te bevredig.

Huishoudelike verbruik, wat duursame, semi-duursame, en nie-duursame goedere en dienste insluit, is 'n belangrike komponent in die totale besteding van 'n land.

(Maks. 10)

VOORBEELD VAN 'N EENVOUDIGE EKONOMIE:



(Maks. 6 punte vir 'n skematiese voorstelling)

## Die sakesektor

Ondernemings is verantwoordelik vir die produksie van goedere en dienste. Hulle koop produksiefaktore van huishoudings op die faktoremark, en betaal huishoudings 'n inkomste daarvoor.

Ondernemings produseer goedere en dienste, en verskaf aan huishoudings deur die goederemark.

Die bostaande weergawe van 'n sikulêre vloei: die binnevloei toon die vloei van betalings en die buitenvloei dié van ware hulpbronne (produksiefaktore en goedere en dienste).

(Maks.8)

## Die regering

Die regering het verskillende vlakke en talle funksionerende departemente. Hoewel dit sy hoof funksie is om 'n stabiele omgewing te verseker, koop die regering ook produksiefaktore van huishoudings op die faktoremark, en goedere en dienste van ondernemings op die goederemark.

Die regering verskaf goedere soos onderwys en gesondheidsdienste aan huishoudings en ondernemings. Dit staan bekend as inspuitings.

Die regering finansier sy voorraad goedere en dienste met geld wat geïen is deur belastinge op huishoudelike inkomste en besteding. Dit staan bekend as lekkasies.

(Maks. 8)

## Buitelandse sektor

In 'n ope ekonomie is daar 'n wisselwerking tussen lande. Hierdie vloei van goedere en dienste tussen

# Antwoorde

lande maak die internasionale handel uit. Daar is ook 'n vloeï van tegnologie en inligting, asook 'n beweging van mense.

Suid-Afrika het 'n oop ekonomie en verkoop goedere en dienste, soos goud, aan ander lande. Dit word uitvoere genoem.

Ons koop ook goedere en dienste van ander lande waarvoor ons moet betaal. Dit staan bekend as invoere.

Uitvoere en invoere is ook inspuittings en lekkasies in die sirkulêre vloeï. (Maks. 6)

## Finansiële sektor

Dit behels instellings soos banke, versekeringsmaatskappye, en die JEB.

Hulle is nie regstreeks betrokke by die produksie van goedere nie, maar wys in die ekonomie geld van eenhede met 'n oorskot toe aan dié met 'n tekort.

Die rol van die finansiële sektor is om spaargeld (lekkasies) te neem en dit, in die vorm van lenings (inspuittings) weer in die ekonomie in te spuit. (Maks. 6)

## SAMEVATTING

Die sirkulêre vloeïmodel wys hoe die verskillende deelnemers (huishoudings, sakesektor, die regering, die buitelandse sektor en die finansiële sektor) in die ekonomie met mekaar in wisselwerking verkeer.

Dit wys hoe hul gedrag die vloeï van inkomste, besteding en produksie in die ekonomie bepaal. (3)

[50]

## VRAAG 8

### Inleiding

Markte is die interaksie tussen kopers en verkopers, en kan omskryf word as al die kopers en verkopers wat die prys van 'n bepaalde produk of diens beïnvloed. Sommige markte kom voor op 'n bepaalde plek, en ander nie. Markte kan verskillende vorms aanneem, soos volmaakte en onvolmaakte markte.

(Maks. 3)

### Kenmerke van 'n mark

Die VIER belangrikste kenmerke vir die identifisering van markte is:

#### Die aantal produkte

In sommige markte is daar 'n enkele, groot verskaffer van produkte en dienste, soos Eskom of Telkom. Dit staan bekend as 'n monopolie. In sommige markte is daar slegs enkele verskaffers van goedere en dienste, soos Vodacom, MTN en Cell C. Dit staan bekend as 'n oligopolie. In sommige markte is daar 'n groot aantal verskaffers van goedere en dienste. Dit staan bekend as volmaakte mededinging, byvoorbeeld die vervaardigers van seep of geblikte vrugte.

(Maks. 7)

#### Aard van die produkte

Die aard van die produk in 'n monopolie is uniek en dit word in groot hoeveelhede verskaf, soos in die geval van elektrisiteit.

In die geval van volmaakte mededinging is die goedere homogeen, en is dit maklik om te produseer en mee te ding om verkope, soos in die geval van tandepasta of brood.

(Maks. 6)

#### Versperrings op toetrede

By sowel 'n monopolie as 'n oligopolie is daar versperrings op toetrede tot die mark en die verskaffing

# Antwoorde

van goedere en dienste, byvoorbeeld selfone. In 'n volmaakte mark is dit maklik vir vervaardigers om tot die mark toe te tree en goedere en dienste te verskaf, byvoorbeeld in die geval van supermarkte en meubels. (Maks. 6)

## **Beskikbaarheid van inligting**

In die geval van volmaakte medediging is daar omvattende inligting oor marktoestande, byvoorbeeld die JEB.

In die geval van onvolmaakte markte, byvoorbeeld die staalnywerheid, moet produsente en verbruikers besluite neem op grond van onvolledige inligting. (Maks. 6)

## **Volmaakte markte**

'n Volmaakte mark is een waarin geen verskaffer die prys van 'n produk kan manipuleer nie. In 'n volmaakte mark is verskaffers die ontvangers van pryse. (Maks. 2)

## **Toestande van volmaakte markte**

Daar behoort groot getalle kopers vir en verkopers van 'n produk te wees. Verkopers behoort onafhanklik op te tree.

Die produkte wat verkoop word behoort homogeen te wees.

Daar behoort geen hindernis vir toegang tot die markte te wees nie.

Kopers en verkopers behoort onbelemmerde kennis van die marktoestande te hê.

Ondernemings is prysontvangers.

Daar is geen staatsinmenging wat kopers en verkopers beïnvloed nie.

Alle produksiefaktore behoort heeltemal vloeibaar te wees. (Maks. 10)

## **Onvolmaakte markte**

Monopolie en oligopolie is voorbeelde van onvolmaakte markte.

Monopolistiese verskaffers het volkome beheer oor die pryse wat hulle vra. Hulle word prysvasstellers genoem. (Maks. 2)

## **Toestande van onvolmaakte markte**

Daar is slegs een groot verskaffer van goedere en dienste.

Die goedere wat verskaf word, is uniek en daar is geen soortgelyke plaasvervangers nie.

Toegang tot die mark is beperk sodat nuwe verskaffers nie tot die mark kan toetree nie.

Vervaardigers en verbruikers het gebrekkige kennis van marktoestande. (Maks. 6)

## **SAMEVATTING**

Markte speel 'n baie belangrike rol in moderne ekonomieë. (2)

**[50]**

## **VRAAG 9**

Die Suid-Afrikaanse regering het sedert 1994 talle programme in werking gestel ter oorbrugging van die



# Antwoorde

ekonomiese en maatskaplike probleme wat hy van die vorige apartheidsregering geërf het. Armoede, gebrekkige onderwys en werkloosheid is ons grootste vraagstukke. (Maks. 3)

## **Ekonomiese rekonstruksie**

GEAR: Dit was een van die belangrikste programme en die doelwitte was onder meer nasiebou, demokratisering, ekonomiese heropbou en die vervulling van basiese behoeftes. Aangesien Gear nie voldoende ekonomiese groei en werkgeleenthede bewerkstellig het nie, het die regering dit in 2005 vervang met die Inisiatief vir Versnelde en Gedeelde Groei (AsgiSA). (Maks. 6)

## **Mensekapitaal**

Die regering het die volgende terreine as belangrik uitgesonder vir die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse burgers sodat hulle 'n produktiewe rol kan speel in die ekonomie:

### **Onderwys**

Dit word gratis verskaf en die nuwe CAPS-kurrikulum sal teen 2014 ten volle in werking gestel wees. Die fokus is op verhoogde geletterdheid, 'n verbeterde matriek-slaagsyfer, en die verskaffing van onderwys vir volwassenes.

### **Opleiding**

Die gebrek aan opleiding in die regte vaardighede dra by tot die hoë werkloosheidsyfer in Suid-Afrika. Wette wat gemik is op die skepping van opleidingsgeleenthede vir mense wat vroeër daarvan uitgesluit is, sluit in:

Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 58 van 1995

Suid-Afrikaanse Skolewet, 64 van 1996

Wet op die Ontwikkeling van Vaardighede, 97 van 1998

Wet op Gelyke Indiensneming, 55 van 1998

Wet op Vaardigheidsontwikkelingsheffings, 9 van 1999.

Die Strategie vir die Ontwikkeling van Menslike Hulpbronne (SOMH-strategie) van 2001 is daarop gemik om die potensiaal van alle mense in Suid-Afrika te verbeter, en die Wet op Vaardigheidsontwikkeling en Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerhede (Engels: SETAs) om te verseker dat alle werkers in alle sektore die opleiding het nodig is om hul werk te kan doen. (Maks. 8)

## **Natuurlike hulpbronne**

Suid-Afrika het baie natuurlike hulpbronne wat versigtig bestuur moet word sodat die hele bevolking daarby kan baat vind. Die regering het sedert 1994 begin met grondhervorming en is besig met die hertoewysing van grond op sterkte van grondeise. Suid-Afrika is een van die wêreld se grootste verskaffers van goud en platinum, asook een van die leidende verskaffers van basismetale (metale anders as goud en platinum) en steenkool.

Die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne, 28 van 2002, reguleer die eienaarskap, ontginning, gebruik en prosessering van Suid-Afrika se minerale. Die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne van 1998 is gemik op die opheffing van gemeenskappe aan die kus deur aan hulle groter toegang tot mariene hulpbronne te gee. Die Nasionale Bosbouwet van 1998 is gemik op die beskerming van die omgewing en moet verseker dat ons plantasies behoorlik bestuur en ontwikkel word. (Maks. 6)

**Infrastruktuur** : Die verskaffing van elektrisiteit, sanitasie en water aan alle Suid-Afrikaners, veral dié in die landelike gebiede, is prioriteite. (Maks. 6)

# Antwoorde

**Kapitaal :** Klein, mikro- en mediumgrootte ondernemings is belangrik in Suid-Afrika omdat hulle meer Suid-Afrikaners in diens het as groot maatskappye. Sakevennote belê kapitaal, vaardighede en kennis in nuwe of groeiende Klein-, Medium en Mikro-ondernemings (KMMO's). Die Nasionale Bemagtigingsfonds (NBF) is gemik op die regstelling van diskriminasie teenoor histories-benadeelde individue. Die NBF bemark beleggingseenhede in 'n trust wat aandele hou in ondernemings wat deur die staat besit word. Slegs voorheen-benadeelde groepe kan deelneem aan hierdie skema. Eccles Associates (EA) is 'n korporatiewe finansiële en finansiële adviseringsonderneming. (Maks. 6)

**Ondernemerskap:** Ondernemers is nodig vir die ontwikkeling en vestiging van meer sakeondernemings en die skepping van werkgeleenthede. KMMO's bied werkgeleenthede aan meer as die helfte van al die mense wat in die formele sektor werksaam is. KMMO's ontvang hulp van staatsdepartemente en ander instellings soos Ntsika Enterprise Promotion Agency (Ntsika) en Khula Enterprise Finance (Khula Ltd.) (Maks. 6)

**Arbeidswetgewing :** Die regering het wette aanvaar ter regulering van die werkplek en ter beskerming van werkgewers en werknemers. Die belangrikste hiervan is die Wet op Arbeidsverhoudinge, 66 van 1995, en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 79 van 1997. Die regering het geprobeer om werknemers se behoefte aan beskerming en verbeterde werkomstandighede in balans te bring met werkgewers se behoefte aan buigsaamheid en voorwaardes wat produktiwiteit en werkskepping sal bevorder. (Maks. 6)

## Samevatting

Die uitdagings wat die Suid-Afrikaanse regering in die gesig staar, is groot. Heelparty wette en beleidsrigtings is sedert 1994 aanvaar om die land te help om ekonomiese groei te verseker wat vir al die landsburgers tot voordeel sal wees. (Maks. 3)

[50]

## VRAAG 10

### INLEIDING:

Die demografiese siklus toon die geskiedenis van bevolkingsgroei. In alle lande is daar 'n natuurlike progressie en die siklus toon die veranderinge wat met verloop van tyd in natuurlike aanwas voorkom. (Maks. 3)

**Die siklus bestaan uit vyf onderskeibare fases:** (4 punte vir byskrifte vir die 5 fases)

### Fase 1

In hierdie fase is daar geen geboortebepערking nie, en die aanwaskoers is baie hoog. Gemeenskappe is arm en daar is 'n gebrek aan mediese geriewe en mediese sorg. Om hierdie rede is die sterftesyfer ook hoog en die gemiddelde ouderdom van die bevolking is laag. Die natuurlike aanwaskoers in hierdie fase is laag. (Maks. 8)

### Fase 2

In hierdie fase word geboortebepערking en gesinsbeplanning nie toegepas nie en die aanwaskoers

# Antwoorde

bly hoog. Aangesien lewensomstandighede egter verbeter, is daar 'n afname in die sterftekoers van moeders en babas, en mense leef langer. Die natuurlike aanwaskoers is hoër as in die eerste fase van die siklus. Die gemiddelde ouderdom van die bevolking begin styg. (Maks. 8)

## **Fase 3**

Hierdie fase kan in twee verdeel word. In die eerste verhoog die inkomste en lewenspeil van 'n groot deel van die bevolking. Dit lei tot maatskaplike ontwikkeling en hoër verwagtings. Die aanvaarding van nuwe gesinswaardes het 'n afname in geboortes tot gevolg. 'n Afname in sterftes kom ook voor en dit bring mee dat die natuurlike aanwaskoers hoog is.

In die tweede deel van hierdie fase neem die aanwaskoers vinniger af as die sterftekoers, en die natuurlike groeiakoers begin afnee. (Maks. 8)

## **Fase 4**

In hierdie fase neem die aanwaskoers vinnig af. Mense besef dat hul lewenspeil aansienlik hoër kan wees indien hulle minder kinders het. Gesinsbeplanning word in die algemeen deur meer gesinne toegepas en die natuurlike aanwaskoers neem af.

Mediese sorg en dienste word bekostigbaar en die sterftesyfer neem af.

Bruinmense in Suid-Afrika verkeer in die eerste deel van hierdie fase.

Die Indiër-gemeenskap verkeer al verskeie jare in hierdie fase.

Die sterftesyfer is die laagste by al die bevolkingsgroepe, maar die die aanwaskoers het nie genoeg afgeneem by alle bevolkingsgroepe om hulle in die vyfde fase van die siklus te plaas nie. (Maks. 8)

## **Fase 5**

In die laaste fase is die natuurlike aanwaskoers laag en dit plat af. Geboorte- en sterftekoerse is laag.

Die gemiddelde ouderdom van die bevolking verhoog, en dit staan bekend as ou bevolkings.

Blankes in Suid-Afrika verkeer in die beginstadium van hierdie fase, maar sowel geboorte- en sterftekoerse is steeds hoog, vergeleke met dié in sommige Europese lande. Baie Europese lande se bevolkings neem af. (Maks. 8)

## **SAMEVATTING:**

Die natuurlike groeiakoers van 'n bevolking neem gewoonlik af namate die lewenspeil van die bevolking styg, maar terselfdertyd kan mense se lewenspeil slegs verbeter word indien die natuurlike toename van 'n bevolking beperk word. (Maks. 3)

**[50]**

# Woordelys

**aanbodkurwe** Grafiek wat die aanbod van 'n produk teen verskillende pryse aantoon.

**absolute armoede** Mense wat in absolute armoede leef, is so arm dat hulle nie hul mees basiese lewensbenodigdhede kan koop nie.

**amplitude** Die vertikale afstand tussen die top van die tendenslyn en die trog.

**arbeidsintensiewe metodes** Metodes waarby baie werkers gebruik word eerder as masjinerie.

**arbeidsmag** Mense van die ekonomies aktiewe bevolking wat werk.

**arbeidsomset** Die koers waarteen personeel 'n onderneming verlaat en vervang moet word.

**basiese inkomstetoelaag** 'n Klein bedrag wat die staat maandeliks aan armes betaal sodat hulle kos en ander basiese noodsaaklikhede kan koop.

**bates** Dinge wat 'n mens besit, soos grond, 'n huis, voertuie, of beleggings by 'n bank.

**bedinging** Die onderhandelinge wat tussen 'n koper en verkoper plaasvind.

**belastingbasis** Die individue en ondernemings in 'n land wat op 'n gereelde grondslag belasting betaal.

**belastings** Die geld wat alle burgers en ondernemings aan die staat moet betaal om regeringsfunksies te finansier.

**bestaansboerdery** Boerderybedrywighede ter vervulling van die behoeftes van die boerse huishouding, nie om goedere te verkoop nie.

**besteembare inkomste** Die bedrag geld wat 'n werknemer oorhou nadat belastings betaal is.

**billikheid** Gelykheid, die behandeling van alle mense op dieselfde manier.

**bloeytyd** 'n Fase waarin daar toenemende ekonomiese aktiwiteit is en waarin die lewenspeil van mense behoort te verhoog.

**buitelandse sektor** Alle internasionale handel en betalings vir in- en uitvoere.

**demografiese siklus** Die vyf stadiums in die ontwikkeling van 'n land se bevolking.

**depositofasiliteite** Die vermoë van 'n bank om geld te ontvang en veilig vir kliënte te bewaar.

**depressie** 'n Lang en ernstige vorm van resessie, wat drie kwartale of langer duur, en met baie lae of negatiewe ekonomiese groei.

**ekonomies aktiewe bevolking** Mense van werksouderdom en wat in staat is om te werk.

# Woordelys

**ekonomiese middele** Al die goedere en dienste waarmee menslike behoeftes bevredig kan word.

**eksogene redes** Redes van buite die stelsel.

**endogene redes** Redes van binne 'n stelsel.

**ewewig** 'n Toestand waarin opponerende magte in ewewig verkeer.

**ewewigsprys** Die prys waarteen die hoeveelheid wat in aanvraag is, gelyk is aan die hoeveelheid wat verskaffers bereid is om te verskaf. Teen hierdie prys is die mark in balans of in ewewig.

**ewewigspunt** Die punt waar die voorraadkurwe en die vraagkurwe van 'n produk mekaar sny. Die ewewigspunt toon die ewewigsprys en -hoeveelheid van die produk.

**finansiële instellings** Byvoorbeeld banke en versekeringsmaatskappye.

**gebruikswaarde** Die mate waartoe 'n produk die behoeftes van verbruikers kan vervul.

**geldeenheid** 'n Geldstelsel wat in 'n bepaalde land in algemene gebruik is.

**geleentheidskoste** Die opoffering wat 'n mens maak wanneer jy 'n alternatiewe produk of handeling kies.

**gelyktydige aanwysers** Ekonomiese aanwysers wat voorkom op dieselfde tyd as die verandering in die ekonomie.

**geslote ekonomie** 'n Ekonomie wat geen buitelandse sektor het nie (wat nie van ander lande invoer of na ander lande uitvoer nie, en geen ekonomiese bande met hulle het nie).

**grondwetlike reg** Die reg van elke individu ingevolge die Suid-Afrikaanse Grondwet, wat die grondslag van al die landswette uitmaak.

**herstel** 'n Fase waarin die ekonomie weer begin uitbrei en ekonomiese aktiwiteit begin toeneem.

**hoofaanwysers** Ekonomiese aanwysers wat van rigting verander voordat die ekonomie verander.

**infrastruktuur** Die 'raamwerk' van ondersteuningstrukture en stelsels wat ondernemings nodig het om behoorlik te funksioneer, soos paaie, watertoevoer, kragtoevoer, telekommunikasiedienste, bankdienste en regstelsels.

**inkrimping** 'n Fase in die ekonomie waarin ekonomiese aktiwiteit afneem. Dit sluit sowel resessie en depressie in 'n ekonomiese kringloop in.

**inspuitings in die ekonomiese kringloop** Geld wat die ekonomiese kringloop onder meer in die vorm van beleggings binnekom.

# Woordelys

**kapitaalgoedere** Goedere wat gebruik word om ander goedere te vervaardig, byvoorbeeld masjinerie.

**kapitaalvlug** Beleggers wat geld in die Suid-Afrikaanse ekonomie belê het en wat dan hul geld uit Suid-Afrika onttrek.

**kollateraal** Bates wat gebruik word om die risiko verbonde aan 'n lening by 'n bank te onderskraag.

**kollektiewe bedinging** Onderhandelinge tussen 'n werkgewer en vakbonde wat groot groepe werknemers verteenwoordig.

**kommoditeite** Dinge wat ons koop om te gebruik.

**kontantvloei** Geld afkomstig uit daaglikse, weeklikse of maandelikse inkomste wat gebruik word vir die betaling van lopende koste en algemene aankope.

**kontrasikliese aanwysers** Aanwysers wat in die teenoorgestelde rigting as die ekonomie beweeg. Hulle neem af wanneer die ekonomie versterk en neem toe wanneer dit verswak.

**korporatiewe finansies** Geld wat gebruik word om groot sakeondernemings te bedryf (korporasies).

**kredietfasiliteite** Geld wat banke bereid is om uit te leen.

**krui** Die boonste draaipunt in 'n ekonomiese kringloop, wat die einde van voorspoed beteken.

**KVBA** Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie.

**lekkasies uit die ekonomiese kringloop** Geld wat die ekonomiese kringloop verlaat, soos belastings, beleggings of betalings vir ingevoerde produkte.

**lewensverwagting** Die gemiddelde aantal jare wat 'n persoon in 'n bepaalde land kan verwag om te leef.

**majorifikasie** Meerderheidsregering, met ander woorde regering deur 'n demokraties verkose regering.

**makro-ekonomies** Te make met die ekonomie as geheel.

**mark** Enige plek of omstandigheid waar kopers en verkopers ontmoet om goedere en dienste te koop en te verkoop.

**markeconomie** 'n Ekonomiese stelsel waarin slegs vraag en aanbod die pryse en hoeveelhede van goedere en dienste bepaal.

**meganiseer** Om masjinerie te gebruik om werk te doen wat mense voorheen gedoen het.

**menslike hulpbronne** Al die vaardighede en vermoëns van 'n groep mense.

# Woordelys

**migrasie** Immigrasie, emigrasie en die beweging van mense in 'n land.

**monetêre vloei** Die vloei van geld tussen rolspelers in die ekonomie.

**monopolie** 'n Situasië waarin een verskaffer beheer het oor die mark ten opsigte van 'n bepaalde produk. Die verskaffer kan dus besluit teen watter prys die produk verkoop word.

**nasionaliseer** 'n Proses ingevolge waarvan die regering 'n privaat onderneming oorneem.

**natuurlike groeikoers** Die verskil tussen die aantal geboortes en sterftes per jaar, uitgedruk as 'n persentasie.

**oligopolie** 'n Situasië waarin slegs enkele verskaffers die mark ten opsigte van 'n bepaalde produk domineer.

**onderaanwending** 'n Situasië waar mense werk het, maar nie vir 'n volle dag of volle week nie, of waarin hul vaardighede nie ten volle benut word nie.

**ondoeltreffendheid** 'n Verkwistende manier om iets te doen.

**ongeskoolde werkers** Werkers wat geen vaardighede het nie.

**onvolmaakte mark** Markte waarvoor die toestande vir volmaakte markte nie bestaan nie.

**oop ekonomie** 'n Ekonomie wat handel met ander lande insluit.

**oordragbesteding** Die neem van geld van meer welgestelde mense (d.m.v. belasting) en die oorbetalings daarvan aan armer mense (d.m.v. toelaes).

**opbloei** 'n Tydperk in die ekonomie waartydens ekonomiese aktiwiteit toeneem. Dit sluit sowel herstel as vooruitgang in 'n sakesiklus in.

**openbare sektor** Alle regeringsvlakke (nasionaal, provinsiaal en plaaslik) en instellings wat deur die staat bedryf word.

**privatiseer** 'n Proses waarvolgens die regering die bates en bedryf van 'n staatsonderneming aan beleggers vanuit die privaatsektor verkoop.

**produksiefaktore** Die faktore wat benodig word om goedere of dienste te lewer: grondstowwe, kapitaal, arbeid en ondernemerskap.

**produktiwiteit** Die hoeveelheid van 'n produk wat vervaardig word per eenheid tyd of geld, of per werker.

**produseer** Maak, vervaardig of skep.

**prosikliëse aanwysers** Aanwysers wat in dieselfde rigting as die ekonomie beweeg.



# Woordelys

**prysmeganisme** Die proses waarvolgens die mark die prys van 'n produk regstel totdat die ewewigsprys weer bereik word.

**prysvorming** Die proses waarvolgens vraag en aanbod deur wisselwerking tot balans kom.

**reële vloei** Die beweging van produkte en mense (arbeid) tussen verskillende deelnemers aan die ekonomie.

**resessie** 'n Betekenisvolle afname in ekonomiese aktiwiteit dwarsdeur die ekonomie en wat vir minstens twee kwartale (ses maande) voortduur.

**ruilhandel** 'n Stelsel van uitruiling waarvolgens goedere vir goedere geruil word.

**ruiling** Om met iemand te ruil.

**ruilmiddel** Enigiets wat ander mense sal aanvaar in ruil vir goedere en dienste.

**ruilwaarde** Indien mense iets van jou sal koop, het dit ruilwaarde.

**sanksies** Regerings in talle ander lande het ondernemings en individue binne hul grense verbied om met Suid-Afrika handel te dryf of om in Suid-Afrikaanse ondernemings te investeer.

**selfonderhoudend** Vir jouself en/of jou huishouding sorg ten opsigte van alles wat benodig word.

**siklies** Vind plaas in 'n 'siklus' eerder as voortdurend.

**skaalbesparing** Die maak van groot hoeveelhede van 'n item, wat die eenheidskoste daarvan verminder.

**skaars** Beperkte voorraad vergeleke met vraag.

**sloeraanwysers** Ekonomiese aanwysers wat van rigting verander nadat die ekonomie reeds verander het.

**stagflasie** 'n Styging in pryse tesame met 'n afname in ekonomiese groei. Dit kom voor tydens 'n ekonomiese afswaai.

**subsidieer** Die betaling van geld aan 'n vervaardiger sodat goedere of dienste goedkoper aan verbruikers verkoop kan word.

**surplus** Die situasie waar die vraag na 'n produk minder is as die aanbod sodat daar 'n oorskot of 'ekstra hoeveelheid' van daardie produk is.

**tekort** Die situasie waarin die aanbod van 'n produk minder is as die vraag daarna.

**tendenslyn** 'n Lyn wat die rigting van die ware BBP oor 'n langdurige tydperk aandui.

**totale aanbod** Die totale waarde van die aanbod van goedere en dienste in 'n land.

**totale vraag** Die totale waarde van die vraag na goedere en dienste in 'n land.



# Woordelys

**trog** Die laagste draaipunt in 'n ekonomiese kringloop wat die einde van 'n resessie aandui.

**uitbuiting** Die onbillike behandeling van mense vir eie gewin.

**uitsluiting** 'n Aksie deur 'n werkgewer om werknemers toegang tot die werkplek te belet.

**vakbond** 'n Organisasie wat werknemers tydens onderhandeling verteenwoordig.

**verbruik** Om op te gebruik.

**verbruikersprysindeks** 'n Syfer wat inflasie aandui.

**verstedeliking** 'n Beweging van mense vanaf landelike gebiede na stede.

**voedselsekerheid** 'n Land se vermoë om altyd genoeg voedsel te produseer om sy bevolking te voed.

**volmaakte mark** 'n Mark waarin nie die kopers of die verkopers die prys van produkte kan beïnvloed nie.

**vraagkurwe** 'n Grafiek wat die vraag na 'n produk teen verskillende pryse aandui.

**vryheid van assosiasie** Mense se reg om aan 'n organisasie te behoort.

**waarde (ruilwaarde)** 'n Aanduiding van die vermoë van 'n produk om ander goedere of dienste in ruil daarvoor te eis. Dit is ook die prys van die produk.

**ware BBP** Die bruto binnelandse produk, aangepas om voorsiening te maak vir die uitwerking van inflasie.

**werkgewer** Enige organisasie of persoon wat mense betaal om te werk.

**werkgewersorganisasie** 'n Organisasie wat werkgewers tydens onderhandelinge verteenwoordig.

**werkkapitaal** Geld wat in 'n sakeonderneming bestee word om daardie onderneming te bedryf.

**werkloosheid** 'n Situasie waar mense wil en kan werk, maar nie werk kan kry nie.

**werkloosheidsyfer** Die persentasie mense wat kan en wil werk, maar wat nie werk kan kry nie.

**werknemer** Iemand wat vir 'n loon of salaris werk.

**werksreservering** Die reservering van sekere kategorieë betrekkings vir sekere groepe mense.

**wettige betaalmiddel** Enigiets waarmee 'n mens op wettige wyse vir goedere en dienste mag betaal.

**wisselkoers** Die waarde van een geldeenheid teenoor 'n ander.